DIE BENUTTING VAN GESTALTSPELTERAPIE MET ADOLESSENTE WAT GEDRAGSPROBLEME OPENBAAR

deur

NANETTE VAN DALEN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV C VAN WYK

FEBRUARIE 2009

VIR LUKAS, DANIELLE EN ARNOUX

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat **Die benutting van Gestaltspelterapie met adolessente wat gedragsprobleme openbaar** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

---------- ----------

HANDTEKENING **DATUM**

(MEV N VAN DALEN)
STUDENTE NO. 3444-770-9

BEDANKINGS

My opregte dank en waardering gaan aan die volgende uitsonderlike mense:

- My studieleier, Mev Carlien Van Wyk, wie se leiding, ondersteuning, aanmoediging en omgee vir my oneindig baie beteken het.
- Die deelnemers, hul ouers en onderwysers wat by die navorsing betrek is.
- My man Lukas, my kinders Danielle en Arnoux, vir julle volgehoue liefde, ondersteuning, begrip en aanmoediging. Dankie dat julle in my glo!
- Vir my ouers, familie en vriende vir julle liefde, bystand en ondersteuning.

Dan aan my Hemelse vader, sonder wie heirdie navorsing nie moontlik sou gewees het nie.

Ek wil die Here loof, met alles wat in my is wil ek sy heilige naam loof.
Ek wil die Here loof en nie een van Sy weldade vergeet nie. Dit is Hy
Wat al my sondes vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van
Die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in
Oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.

Psalm 103:1-5

OPSOMMING

Die benutting van Gestaltspelterapie met adolessente wat gedragsprobleme openbaar

Die doel van hierdie studie was om deur die benutting van Gestaltspelterapie, adolessente wat gedragsprobleme openbaar, bewus te maak van hulself, ten einde hul toe te rus om hul lewenssituasie meer toereikend te hanteer. Daar is veral gefokus op die aspekte van die Gestaltterapeutiese proses wat die bewustheidsvlakke van die adolessente verhoog het. Ten einde hierdie doel te bereik is die navorsing kwalitatief benader, spesifiek deur ‘n deeglike literatuurstudie en die beskrywing van individuele en groepsgevallestudies. Die informasie is ontleed deur die data-spiraal analise. Vanuit die informasie wat verkry is, deur die integrasie van die literatuur en die empiriese ondersoek, kon die benutting van Gestaltspelterapie met adolessente wat gedragsprobleme openbaar, verken en in diepte beskryf word.

SLEUTELTERME:

Gestaltspelterapeutiese benadering

Gestaltspelterapie

Gestaltterapeutiese proses

Gestaltspelterapeutiese verhouding

Adolessensie

Bewustheid

Gedragsprobleme

Omgewing, konteks of veld

SUMMARY

The utilization of Gestalt Play therapy with adolescents that display behavior problems

The main purpose of this study was to utilize Gestalt Play therapy with adolescents that display behavior problems, to make them aware of themselves, in order to equip them to handle their life situation more effectively. The focus were specifically on that aspects of the Gestalt therapeutic approach that increase the levels of awareness. In order to achieve this goal the research was approached qualitatively, specifically through a thorough literature study and the describing of individual and group case studies. The information was processed and analised by using the data-spiral analysis. From this information it was possible to explore and describe the utilization value of Gestalt Play therapy with adolescents that display behavior problems.

KEY TERMS:

Gestalt Play therapy approach

Gestalt Play therapy

Gestalt therapeutic process

Gestalt Play therapeutic relationship

Adolescence

Awareness

Behavior problems

Environment, context or field

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING **1**

1.2 RASIONAAL VIR STUDIE EN PROBLEEMFORMULERING **1**

1.3 NAVORSINGSBENADERING **4**

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE **6**

1.5 ANALISERING VAN DATA **10**

1.6 ETIESE ASPEKTE **11**

1.7 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE **13**

1.7.1 Gestaltterapeutiese benadering **13**

1.7.2 Gestaltspelterapie **14**

1.7.3 Gedragsprobleme **15**

1.7.4 Adolessensie **15**

1.8 HOOFSTUKINDELING **15**

1.9 SAMEVATTING **16**

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE FUNDERING VAN DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING EN GESTALTSPELTERAPIE

2.1 INLEIDING **17**

2.2 DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING **17**

2.2.1 Die teorietiese fundering, ontstaan en agtergrond **17**

2.2.2 Invloede op die Gestaltterapeutiese benadering **17**

2.2.3 Siening van die mens **19**

2.2.4 Belangrike konsepte en beginsels **23**

2.2.4.1 Ontwikkeling van die self **24**

2.2.4.2 Kontak **24**

2.2.4.3 Kontakgrens **25**

2.2.4.4 Kontakgrensversteurings **26**

2.2.5 Gedragsprobleme **27**

2.2.5.1 Perspektiewe op gedragsverandering **28**

2.3 GESTALTSPELTERAPIE **30**

2.4 DIE GESTALTTERAPEUTIESE PROSES **30**

2.4.1 Die Gestaltterapeutiese verhouding **31**

2.4.1.1 Die perspektiewe van die Gestaltterapeutiese verhouding **31**

2.4.1.2 Die doel van die Gestaltterapeutiese verhouding **32**

2.4.1.3 Bewustheid in die Gestaltterapeutiese verhouding **33**

2.4.1.4 Die dialogiese verhouding **33**

2.4.1.5 Ware dialoog **34**

2.4.1.6. Ander belangrike konsepte in die Gestaltterapeutiese verhouding 36

2.4.2 Sensoriese kontakmaking en proses 38

2.4.3 Alternatiewe, bemagtiging en selfvertroeteling 39

2.5 TEGNIEKE 40

2.6 GROEPWERK VANUIT DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING 42

2.7 SAMEVATTING 44

HOOFSTUK 3
ADOLESSENSIE

3.1 INLEIDING **46**

3.2 AGTERGROND **46**

3.2.1 Definisie en grense van adolessensie **47**

3.3 ONTWIKKELINGSAREAS **48**

3.3.1 Liggaamlike ontwikkeling **48**
3.3.1.1 Primêre en sekondêre geslagseienskappe **48**
3.3.1.2 Ander areas van ontwikkeling of verandering **49**
3.3.1.3 Sielkundige effek van liggaamlike ontwikkeling **49**
3.3.1.4 Effek van liggaamlike ontwikkeling op die liggaamsbeeld en selfkonsep **50**

3.3.2 Kognitiewe ontwikkeling **51**
3.3.2.1 Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfases **52**
3.3.2.2 Effek van kognitiewe ontwikkeling op die adolessent **53**

3.3.3 Emosionele ontwikkeling **55**
3.3.3.1 Emosies **55**
3.3.3.2 Emosionele bewustheid **57**
3.3.3.3 Ervaring van emosies gedurende adolessensie **58**
3.3.3.4 Invloede op emosionele ontwikkeling **59**

3.3.4 Sosiale ontwikkeling **59**
3.3.4.1 Verhouding met ouers **59**
3.3.4.2 Die portuurgroep **61**
3.3.4.3 Die gesin **61**
3.3.4.4 Vriende van dieselfde geslag **61**

3.3.4.5 Die adolessent se verhoudings met die teenoorgestelde geslag 62

3.3.5 Geïntegreerde self 62

3.3.5.1 Definisie van identiteitsontwikkeling 63

3.4 SAMEVATTING 64

HOOFSTUK 4
EMPIRIESE ONDERSOEK EN DATA-ONTLEDING

4.1 INLEIDING **65**

4.2 NAVORSINGPROSEDURES EN WERKSWYSE **65**

4.3 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE EN STEEKPROEF-NEMING **66**

4.4 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIES **66**

4.4.1 Individuele sessies **67**
4.4.1.1 Deelnemer 1: Em **67**
4.4.1.2 Deelnemer 2: Jo **78**
4.4.1.3 Deelnemer 3: Ro **87**

4.4.2 Groepwerksessies **94**
4.4.2.1 Terapeutiese proses **95**

4.5 ANALISERING VAN DATA **100**

4.5.1 Insameling van data **100**

4.5.2 Bestuur van data **100**

4.5.3 Lees en die maak van notas **101**

4.5.4 Beskrywing, klassifisering en interpretering **101**

4.5.5 Verteenwoordiging en aanbieding **102**

4.6 BESPREKING VAN TEMAS **102**

4.6.1 Die adolessent en sy konteks **102**

4.6.2 Emosies by die adolessent **104**

4.6.3 Houdings en gedrag van die adolessent **105**

4.6.4 Behoeftes van die adolessent **106**

4.6.5 Die individuele terapeutiese proses **107**

4.6.6 Die groepwerkproses **109**

4.6.7 Prosesse in groepsverband **110**

4.6.8 Gedrag en emosies in groepsverband **110**

4.7 DIE BENUTTING VAN GESTALTSPELTERAPIE **111**

4.7.1 Rol van die terapeut **113**

4.7.2 Individuele terapie teenoor groepwerk **114**

4.8 SAMEVATTING **115**

HOOFSTUK 5
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING **116**

5.2 SAMEVATTING VAN ONDERSKEIE HOOFSTUKKE **118**

5.2.1 Hoofstuk 1 **118**

5.2.2 Hoofstuk 2 en 3 **118**

5.2.3 Hoofstuk 4 en 5 **119**

5.3 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE STUDIE **119**

5.4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS **119**

5.5 VERDERE NAVORSING **123**

5.6 TEKORTKOMINGE VAN STUDIE **124**

5.7 SAMEVATTING **124**

BRONNELYS **126**

BYLAES

BYLAAG A: ETIESE KODE EN VERTROULIKHEIDSKONTRAK
BYLAAG B: GROUPWORK CONTRACT

HOOFSTUK 1
ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die Gestaltterapeutiese benadering bied aan adolessente die geleentheid om bewus te raak van hulself. Le Roux en De Klerk (2001:9) huldig die mening dat adolessente wat in voeling is met hulself en hul emosies meer toepaslik en toereikend kan optree en hulself kan handhaaf. Hulle voeg by dat persone wat nie emosioneel bewus is nie, probleme mag ervaar met kommunikasie en konflikhantering, selfvertroue en selfaanvaarding, die opbou en behoud van verhoudings, motivering en lewensdoelwitte. Hierdie probleme kan aanleiding gee tot gedragsprobleme soos alkoholisme, dwelmmisbruik, eetversteurings en depressie.

Hierdie studie fokus daarop om deur die benutting van Gestaltspelterapie adolessente met gedragsprobleme weer bewus te maak van wie hulle "is" en in voeling te bring met hulself. Oaklander (1978:291) is van mening dat adolessente baie vir hulself kan doen, maar soos volwassenes (wat adolessente amper is) het hulle verkeerde boodskappe geassimileer en introjekte gevorm, wat hul emosies, denke, gedrag en natuurlike groeiprosesse beïnvloed of verhinder.

Volgens die navorser kan die bewusmaking van emosies, denke en ander gedrag by adolessente met gedragsprobleme, aan hulle die geleentheid bied om hulle mylpale makliker te bereik en sodoende op alle gebiede beter te funksioneer. Perls (in Schoeman, 2001:90) glo dat slegs met volle bewustheid 'n toestand van organismiese selfregulering kan ontwikkel en die persoon beheer oor sy of haar eie lewe kan neem.

1.2 RASIONAAL VIR STUDIE EN PROBLEEMFORMULERING

Adolessensie is 'n tydperk van verskeie veranderinge en aanpassings en alhoewel baie adolessente redelik gelukkig en sorgvry lyk, het hulle dikwels onderliggende vrese wat hulle teister. Dit is moeilik om al die verskillende probleme wat gedurende adolessensie ontstaan toe te skryf aan een faktor, maar dit blyk dat bewustheid of die gebrek aan bewustheid 'n

invloed het op die hantering en oorlewing van die tydperk. In hierdie studie het die adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar probleme met bewustheid op alle gebiede ervaar. Bewustheid is kognitief, sensories en emosioneel en raak die adolessent in sy of haar geheel.

Verskeie faktore het 'n invloed op adolessente se bewustheid en die wyse waarop hulle binne hul veld reageer, byvoorbeld in hul ouerhuise, ouers se ouerskapstyle, introjekte, invloede vanuit hul gemeenskap en die portuurgroep. De Klerk en Le Roux (2003:11) skryf die "*beheer en die gepaste uiting van emosies lei tot minder gedragsprobleme en 'n groter aanvaarding van ander mense en hul emosies*." Volgens die navorser sluit hierdie siening nou aan by die Gestaltterapeutiese siening dat adolessente wat bewus raak van wie hulle "is" en wat hulle voel en hoe hulle dinge doen, besef dat hulle alternatiewe het om uit te kies en uit te oefen (Sills, Fish & Lapworth, 1995:23). Le Roux en De Klerk (2001:18) sluit hierby aan deur op te merk dat emosies en die bewustheid daarvan 'n rol speel deur die mens te motiveer om die verlede te ondersoek en te voltooi, die hede te leef en vol te maak en in die toekoms 'n ander rigting in te slaan deur nuwe keuses te maak.

Die navorser het uit praktykervaring en hierdie studie met adolessente opgemerk dat adolessente met gedragsprobleme onbewus is van hulself, hul denke, emosies en gedrag. Adolessente raak vervreem van hulself en dit wat hulle "is". Dit skep probleme vir die adolessente om voldoende kontak met hulself en ander te maak. Hulle ondervind probleme met swak kommunikasie teenoor ouers en onderwysers, probleme om konflik te hanteer, swak selfbeeld en selfaanvaarding en min motivering of doelwitte om na te streef. Hierdie probleme lei tot die ondermyning van gesag by die skool en ouerhuis, eksperimentering met drank en dwelms en gemoedsversteurings soos depressie en ander gedragsprobleme.

Die Gestaltspelterapeutiese benadering word in hierdie studie benut om adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar, bewus te maak van hulself. Adolessente het volgens Oaklander (1978:291) ondersteuning en leiding nodig in die uitdrukking van hul emosies van angs, eensaamheid, frustrasie, minderwaardigheid, seksuele onsekerhede en vrees. Oaklander voeg by dat dit noodsaaklik is dat adolessente insien hoe hulle hul eie organismiese vloei onderbreek of verhinder, en dat hulle sover moontlik verantwoordelikheid vir hul eie lewens moet kan neem. Gestaltspelterapie bied aan adolessente hierdie leiding om sover moontlik

verantwoordelikheid vir hul eie lewens te neem en om van omgewingsondersteuning na selfondersteuning te beweeg.

Gestalspelterapie blyk 'n belangrike medium te wees waardeur adolessente wat gedragsprobleme openbaar, toegerus kan word om hul lewensituasies toereikend en op 'n gepaste wyse te hanteer. Oaklander (1999:165) skryf dat Gestaltspelterapie die volgende vir die adolessent bied: *"A client who achieves awareness of those specific behaviors that have led to difficulties can then choose to experiment with new, more satisfying ways of being*."

Die uitkoms en kennis van hierdie studie kan in die toekoms gebruik word in die ontwikkeling van 'n Gestaltspelterapeutiese program wat fokus op bewustheid by die adolessent met gedragsprobleme. Hierdie program kan aangebied word in samewerking met lewensvaardigheidsprogramme of in die vorm van werkswinkels. Die Gestaltspelterapeut en ander professionele persone wat by magte is om met adolessente te werk kan ook daarby baat vind deur bewus te wees van die voordele wat die Gestaltspelterapeutiese benadering vir die adolessent met gedragsprobleme inhou.

- **Probleemstelling**

Die probleemstelling is volgens Fouché (2005:116) noodsaaklik om die aspekte waarop hierdie studie fokus, uit te lig. Die volgende probleem kan geformuleer word: Adolessensie is 'n tydperk wat gekenmerk word deur ontwikkeling op alle gebiede van die self. Hoe groter adolessente se bewustheid is van wie hulle "is", hoe beter is hulle toegerus om hierdie tydperk te hanteer. Adolessente wat gedragsprobleme openbaar, het 'n gebrek aan bewustheid van hulself, hul denke, hul emosies en gedrag. Hierdie gebrek aan bewustheid veroorsaak dat adolessente vervreem raak van hulself, ander en hul veld. Die adolessente se swak kontak met hul "self", ander en hul veld lei tot verdere gedragsprobleme.

- **Navorsingsvraag**

Die navorsingvraag ondersteun die probleemformulering en ontstaan uit 'n kwalitatiewe studie soos Fouché (2005:103) meld: *"If a qualitative study was opted for, the researcher would formulate the research question carefully…".* Die volgende navorsingsvraag kan gestel word:

Op watter wyse kan Gestaltspelterapie benut word om adolessente wat gedragsprobleme openbaar, te lei tot 'n groter bewustheid van hulself?

- **Doelstelling en doelwitte**

Volgens Fouché (2005:104) is die doelstelling die droom en die doelwit is die stappe wat binne 'n sekere tydperk geneem moet word om die droom te verwesenlik. Die doelstelling van hierdie studie is om deur die benutting van Gestaltspelterapie, adolessente wat gedragsprobleme openbaar, bewus te maak van hulself, ten einde hulle toe te rus om hul lewensituasie meer toereikend te hanteer.

Die doelwitte sluit in:

- Om 'n literatuurstudie oor die relevante konsepte, naamlik die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie en die terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) en adolessensie te doen, ten einde 'n goeie basis en vertrekpunt te vorm.
- Om aan die hand van gevallestudies die Gestaltspelterapeutiese proses, wat die adolessente seuns met gedragsprobleme deurloop het, te beskryf, die data te analiseer en met die literatuur te kontroleer.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten einde 'n bydrae te lewer tot adolessente met gedragsprobleme se bewuswordingsproses, vanuit 'n Gestalt-spelterapeutiese benadering.

1.3 NAVORSINGSBENADERING

Die kwalitatiewe benadering word in hierdie navorsing gevolg. Hierdie benadering word kortliks deur Fouché en Delport (2005:74) opgesom as 'n holistiese benadering wat ten doel het om die sosiale lewe en die betekenisse wat mense aan alledaagse lewe heg te verstaan. Hulle meld verder dat kwalitatiewe navorsing in die breë verwys na navorsing wat die deelnemers se verklarings van betekenisse, ervarings en persepsies beskryf. Dit gee ook beskrywende data in die vorm van die deelnemer se eie geskrewe of "direk aangehaalde" woorde. Dit behels dus die identifisering van die deelnemer/s se oortuigings en waardes wat die verskynsel onderlê. In hierdie navorsing word die Gestaltspelterapeutiese sessies wat die

adolessente seuns deurloop het in diepte beskryf. Die adolessente en hul unieke ervarings, persepsies, velde, betekenisse en selfs direkte woorde is aangehaal om dit wat hulle "is" beter te verstaan en tot groter bewustheid te lei.

Die navorser fokus meer op die verstaan eerder as om te verklaar. Daar word ook gefokus op die natuurlike waarneming eerder as op 'n gekontroleerde meting. Die subjektiewe verkenning of ondersoek van die realiteit geskied vanuit die perspektief van 'n deelnemer in teenstelling met die buitestaanderperspektief van die kwantitatiewe benadering (Fouché & Delport, 2005:74).

In hierdie navorsing het die navorser vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering op die adolessente met gedragsprobleme gefokus en veral op die aspekte wat die adolessente tot 'n groter bewustheid van hul "self", ander en hul veld bring. Die navorsing het op 'n natuurlike wyse geskied waar die navorser eerder daarop ingestel is om die deelnemers en hul prosesse te verstaan en dit te beskryf eerder as om dit te verklaar.

- **Soort navorsing**

Toegepaste navorsing is in hierdie studie benut. Toegepaste navorsing word deur Hart (1998:46) beskryf as navorsing wat ten doel het om aanbevelings en oplossings te bied vir 'n probleem wat deur 'n spesifieke groep mense in 'n situasie ervaar word. Hierdie tipe navorsing het ten doel om teoretiese insigte op werklike situasies toe te pas en is ook verkennend en beskrywend van aard.

Volgens Fouché (2005:109) word verkennende navorsing gedoen om insig te verkry in 'n situasie, verskynsel, gemeenskap of individu. Die studie ontstaan gewoonlik as gevolg van onvoldoende inligting oor 'n nuwe belangstellingsveld of om meer vertroud te raak met of meer kennis in te win oor 'n situasie om sodoende 'n probleem te formuleer. Hierdie studie is verkennend in die sin dat die adolessente met gedragsprobleme en die bewusmaking van wie hulle "is" deur die Gestaltspelterapeutiese proses, verken word. Die navorsing is ook beskrywend van aard en Fouché (2005:109) beskryf dit soos volg : "…, *descriptive research presents a picture of the specific details of a situation, social setting or relationship, and focuses on "how" and "why" questions*". Beskrywing in kwalitatiewe studies verwys na 'n

meer intensiewe ondersoek van die verskynsel en die dieper betekenisse daarvan. Die studie behels drie adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar wat individuele en groepsterapie deurloop het (‘n vierde adolessent was betrokke by die groepsterapie). Alle inligting is deeglik opgeteken en beskryf om sodoende 'n beter begrip te vorm van elkeen se unieke prosesse en veral wat bygedra het tot 'n groter bewustheid van elke individu. Die volgende navorsingstrategie is benut.

- **Navorsingstrategie**

Gevallestudies is as navorsingstrategie in die studie gevolg. Fouché (2005:272) haal Creswell aan wat opmerk dat die gevallestudie gesien kan word as 'n ondersoek of diepte-analise van 'n gebonde sisteem, gebind deur tyd en/of plek, of 'n enkel of meervoudige geval, in 'n bepaalde tyd of periode. Die studie verken en beskryf adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar en Gestaltspelterapie en groepsterapie oor 'n tydperk van vier maande deurloop het.

Die resultaat van die gevallestudie is volgens Fouché (2005:272) 'n diepgaande beskrywing van die verskynsel en die geval of die deelnemers: *" The researcher situates this system or case within its larger context, but the focus remains on either the case or an issue that is illustrated by the case."* Die fokus in hierdie studie is op adolessente met gedragsprobleme en hoe die benutting van die Gestaltspelterapeutiese proses die adolessente kan lei tot 'n groter bewustheid van hulself. Die navorser gebruik die intrinsieke gevallestudie wat daarop fokus om 'n beter begrip te vorm van elke geval. Die doel is nie noodwendig om 'n breër sosiale kwessie te verstaan nie, maar om die gevalle wat ondersoek word en die prosesse wat hulle deurloop het in diepte te beskryf en beter te verstaan.

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Navorsingsmetodologie word deur Fouché en Delport (2005:71) omskryf as die werkswyse van die navorser om die probleem binne die wetenskapsveld op te los en sodoende antwoorde op die navorsingsvraag te verskaf. Die navorsingsproses is begin met 'n deeglike literatuurstudie oor al die relevante onderwerpe, bestaande navorsing en teorieë. Die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie, terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) en adolessensie is in die

literatuurstudie breedvoerig bespreek. Dit dien as 'n goeie basis om die veld of konteks waarbinne die studie geskied, te verstaan.

Resente literatuur is beskikbaar oor die relevante konsepte wat in hierdie navorsing ter sprake. Pearls (1951;1969;1976), Oaklander (1978), die Polsters (1973), Yontef (1993) en Sills (1995) is klassieke bronne wat onontbeerlik is vir die beskrywing van die Gestaltspelterapeutiese benadering. Die navorser het boeke, tydskrifartikels, joernale en die internet gebruik om relevante inligting te versamel. Inligting is uit verskillende studievelde ingesamel, naamlik die sielkunde en die opvoedkunde.

- **Universum, populasie en steekproef**

Volgens Babbie en Mouton (2001:173-175) word die universum gedefinieer as die elemente van die bevolking wat vir die steekproefneming oorweeg word. Strydom en Venter (2005:193) maak die volgende onderskeid tussen universum en populasie: *" Universum,…, refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population, …, is a term that sets boundaries on the study units."* In hierdie studie is die universum alle adolessente tussen die ouderdomme 12 en 14 jaar met gedragsprobleme in Pretoria. Die populasie is die adolessente met gedragsprobleme in die Centurion-area, wat na Centurion Kindersorg verwys is.

Die wyse van steekproefneming het berus op die nie-waarskynlikheidseleksie. Volgens Babbie en Mouton (2001:166-168) is dit daardie tipes steekproefneming waarin die waarskynlikheid dat 'n lid van die bevolking in die steekproef ingesluit sal word, nie statisties bereken kan word nie. Doelbewuste seleksie sal volgens bogenoemde skrywers plaasvind wanneer die navorser doelbewus sekere lede van die gekose universum sal neem, wat as die mees verteenwoordigend van die universum beskou sal word, om die steekproef te vorm. Die volgende kriteria is met die seleksie van hierdie steekproef gevolg:

- Adolessente met gedragsprobleme in die Centurion-area
- Adolessente tussen die ouderdom 12 en 14 jaar
- Enige geslag
- Afrikaans- of Engelssprekend

- Dit is adolessente met gedragsprobleme wat spesifiek na Centurion Kindersorg verwys is.
- Gedragsprobleme verwys na ontwrigtende gedrag in skool- en gesinsverband, byvoorbeeld die ondermyning van gesag, ongehoorsaamheid aan reëls in die skool en by die huis en ander antisosiale gedragspatrone.

Drie adolessente seuns met gedragsprobleme, wat na Centurion Kindersorg verwys is, is geselekteer. Slegs seuns is gedurende die tydperk van die studie verwys. Twee van die drie seuns is deur 'n laerskool in die Centurion-area verwys en een is deur 'n jeugleraar in die omgewing verwys. In die groepwerk is nog ‘n adolessent betrek wat na Centurion Kindersorg verwys is as gevolg van gedragsprobleme by die skool. Hierdie adolessent word net vir die volledigheidshalwe van die groepwerk bespreek. 'n Maatskaplike werker verbonde aan Centurion Kindersorg het bevestig dat hierdie seuns wel gedragsprobleme openbaar. Volgens Strydom en Delport (2005:328) is daar nie spesifieke vereistes vir die steekproefgrootte nie, omdat dit nie die kwalitatiewe navorser se doel is om die resultate te veralgemeen nie. Die navorser het ten doel om 'n dieptebeskrywing van die deelnemers en hul prosesse weer te gee. Die navoser het volgehou met die studie totdat al die adolessente seuns die individuele sessies en groepwerk deurloop het en alle inligting deeglik opgeteken is. Aangesien daar slegs drie seuns was wat die individuele sessies en vier wat die groepwerk deurloop het, by die studie betrokke was, is die resultate slegs van toepassing op hierdie seuns en kan daar nie verder veralgemeen word nie.

Die steekproef is dus afgebaken tot die adolessente seuns in die Centurion-area wat as gevolg van hul gedragsprobleme na Kindersorg verwys is.

- **Wyse van data-insameling**

Kwalitatiewe studies maak gewoonlik gebruik van ongestruktureerde of semi-gestruktureerde onderhoude (Greeff, 2005:296). In hierdie studie het die navorser die onderhoude gebruik om die deelnemers se ervaring van die terapeutiese proses weer te gee.

Die semi-gestruktureerde onderhoude (in hierdie studie die Gestaltspelterapeutiese sessies) is gebruik om inligting in te samel en gee volgens Greeff (2005:296) gewoonlik 'n volledige

prentjie van die deelnemer se oortuigings van, of persepsies of ervarings van, 'n sekere onderwerp. Greeff merk verder op dat die navorser die geleentheid het om sekere interessante inligting wat tydens die onderhoud ingesamel is, op te volg en dit is dus vir die deelnemer moontlik om 'n vollediger prent weer te gee.

Die semi-gestruktureerde onderhoude wat in hierdie studie gebruik word, is klinies van aard en word deur die Gestaltspelterapeutiese proses gerig. 'n Gestaltspelterapeutiese sessie stem baie nou ooreen met die semi-gestruktureerde onderhoud omdat die navorser of terapeut 'n geheelbeeld van die deelnemer of kliënt vorm. Die deelnemer of kliënt word gesien as die kundige oor die onderwerp en word genoeg tyd gegun om sy storie te vertel of weer te gee. Die Gestaltspelterapeut, in die geval die navorser, het ook genoeg tyd om inligting op te volg en 'n vollediger prent te vorm.

In hierdie studie is inligting ingesamel deur die Gestaltspelterapeutiese sessies. Daar is op sekere aspekte gefokus, maar die hier-en-nou was bepalend van wat in elke sessie gebeur het. Dit stem nou ooreen met wat Greeff (2005:296) opmerk*: "With semi-structured interviews the researcher will have a set of predetermined questions on an interview schedule, but the interview will be guided by the schedule rather than be dictated by it."*

Die navorser het die Gestaltterapeutiese proses met die adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar, deurloop. Met elke sessie is sekere doelwitte in gedagte gehou, maar die deelnemers het die prosesse gelei deur wat op hul voorgrond was. Die belangrikste aspekte van die proses was om goeie kontak te maak en 'n ware dialogiese verhouding te skep, ten einde bewustheid ten opsigte van die self te bevorder.

Elke deelnemer het gemiddeld ses individuele terapeutiese sessies deurloop. Na afloop van hierdie sessies, is die deelnemers by groepwerk betrek vir 'n verdere vier sessies. Een seun wat nie by die individuele sessies betrokke was nie, het ook by die groepwerk ingeskakel. Hy het egter individuele sessies by 'n kollega van die navorser deurloop. Altesaam vier adolessente seuns is by die studie betrek.

1.5 ANALISERING VAN DATA

Data-analise is volgens De Vos (2005:333) die proses om orde, struktuur en betekenis te gee aan die massa versamelde data. De Vos (2005:334) haal Cresswell aan wat glo dat die proses van data-analise die beste verteenwoordig kan word deur 'n spirale beeld, 'n data-analisespiraal. Die navorser het te doen met 'n verskeidenheid data en raak aan verskeie fasette van data-analise om sodoende opwaarts in 'n spiraal te beweeg om die proses te voltooi. Die navorser het hierdie proses gevolg om data vir hierdie studie te analiseer. Daar is vyf stappe in die data-analiseproses.

- **Insameling van data**

Volgens De Vos (2005:336) moet elke navorser 'n plan opstel om inligting op 'n sistematiese wyse in te samel. Dit sal tot groot voordeel van die navorser strek om sy data bymekaar, volledig, georganiseerd en toeganklik te hou.

- **Hantering van data**

Wat die hantering van die data betref, merk Marshall en Rossman (in De Vos, 2005:336) op dat die proses om data òp kasset te bewaar en dit te kombineer met transkripsies en evaluasies die analise vergemaklik.

- **Lees en maak van notas**

Die maak van notas op die prosesnotas en evaluasies is die eerste stap om die databasis te begin ondersoek (De Vos, 2005:337). Patton meld in De Vos (2005:337) dat hy sy notas oor en oor lees en dat patrone en temas later begin uitstaan.

- **Beskrywing, klassifisering en interpretering**

Volgens De Vos (2005:338) is hierdie deel van die spiraal die hart van die kwalitatiewe data-analisering. Die konteks van die navorsing word deeglik bestudeer om sodoende sekere temas of dimensies uit te lig.

- **Verteenwoordiging en aanbieding**

Hierdie is die laaste fase van die spiraal wat tot voltooiing lei**.** Die data wat verkry is word aangebied deur ’n proses van verslagskrywing (De Vos, 2005:339) en deur die uitvoer van ’n literatuurkontrole.

1.6 ETIESE ASPEKTE

Daar is verskillende sienings, in die navorsingsmilieu, oor wat reg en verkeerd is, maar die volgende is etiese sake waaroor daar ooreenstemming ten opsigte van sosiale navorsing is (Strydom, 2005:58). 'n Inligtingsaand is by Kindersorg, Centurion gehou om die betrokke ouers in te lig ten opsigte van die terapeutiese proses wat die adolessente gaan deurloop en die volgende etiese aspekte is verduidelik:

- Geen nadeel vir deelnemers

Die studie moet nie 'n nadeel inhou of die deelnemers skade berokken nie. Die navorser is verantwoordelik om enige skade tot die minimum te beperk. Strydom (2005:58) neem sterk standpunt in deur te sê dat navorsers eerder die aard van hul studie moet verander voordat deelnemers aan enige bewustelike fisiese of emosionele skade blootgestel word. Hierdie studie het ten doel om die adolessente met gedragsprobleme se bewustheid ten opsigte van hulself te bevorder deur die Gestaltspelterapeutiese proses. Die terapeutiese proses is deurloop en die nodige begeleiding en ondersteuning is aan die adolessente gebied. Die navorser het binne die Gestaltterapeutiese verhouding vir die adolessente 'n veilige omgewing geskep waar hulle kon wees wat hulle "is". Die navorser het nie die omgewing gemanipuleer nie, maar die deelnemers en hul behoeftes vooropgestel. Daar is ook geen inligting uit die sessies met ander bespreek voordat die deelnemer nie sy toestemming gegee het nie.

- Ingeligte deelname

Die verkryging van ingeligte deelname is belangrik en Strydom (2005:59) meen dat die klem geplaas moet word op akkurate en volledige inligting sodat die deelnemers presies kan weet waarvoor hulle hul inlaat en 'n vrywillige en deurdagte keuse oor hul deelname kan maak. Die

deelnemers moet wetlik en sielkundig bevoeg wees om hulle deelname te bevestig en weet dat hulle enige tyd kan onttrek.

'n Inligtingsaand is gehou waartydens drie van die deelnemers se ouers teenwoordig was en waar hul toestemming gegee het dat inligting wat uit die Gestaltterapeutiese prosesse (individueel en groepwerk) verkry word in die studie gebruik mag word (sien Bylaag A). Die ander deelnemer se ouer is telefonies ingelig om sodoende die nodige toestemming te verkry. Vir al die ouers was die anonimiteit belangrik en dat hulle ingelig sal bly deur die terapeutiese proses. Die ouers is aangemoedig om die navorser te kontak indien enige probleme ondervind word. Toestemming is ook tydens die aanvang van die terapeutiese proses by elke adolessent vir deelname aan die studie verkry. Hulle is ook die keuse gegun om te onttrek indien hulle nie meer kans sou sien om verder deel te neem nie.

Tydens die aanvang van die groepwerk het die betrokke adolessente 'n kontrak (sien Bylaag B) geteken waar hulle hul verbind tot die terapeutiese proses en konfidensialiteit van enige inligting wat gedeel mag word. Hulle het ook toegestem tot die maak van videos vir elke sessie.

- Geen misleiding van deelnemers

Die misleiding behels volgens Strydom (2005:60) die weerhou van inligting, of die deurgee van verkeerde inligting om deelname van deelnemers of kliënte te verseker, waar hulle andersins deelname sou weier. In hierdie navorsing is die deelnemers en hul ouers goed ingelig oor die navorsing en die geleentheid is gegun om ingeligte keuses te maak.

- Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Die deelnemers was besorg oor hul privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid. Strydom (2005:61) meen dat die individu of deelnemer die reg het om te besluit wanneer, waar, hoe en in watter mate hulle inligting geopenbaar mag word. In hierdie studie is skuilname gebruik, wat anonimiteit waarborg en vertroulikheid bevorder. Die deelnemers weet dat hulle inligting met die grootste omsigtigheid en vertroulikheid hanteer en bewaar word. Tydens die groepwerk is dit egter moeiliker om konfidensialiteit te verseker en daarom is 'n kontrak met

die groepslede gesluit. In die geval van Kindersorg word inligting geliasseer wat veilig bewaar word. Die videos en bandopnames van sessies word in veilige bewaring geplaas.

- Bekendmaking van navorsingresultate

Die resultate moet vrygestel word of gepubliseer word. Strydom skryf (2005:65): *"The findings of the study must be introduced to the reading public in written form, otherwise even a highly scientific investigation will mean very little and will not be viewed as research."* Die resultate van die studie verskyn in 'n navorsingverslag en die navorser sal dit op aanvraag aan die deelnemers en of hul ouers vrystel.

- Ontlading van deelnemers

Ontlading van deelnemers is volgens Strydom (2005:66) nodig. Deur ontlading kan probleme wat deur die navorsingsproses ontstaan het, aangespreek word. Terapie vorm deel van die navorsing en die hele terapeutiese proses is afgehandel, selfs na afloop van die navorsing. Die navorser het as vrywilliger by Kindersorg Centurion gewerk sonder enige vergoeding en was bereid om na afloop van die navorsing die terapie te voltooi sonder enige vergoeding. Die adolessente het die Gestaltterapeutiese proses voltooi en na afloop van die proses het die adolessente gevra vir verdere betrokkenheid by mekaar. Die navorser het verdere groepwerksessies vir die volgende jaar beplan. Die deelnemers was egter nie almal meer beskikbaar nie en die sessies het nie gerealiseer nie. Die ouers se terugvoer was egter positief ten opsigte van die adolessente en hul gedrag.

1.7 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Ten einde duidelikheid oor belangrike konsepte te verkry, word die hoofkonsepte van die studie vervolgens gedefinieer.

1.7.1 Gestaltterapeutiese benadering

Die Gestaltterapeutiese benadering is 'n fenomenologies-eksistensiële benadering wat deur Frederick en Laura Perls (in die 1940’s) ontwikkel is. Die doel van die terapeutiese

benadering is vir kliënte om bewus te word van wat hulle doen, hoe hulle dit doen, hoe hulle hulself kan verander en terselfdertyd leer om hulself te aanvaar en waardevol te ag. Yontef (1993:2) beskryf die Gestaltterapeutiese benadering of proses soos volg : *"Gestalt therapy focuses more on process (what is happening) than content (what is being discussed). The emphasis is on what is being done, thought and felt at the moment rather than what was, might be, could be, or should be."* Oaklander (1999:162) beskryf die Gestaltterapeutiese benadering, gevorm uit verskeie skrywers se perspektiewe, as 'n fenomenologiese proses-georienteerde terapie wat fokus op die gesonde funksionering van die organisme, sy of haar emosies, denke, liggaam en gedrag.

Uit bogenoemde definisies kan die navorser aanneem dat die Gestaltterapeutiese benadering 'n holistiese benadering is wat fokus op die adolessente as geheel. Die navorser het nie net op die adolessente se gedrag gefokus nie, maar 'n algehele bewustheid by die adolessente bevorder deur die Gestaltterapeutiese prosesse. In hierie studie is daar spesifiek 'n fokus op die bevordering van bewustheid. Bewustheid is volgens Yontef (1993:1) 'n tipe ervaring wat kortweg gedefinieer kan word as, die "in voeling kom" met die mens se eie bestaan, met dit wat "is".

1.7.2 Gestaltspelterapie

Gestaltspelterapie word gesien as 'n psigo-terapeutiese tegniek waardeur terapeute poog om die kind, of in hierdie geval die adolessent, die geleentheid te bied om sy of haar probleme simbolies uit te speel, te leer om emosies meer effektief te hanteer, in 'n vertrouensverhouding met 'n ander persoon te gaan en om onvanpaste gedrag mettertyd te verander. Sekere teoretiese beginsels van die Gestaltterapeutiese benadering, het 'n direkte effek op die terapeutiese proses (Blom, 2006:19).

In hierdie studie sal spelterapie vanuit die Gestaltterapeutiese benadering gedoen word en daarom sal die term "Gestaltspelterapie" gebruik word wanneer daar verwys word na die terapeutiese proses wat met die adolessente deurloop is.

1.7.3 Gedragsprobleme

In hierdie studie dui onvanpaste gedrag meer op ontwrigtende gedrag wat deur Horn (2004:27) omskryf kan word as gedrag wat afwyk van die sosiale norm van die omgewing of veld waarbinne die adolessent funksioneer. Hierdie gedrag impliseer die verwerping van gesag en die gebrek aan verantwoordelikheid vir gedrag. Ontwrigtende gedrag in die opvoedkundige veld is aggressie en 'n gebrek aan respek teenoor die onderwyspersoneel, aanhoudende gepraat, verwerping van klasreëls, rusteloosheid, impulsiwiteit en 'n algemene negatiewe houding teenoor die skool en leer. Hierdie gedrag sypel deur na alle fasette van die adolessente se lewens.

Volgens die skrywers Malapo en Van der Merwe (2003:114) ervaar adolessente probleme in die verstaan en beheer van hul eie emosies en bevind hulle dan dikwels in konflik met hul self, ouers, portuurgroep, en ander lede van die familie en selfs die gemeenskap. Micucci (1998:174) merk verder op dat: *"Problem behaviors in adolescence often cluster together, so that involvement in one tends to predict involvement in another."*

1.7.4 Adolessensie

Seifert en Hoffnung (1997:438-439) definieer adolessensie as die ontwikkelingsfase waar die mens van die kinderjare na die volwasse jare oorbeweeg. Adolessensiejare word gekenmerk deur vinnige groei en veranderinge op die fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale vlakke. Die tydperk duur ongeveer vanaf die ouderdom van tien tot twee-en-twintig jaar. Adolessensie word ook opgedeel in 'n vroeë adolessensie (10-14jaar), 'n middel adolessensie (15-17jaar) en 'n laat adolessensie (18-22 jaar).

Vir die doel van hierdie studie is daar gefokus op adolessente tussen die ouderdom van 12 en 14 jaar.

1.8 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 dien as algemene inleiding en uiteensetting van die studie. In hoofstuk 2 word 'n teoretiese fundering van die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie en die

terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) gegee. Hoofstuk 3 bied 'n oorsig oor adolessensie as ontwikkelingsfase. Die empiriese bevindinge word saam met 'n literatuurkontrole in hoofstuk vier gegee, waarna bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk vyf gemaak word.

1.9. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk dien as 'n basiese inleiding tot die res van die studie. Dit behels die motivering van die navorsing wat gelei het tot die navorsingsvraag, probleemstelling en 'n uiteensetting van die doelstellings en doelwitte. Die hoofstuk skets ook die basiese beplanning van die res van die studie en bevat 'n beskrywing van die navorser se werkswyses.

Die volgende hoofstuk is die eerste bydrae tot die literatuurstudie waar die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie en die terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) en ander belangrike konsepte bespreek word.

HOOFSTUK 2

'N TEORETIESE FUNDERING VAN DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING EN GESTALTSPELTERAPIE

2.1 INLEIDING

Hierdie studie word gedoen vanuit die Gestaltterapeutiese benadering en daarom is dit van belang om die belangrikste konsepte, beginsels en die proses van die benadering te verstaan. In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om 'n kort oorsig te gee van die kernaspekte van hierdie benadering asook die Gestaltterapeutiese proses wat in terapie gevolg kan word. Daar sal ook gefokus word op groepwerk. Die Gestaltterapeutiese perspektiewe op gedragsverandering word ook kortliks bespreek.

2.2 DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING

Die Gestaltterapeutiese benadering word vervolgens bespreek.

2.2.1 Die teorietiese fundering, ontstaan en agtergrond

Die Gestaltterapeutiese benadering is in die 1940's deur Federick (Fritz) Perls, sy vrou Laura, en ander kollegas, veral Paul Goodman ontwikkel. Hulle het uit 'n aantal verskillende sielkundige konsepte en benaderings 'n model opgestel, wat 'n groot uitdaging was vir die tradisionele modelle van daardie tyd. Sedert die ontwikkeling van die benadering is baie veranderinge en skaafwerk aan die Gestaltterapeutiese benadering aangebring. Dit is steeds besig om te verander en te ontwikkel omdat die Gestaltteoretici steeds voortgaan om die vasgestelde en tradisionele teorieë te bevraagteken en uit te daag. Daar word eerder gefokus op dit wat is, as dit wat behoort te wees (Sills, Fish & Lapworth, 1995:3).

2.2.2 Invloede op die Gestaltterapeutiese benadering

Die volgende invloede het die basis van die Gestaltterapeutiese benadering gevorm. Die navorser het Sills *et al.*(1995:3-12), Schoeman (2001:90-93) en Yontef (1993:2-3) se sienings

in hierdie verband vergelyk en bestudeer. Vervolgens word 'n opsomming gegee van hierdie drie outeurs se beskrywings in hierdie verband.

Die Duitse term "Gestalt", kan verstaan word as 'n "georganiseerde geheel". Die belangrikste boodskap is dat die geheel meer is as die som van al sy dele. Die Gestaltterapeutiese benadering self is 'n voorbeeld van "Gestalt", want die benadering bestaan uit verskillende dele, sieninge, wat saam 'n unieke geheel vorm. Verskeie mense was verantwoordelik vir die benaming van die teorie. 'n Siening wat Perls beïnvloed het was Smuts se siening van holisme, in Sills *et al*(1995*)*. Holisme beklemtoon die interafhanklikheid van alle dinge en die natuurlike drang van die mens om 'n geheel te vorm. Eie aan die benadering se naam was dit dan ook vir Perls belangrik om die mens as 'n totale organisme te benader wat bestaan uit emosies, gedrag, denke en sintuie. Hierdie gedagte sluit ook aan by die veldperspektief wat later bespreek word. Verdere invloede het gespruit uit Perls se opleiding as 'n Freudiaanse psigoanalis. Hierdie psigoanalitiese opleiding het later 'n groot invloed op sy idees gehad en baie psigoanalitiese konsepte het die basis gevorm van die Gestaltterapeutiese benadering. Dit sluit in dat kinderjaarervarings 'n invloed het op volwasse lewens; dat patalogiese gedrag 'n onbewustelike betekenis kan hê wat wel na die bewuste gebring kan word; dat mense natuurlike instinkte of drange het en dat mense 'n natuurlike of ingebore geneigdheid het tot balans of homeostase. Perls was veral beïnvloed deur die interpersoonlike teoretici, Adler, Fromm, Rank en Reich, wat Freud se idees uitgebrei het en meer 'n persoonsgesentreerde en holistiese benadering ten opsigte van hul kliënte gehad het.

Daar was ander bewegings in Duitsland waarin Perls ook terselfdertyd belanggestel het en Gestaltsielkunde was een daarvan. Laura Perls was 'n Gestaltsielkundige wat 'n groot bydrae tot haar man se werk gelewer het. Dit was vanuit die Gestaltsielkunde dat Perls baie van sy idees en persepsies gevorm het, byvoorbeeld dat die mens ingestel is om die geheel te sien en om sin en betekenis te maak van die wêreld in geheelbeelde of ervarings. Dit wil sê dat van al die potensiële stimilu wat waargeneem kan word op enige oomblik, is die mens geneig om 'n geheel te vorm van dit wat vir hom relevant en in ooreenstemming met sy huidige waarneembare behoefte is. Nog 'n belangrike idee van die Gestaltsielkunde was die verskynsel wat algemeen bekend staan as onvoltooidhede. Dit beteken dat as sekere elemente van situasie of Gestalt besit of ervaar word, die mens die natuurlike drang het om die situasie of Gestalt te voltooi. Sills *et al.* (1995:5) beskryf die onvoltooidhede soos volg: " *Whether they*

are events, conversations, feelings or our sense of ourselves, they seem to haunt us and have the potential to stop us focusing wholeheartedly on what is happening in the present."

Perls het ook die eksistensiële filosofie bestudeer en was geraak deur die idee dat die mens, alhoewel hy verbind is tot ander mense, fundamenteel ’n aparte en afsonderlike wese is. Dit is interessant dat binne die Gestalt, die geheel, en apartheid van die eksistensiële benadering, beklemtoon word. Ander belangrike konsepte en beginsels kom vanuit die fenomenologie en het ’n groot invloed gehad op die Gestaltterapeutiese benadering. Fenomenologie word verduidelik as ’n dissipline wat die mens help om sy gewone denkpatroon opsy te skuif en te kan onderskei wat eintlik in die hier-en-nou ervaar en gevoel word, en wat oorblyfsels van die verlede is. 'n Invloed wat die basis van die Gestaltterapeutiese benadering vorm is die veldteorie van Lewin wat beklemtoon dat alles binne’n sekere konteks bestaan en dat niks los van sy konteks verstaan kan word nie. In Amerika het Paul Goodman en Paul Weiss vir Perls ook bekend gestel aan die Oosterse spirituele tradisies en filosofieë. Perls was aangetrek deur die Zen-Boeddhisme wat klem plaas op bewustheid. Die belangrikheid van bewustheid in die hier-en-nou het die idees van die eksistensialisme en fenomenologie gekomplimenteer. Laastens was teater ’n groot liefde van Perls en het die werk van Morena, wat die psigodrama ontwikkel het, hom geïnteresseer. Die Gestaltterapeutiese benadering kan deur die gebruik van psigodrama, die dramatiese, die impak van die ervarings en sodoende bewustheid, volgens Perls verhoog.

Die Gestaltterapeutiese benadering het uit verskillende invloede, benaderings, filosofieë en teorieë tot stand gekom. Die agtergrond en invloede vorm die beginpunt waarvandaan belangrike konsepte en beginsels van die Gestaltterapeutiese benadering verduidelik kan word. Dit is ook hierdie invloede en benaderings wat bepaal het hoe die Gestaltterapeut die mens benader.

2.2.3 Siening van die mens

Schoeman (2001:90) verduidelik soos volg die siening van die Gestalterapeutiese benadering ten opsigte van die menslike natuur: *"The Gestalt view of human nature is positive in that people are viewed as capable of becoming self-regulating beings who can achieve a sense of unity and integration in their lives."* Die Gestalterapeutiese benadering omskryf die mens

volgens Sills *et al.*(1995:9-12), Schoeman (2001:90-92) en Yontef (1993:9-15) as 'n organisme waar die volgende aspekte van belang is.

- **Selfregulering**

Na aanleiding van bogenoemde aanhaling van Schoeman (2001:90) bevestig die Gestaltterapeutiese benadering dat elke mens die potensiaal het om selfregulerend te wees. Volgens Yontef (1993:10) verwys selfregulering na die mens se natuurlike neiging om balans of homeostase te handhaaf. Selfregulering kan volgens hom organismies of *"shouldistic*" plaasvind. Organismies is gebaseer op die bewuste en akkurate kennis van dit wat is. "*Shouldistic*" of dit wat behoort te wees, is gebaseer op ander se opinies en menings van dit wat behoort en nie behoort te wees nie.

In die proses van organismiese selfregulering vind 'n natuurlike holistiese integrasie van denke en liggaam, denke en emosies en van spontaneïteit en doelgerigtheid plaas. In die *"shouldistic"* regulering heers die denke en is daar nie 'n ervaring of gevoel van 'n holistiese integrasie nie (Yontef, 1993:11).

Na aanleiding van bogenoemde word adolessente met gedragsprobleme in die studie in 'n positiewe lig gesien as mense wat die vermoë het om selfregulerend op te tree en integrasie te bewerkstellig deur hulle in voeling te bring met dit wat "is" .

- **'n Totale organisme**

Perls (1969) verwys na die mens as 'n totale organisme en nie net 'n brein nie. Hierdeur wil hy die feit beklemtoon dat die mens benader moet word as 'n geheel, dit wil sê liggaam, denke, emosies en gedrag. Perls voel dat emosies en liggaamlike simptome somtyds 'n beter aanduiding van die waarheid is, as woorde, waaragter mense wegkruip. Schoeman (2001:90) haal Perls aan: *"…people would be better off losing their minds and coming to their senses."*

Dit impliseer dat in hierdie studie en volgens die Gestaltterapeutiese benadering die adolessent met gedragsprobleme as 'n totale wese benader sal word en dat daar nie net op sy gedrag gefokus sal word nie. Die adolessent sal binne sy veld as 'n geheel benader word.

- **Binne 'n sekere konteks**

Die Gestaltterapeutiese benadering beklemtoon die feit wat Jacobs (1998:9) uitwys, naamlik dat die mens nie los van sy konteks gesien kan word nie. Die mens se self word gevorm in verhouding tot sy konteks of veld. Jacobs (1998:2) haal Buber aan wat skryf: *"…human being-ness is found in relation…There is no 'human' without relation."* Hetsy dit die mens se verhouding met ander mense of die omgewing is.

In hierdie studie sal die adolessente met gedragsprobleme binne hulle kontekse ervaar en bestudeer word. Die adolessent se kontekse, byvoorbeeld ouers, vriende, familie, skool en die adolessent se ontwikkelingstadium, is belangrike aspekte wat 'n invloed op die vorming van die adolessent het.

- **Nie goed of sleg nie**

Die Gestaltterapeutiese benadering se basiese konsepte en beginsels omskryf die mens nie as goed of sleg nie. Sills *et al.* (1995:9) verklaar: "*We are what we are at any moment."* Die Gestaltterapeutiese benadering bied vir die Gestaltterapeut die geleentheid om die adolessente te sien vir wat hulle is en nie vir wat hulle behoort te wees nie. Die hier-en-nou konsep sluit goed aan by hierdie siening.

- **In die hier-en-nou**

Die mens kan slegs in die hier-en-nou wees. Dit beteken nie dat die verlede en toekoms ontken word nie. Dit beklemtoon egter dat die verlede slegs in die hede in herinnering geroep kan word en oor die toekoms kan daar slegs in die hede gespekuleer word (Sills *et al,* 1995:9).

Vir hierdie studie beteken dit dat die adolessent gesien word vir wat hy is en nie wat sy ouers, onderwysers, terapeut of vriende dink hy behoort te wees nie. Die adolessente is in die Gestaltterapeutiese verhouding aangemoedig om sover moontlik in die hier-en-nou te bly. Aspekte uit die verlede wat tans 'n invloed op die adolessente se funksionering het, is hanteer.

- **Bewuste wesens**

Die adolessente het die potensiaal om bewus te word van hul emosies, denke, sintuie en gedrag. Volgens Oaklander (1999:165) en Yontef (1993:12) bied bewustheid die mens die geleentheid om keuses uit te oefen ten opsigte van meer effektiewe wyses van uitdrukking van emosies, denke en gedrag. Bewustheid kan opsigself spontaan verandering teweeg bring. Volgens Schoeman (2001:90) en Sills *et al.* (1995:8) kan die adolessente met groter bewustheid selfregulering ontwikkel en sodoende meer beheer oor hulle eie lewens hê, insluitend hul gedrag en emosies.

Volgens Perls *et al.* (1951:96) sien en ervaar die gemeenskap die funksie van emosies in 'n negatiewe lig. Oaklander (1978:206) meld dat kinders wat spontaan en direk optree dikwels in konflik kom met volwassenes en verkeerdelik geëtiketteer word as *"acting out"*, of as stout. Sy meld verder dat die reaksie op sekere emosies meebring dat verwerping ervaar word en sodoende word die kind gekondisioneer om die emosies te ontken. Perls *et al.* (1951:96) ervaar dat kalmte hoog aangeskryf word in die samelewings van vandag en dat die mens strewe daarna om koel, kalm en beheersd op te tree. Die outeurs waarsku dat mense nie hulself moet mislei deur 'n front voor te hou nie, want dit kan daartoe lei dat mense hul bewustheid ontken van dit wat "is".

Selfbewustheid bied aan die adolessent keuses. In hierdie studie het die adolessente met gedragsprobleme bewus geraak van hoe hulle voel, wat hulle dink en op watter wyse hulle hulself uitdruk. Met die groter selfbewustheid raak die adolessente bewus van hulle keuses en van die feit dat hulle self verantwoordelik is vir hoe hulle voel, dink en optree. Schoeman (2001:90) meld dat die sleutel tot suksesvolle aanpassing in Perls se teorie die ontwikkeling van persoonlike verantwoordelikheid, die verantwoordelikheid vir 'n persoon se eie lewe en die reaksie teenoor die omgewing is.

- **'n Gesonde mens**

"Gesonde" mense, of adolessente, het volgens Perls, soos in Schoeman (2001:90) aangehaal, die vermoë om hul eie behoeftes te bevredig en die Gestalt te voltooi. Die "gesonde adolessente" het dus die vermoë om op een behoefte te fokus, terwyl die ander na die

agtergrond gereguleer word. Wanneer die behoefte bevredig is of die Gestalt voltooi is, word dit na die agtergrond gereguleer en daar word op die volgende behoefte gefokus.

As adolessente hul behoeftes wil bevredig of die Gestalt wil voltooi en voortgaan met ander dinge moet hulle weet en bewus wees wat hulle behoeftes is en hoe om hulleself en hul omgewing te gebruik om dit te bevredig. Selfs fisiologiese behoeftes kan slegs bevredig word deur die interaksie tussen die adolessente en hul omgewing.

- **Ongesonde mens**

Volgens Perls is "ongesonde mense of adolessente" neurotiese mense;adolessente wat poog om aan te veel behoeftes aandag te skenk en dan misluk om een behoefte deeglik te bevredig en af te handel. Dit is ook hierdie adolessente wat die omgewing manipuleer om in hul behoeftes te voorsien, alhoewel hulle in staat is om dit self te doen. Hulle gee daardeur die beheer van hul lewens oor aan ander wat bereid is om na hulle behoeftes om te sien (Schoeman, 2001:91). Volgens Perls (1973: 31) is dit die adolessente se onvermoë om balans tussen hulself en die omgewing te handhaaf.

Volgens Perls (in Schoeman, 2001:90) kan integrasie slegs plaasvind deur hoë vlakke van bewustheid. Die adolessente staan egter in verhouding tot hul veld, ouers, familie, vriende, skool en die groter gemeenskap, wat 'n groot invloed op hul natuurlike vloei of ontwikkeling het.

2.2.4. Belangrike konsepte en beginsels

Die Gestaltterapeutiese benadering plaas klem op sekere aspekte van ontwikkeling en die belangrikste van hierdie aspekte is dat die mens ontwikkel en gevorm word in verhouding tot ander, konteks en veld, en met die nodige bewustheid. Belangrike konsepte en beginsels in hierdie verband word vervolgens bespreek.

2.2.4.1 Ontwikkeling van die self

Die Gestaltterapeutiese benadering berus volgens verskeie outeurs, veral Phillipson (2001:3-5), op die veldteorie en beskou die ontwikkeling en vorming van die self in verhouding tot die veld, omgewing of ander. Jacobs (1998:3) bevestig hierdie siening dat daar geen "self" is sonder ander nie. Sy gaan verder en meld: *"Self comes into being with other. The mind is formed and developed in relation."* Die self ontstaan dus deur in verhouding met ander te wees en deur die self te differensieer van die ander of die veld deur die nodige kontak. Volgens Phillipson (2001:7) is die terapeut binne die Gestaltterapeutiese dialoog die "ander" vir die adolessent. Phillipson (2001:6) beskryf die wyses waarop die self werk, die wyses van kontakmaking of die vermyding van kontak, die wyses van bewus wees of bewustheid te beperk, en die wyses waarop dinge gedoen word.

Die eerste kontak is tussen moeder en baba. Oaklander (1978:281,282) dui aan dat alle babas gewoonlik voel dat hulle wonderlik is. Hoe 'n kind egter oor homself voel namate hy ouer word sal grootliks afhang van die boodskappe wat hy van sy ouers, ander betekenisvolle persone of die omgewing kry. Neetling, Quass en Slabber (1999:54) meen dat die ouers die kind kan help om homself met sy positiewe en negatiewe eienskappe, dit wat is, te leer ken. Die adolessent kan dus bou aan sy sterk eienskappe en werk aan sy negatiewe punte.

Dit is duidelik watter invloed die betekenisvolle persone soos ouers, onderwysers en vriende op die individu se vorming van sy self het en in die bepaling van die adolessente se gedrag. Oaklander (1978:281) merk op dat die meeste kinders met wie sy werk 'n lae selfbeeld het en dat dit weerspieël word in hul hele wese. Oaklander meen dat dit verstaanbaar is omdat die wyse waarop mense hulself ervaar en die waarde wat hulle aan hulself heg 'n invloed sal hê op hul gedrag en die wyse waarop hulle hulself en hul lewe hanteer. Adolessente se kontak met hul omgewing of die gebrek daaraan sal ook in 'n groot mate hul ontwikkeling of groei bepaal.

2.2.4.2 Kontak

Kontak behels volgens Oaklander (1999:163) die gebruik van die sintuie, bewustheid van en gepaste gebruik van aspekte van die liggaam, die vermoë om emosies gepas uit te druk en die

gebruik van die intellek in verskeie vorme, soos om te leer, idees uit te druk en persepsies te vorm. Wanneer een van hierdie aspekte geblokkeer, verhinder of geïnhibeer word, lei gesonde kontak daaronder. Gesonde kontak behels 'n gevoel van sekuriteit of gemak in jouself en 'n vreesloosheid om alleen te staan. Schoeman (2001:91) meld dat die gebrek aan kontak lei tot fragmentasie, isolasie, afhanklikheid, 'n stryd tussen wat die persoon is en wat hy behoort te wees en 'n verskeidenheid van polariteite.

Vanuit bogenoemde bespreking kan die navorser die volgende aspekte in hierdie studie identifiseer, naamlik dat adolessente met gedragsprobleme, probleme kan ondervind met gesonde kontak en bewustheid. Die onvanpaste gedrag is dikwels om kontak te vermy en die self te beskerm. Die adolessent se gedrag is ter bevestiging volgens Oaklander (1999:164) 'n poging om balans te herwin ten spyte van die feit dat dit onsuksesvol is. Die neiging na balans of homeostase is so groot dat die adolessente min bewustheid het van oorsaak en gevolg in hul pogings om hul behoeftes te bevredig, die eise te hanteer en hulself te beskerm. Die adolessente bereik egter met hierdie onvanpaste gedrag slegs die teenoorgestelde deur hulself te desensiteer, aspekte van hul lewe te beperk, hul emosies te blokkeer en hul intellek te inhibeer. Die gevolge van hierdie proses, is n kwynende self, kontakvermoë en bewustheid.

2.2.4.3 Kontakgrens

Daar is 'n grens tussen die self en die ander en waarvandaan die self kontak maak met die ander. Hierdie grens is die kontakgrens en is die essensie van die Gestaltbenadering (Yontef, 1993:10).

Volgens Yontef (1993:10) moet die kontakgrens deurdringbaar wees om uitruiling toe te laat, maar ook ferm genoeg om outonomie of individualiteit te handhaaf. Die kontakgrens het volgens Yontef (1993:9,10) twee funksies. Eerstens moet dit die individu toelaat om goeie kontak met die wêreld te maak om sodoende uit te reik en die grense van die self te ontdek. Tweedens sluit effektiewe selfregulering kontak in waar die individu bewus raak van nuwe dinge in die omgewing wat potensieel voedend of giftig kan wees. Die giftige elemente word uitgeskei en die voedende elemente word geëvalueer en geassimileer met betrekking tot die dominante behoefte.

2.2.4.4 Kontakgrensversteurings

Wanneer die grens tussen die self en ander onduidelik, ondeurdringbaar of verlore raak is die resultaat 'n versteuring van die onderskeid tussen die self en ander en 'n versteuring van kontak en bewustheid. Daar is 'n paar kontakversteurings wat volgens Oaklander (1999:163,164) en Yontef (1993:10) algemeen by kinders en adolessente kan voorkom, naamlik:

- Projeksie: Projeksie is 'n verwarring tussen die self en ander wat veroorsaak dat iets wat waarlik die self is na die omgewing oorgedra word, byvoorbeeld deur emosies of skuld op ander te projekteer.

- Defleksie: Die vermyding van kontak en bewustheid van dit wat ongemak veroorsaak, deur byvoorbeeld eerder beleef as reguit en eerlik te wees.

- Retrofleksie: Retrofleksie dui op 'n verdeeldheid in die self, 'n weerstand van aspekte van die self deur die self. Die adolessente doen aan hulself wat hulle eintlik aan iemand anders wil doen of hulle doen iets vir die self wat hulle wil hê iemand anders vir die self moet doen. Die ergste vorm van retrofleksie is selfmoord. Die adolessente rig al hul woede en aggressie, wat hulle teen hulself en ander opgebou het, op hulself. Die adolessent neem alles wat met hulle gebeur persoonlik op.

- Samevloeiing: Die skeiding tussen die self en ander word so onduidelik dat die grens verlore gaan. Dit is wanneer adolessente 'n intense behoefte het aan aanvaarding en ervaring van die self en dan saamvloei en vermeng met die oortuigings en emosies van ander.

- Introjeksie: Die verskynsel van introjekte is van groot belang in die ontwikkeling en gedrag van kinders en adolessente. Baie dikwels definieer jong kinders hulself volgens die boodskappe wat hulle van hul ouers, onderwysers, vriende en ander betekenisvolle persone ontvang. Hul kognitiewe vermoëns is egter in daardie stadium nog nie so ontwikkel dat hul kan onderskei tussen dit wat waar (voedend) en onwaar (giftig) ten opsigte van hulself is nie. Kinders glo alles wat hulle hoor en wat hulle hul verbeel hulle

hoor en definieer hulself op dié manier. Die kind ontwikkel 'n oortuiging van wie hy of sy is en hoe hy of sy behoort te wees ten einde liefde en aanvaarding te verseker en verwerping en alleenheid te vermy. Namate kinders ouer word, kan hulle beter onderskei tussen voedende en giftige elemente uit die omgewing. Van hierdie introjekte bly somtyds deel van hierdie kind se lewe en bepaal sy of haar ontwikkeling en gedrag vir die res van sy of haar lewe.

Oaklander (1999:163) merk op dat bogenoemde kontakversteurings by kinders en adolessente voorkom as gevolg van hul stryd om groot te word, te oorleef en die eise van die lewe of stadium te hanteer. Die Gestaltterapeutiese verhouding tussen die terapeut en die adolessent kan egter die adolessent die geleentheid bied om deur dialoog en eksperimente tot groter bewustheid te kom van wie hy of sy regtig is en dan te kies wie hy of sy wil wees. Daar sal vervolgens gefokus word op die Gestalterapeutiese perspektiewe op gedragsprobleme.

2.2.5 Gedragsprobleme

Volgens Yontef (1993:13) is kinders nog nie genoegsaam ontwikkel om te onderskei tussen voedende en giftige boodskappe vir die self nie en "sluk" hulle die boodskappe heel in en vorm sodoende introjekte van hoe hulle behoort te wees of op te tree. Dit veroorsaak dat mense dikwels skuldemosies ervaar wanneer hulle in ooreenstemming met dit wat hulle "wil hê" optree teenoor dit wat van hulle verwag word. Dit word ook beskryf as die "topdog" en "underdog"-posisie. Fragmentasie vind plaas en optrede of gedrag is dus nie gerig op dit wat is nie, maar op dit wat behoort te wees.

Ander aspekte van adolessente se lewe waarmee hulle ook probleme ondervind en wat tot verdere fragmentasie lei, is die onvoldoende kontak met hul omgewing, onvoltooide behoeftes, emosies of situasies. Adolessente wat gedragsprobleme openbaar, het dikwels ook verskeie polariteite waarmee hulle worstel, byvoorbeeld die liefde vir hul ouers, maar terselfdertyd woede en agressie teenoor hulle (Schoeman, 2001:91).

Volgens Oaklander (1978:298) is adolessente soms onseker, deurmekaar en verwilderd as gevolg van die gemengde boodskappe, wat hul vermoëns en wysheid bevraagteken, wat hulle van hul ouers en die gemeenskap oor hulself ontvang. Hierdie adolessente word dikwels

angstig, depressief, bekommerd en bang oor hulself, die lewe, en veral hul toekoms. Hulle neem dikwels 'n 'traak-my-nie-agtige' houding in teenoor hul lewens, sommige rebelleer en ander baklei hard om hulself te bewys. Volgens Malopo en Van der Merwe (2003:14) kom die adolessente as gevolg van bogenoemde probleme dikwels in konflik met hulself, hul ouers, onderwysers, vriende en die wyer gemeenskap.

Mucucci (1998:174,175) plaas gedragsprobleme op 'n kontinuum. Die minder ernstige gedragsprobleme word ervaar wanneer adolessente moontlik die grense toets deur die verbreking van reëls en deur verbale disrespek aan hul ouers. Wanneer gedragsprobleme middelmatig voorkom sal die adolessente 'n meer volgehoue patroon van afwykings in verskeie areas toon. Hierdie adolessente sal op 'n meer gereelde basis byvoorbeeld alkohol of dwelms gebruik. Hul skoolprestasies is gewoonlik onder potensiaal en hulle is meer geneig om in konflik te wees met hul gesinslede, deur dikwels te vloek, te dreig en hul humeur te verloor. Ernstige gedragsprobleme dui op die moontlikheid van erge gevaar vir die adolessente self of vir die gesin. Daar mag moontlik 'n patroon wees van wegloop van die huis, die hele nag uitbly, dwelmmisbruik, probleme met die gereg, 'n patroon van steel by lede van die gesin, of fisiese geweld. Die gedragsprobleme wat in hierdie studie ter sprake is, is minder tot middelmatig ernstig van aard. Die adolessente toets die grense tuis en by die skool en toon verbale disrespek teenoor hul ouers en onderwysers. Hierdie seuns onderpresteer op skool en gebruik per geleentheid alkohol.

2.2.5.1 Perspektiewe op gedragsverandering

Die adolessente moet eers bewus raak en hulself aanvaar vir wie en wat hulle is voordat hulle na alternatiewe kan kyk en besef dat hulle kan kies om te wees wat hulle is. Breisser (1970:1) definieer hierdie beginsel as die paradoksale teorie van verandering en beskryf dit soos volg*: "…that change occurs when one becomes what he is, not when he tries to become what he is not."* Binne die Gestaltbenadering is daar verskeie sienings oor gedrag en die verandering en groei wat dit tot gevolg het.

Volgens Jacobs (1998:7) vind verandering plaas deur kontak en insluiting. Deur die terapeutiese verhouding word kontak tussen die terapeut en die kliënt bewerkstellig. As die terapeut insluiting beoefen sal die kliënt die geleentheid kry om homself te wees, omdat die

terapeut die kliënt aanvaar en sien soos wat hy is. As die kliënt kan identifiseer met sy hier-en-nou ervaring van sy wêreld, kan verandering outomaties plaasvind, want om daarteen te baklei sal kontak verhinder en so ook groei. Jacobs stel kontak gelyk aan verandering en groei.

Crocker (2001:3,7) skryf dat sy in die terapeutiese sessie slegs geïnteresseerd is om ten volle teenwoordig te wees en dit wat is van die kliënt te ontdek. Die wat “is” is gewoonlik weggesteek onder vele maskers, wat sekere praktiese funksies in die kliënt se lewe verrig het. Die terapeutiese proses van verandering is slegs moontlik as die kliënt bereid is om die maskers te lig en te sien hoe hy met sy wêreld omgaan. Crocker (2001:7) merk op: *"But paradoxically, this goal can be achieved only by looking away from it, in order to let 'what is' show itself just-as-it-is – and then as-it-can-be."*

Oaklander (1978:283,284) is van mening dat verandering uit die kliënt self moet kom. Die verandering kan slegs plaasvind as die kliënt homself heeltemal aanvaar, goeie en slegte emosies. Namate die kliënt bewus raak van homself, leer hy van homself en sy unieke menswees. Verandering raak moontlik namate die kliënt besef dat dit aanvaarbaar is om te wees wat hy is.

Volgens Yontef (1993:13) vind verandering spontaan plaas deur bewustheid en kontak. Met bewustelike selfaanvaarding en die reg om te wees wat jy is, kan die organisme sinvol verander en groei. Die medium waardeur verandering plaasvind is die terapeutiese verhouding waar die kliënt aanvaar en verstaan word.

Beisser (1970:1,2) meld dat verandering plaasvind wanneer iemand word wat hy "is" en nie wanneer hy poog om te wees wat hy nie is nie. Volgens Beisser moet die terapeut oop wees vir verandering, want dan het hy die grootste impak op die kliënt. Beisser het juis die verandering die paradoksale teorie van verandering genoem, omdat daar nie gemik word na verandering nie, maar dat die verandering net spontaan gebeur. Estrup (2000:4) bevestig Beisser se siening deur die volgende op te merk: *"Change occurs naturally by becoming, owning what / how one is rather than by trying to be diffirent"*.

In Gestaltterapie is daar nie "*shoulds"* nie. Die Gestaltterapeut beklemtoon dit wat "is". In Gestaltterapie word die kliënt en die terapeut aangemoedig om hulself te wees, want dan kan verandering en groei plaasvind. Gestaltterapie werk na begrip en insig deur die gebruik van die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en kliënt wat gebaseer is op ware kontak. In hierdie studie gaan die klem val op die terapeutiese verhouding waardeur kontak en bewustheid bevorder gaan word. Die doel van Gestaltspelterapie is nie verandering nie, maar volgens Oaklander (1978:284) om die adolessente se self aan hulle terug te gee.

2.3 GESTALTSPELTERAPIE

Gestaltspelterapie is volgens Blom (2006:19-20) ’n psigoterapeutiese tegniek wat gebruik maak van die beginsels van die Gestaltterapeutiese benadering, gedurende spelterapie. Deur die vorming van’n terapeutiese verhouding en kontak, volgens ’n spesifieke proses, kry adolessente die geleentheid om hulle ervaring van hulself, verbaal of nie-verbaal uit te druk en hulself te vertroetel. Gestaltspelterapie is ingestel op die kind se proses, dit wil sê die wyse waarop die kind sy wêreld benader en hanteer. Volgens Schoeman (2002:11) is die volgende belangrike aspekte om na te kyk in hierdie verband: konfronteer kinders of adolessente hul eie onvanpaste gedrag; is die adolessente realisties in hul hantering daarvan; neem die adolessente verantwoordelikheid vir hulle eie emosies; eksperimenteer die adolessente met nuwe gedrag en op watter wyse maak die adolessent gebruik van ondersteuning uit die omgewing? In hierdie studie gaan die adolessente wat gedragsprobleme openbaar deur die Gestaltterapeutiese proses meer bewus gemaak word van hul eie prosesse en hoe hulle met hul wêreld omgaan.

2.4 DIE GESTALTTERAPEUTIESE PROSES

Die Gestaltterapeutiese proses behels al die aspekte wat deel uitmaak van die Schoeman-model. Volgens Schoeman (2002:12) kan die proses slegs voltooi word wanneer daar 'n verhouding tussen die terapeut en kliënt bestaan, die kliënt sensories intak is en die kliënt se proses bepaal is. Oaklander (in Schoeman, 2002:13) sluit hierby aan deur te bevestig dat die proses voltooi is as die volgende vyf aspekte behaal is, naamlik 'n goeie verhouding, sensoriese stimulasie, bemagtiging van die self, emosionele uitdrukking en selfvertroeteling.

Volgens die navorser sal die terapeutiese verhouding grootliks die sukses of voltooiing van die terapeutiese proses bepaal.

Vervolgens sal die Gestaltterapeutiese proses aan die hand van die volgende aspekte bespreek word, naamlik die Gestaltterapeutiese verhouding, sensoriese kontakmaking en proses, alternatiewe, bemagtiging en selfvertroeteling.

2.4.1 Die Gestaltterapeutiese verhouding

In die Gestaltterapeutiese teorie is daar drie perspektiewe waarop die Gestaltterapeutiese verhouding, dialoog en bewustheid gebaseer is en dit is die fenomenologiese perspektief, veldperspektief en die eksistensiële perspektief.

2.4.1.1 Die perspektiewe van die Gestaltterapeutiese verhouding

Die drie perspektiewe wat die basis vorm van die Gestaltterapeutiese benadering vorm ook die grondslag van die Gestaltterapeutiese verhouding.

- **Die fenomenologiese perspektief**

Die fenomenologiese perspektief impliseer volgens Yontef (1993:2) dat die Gestaltterapeut neem en reageer op dit wat die kliënt nou onthul, verbaal of nie-verbaal, sonder oordele of interpretasies. Die terapeut is oop om dit wat die kliënt bring, te ontvang en te ervaar. Jacobs (1998:8) meld in hierdie verband dat die fenomenologiese metode dit vir haar moontlik maak of haar ondersteun om ware dialoog, veral insluiting en teenwoordigheid, binne die terapeutiese verhouding toe te pas.

- **Die veldperspektief**

Die mens in sy unieke lewensruimte impliseer 'n veld. Jacobs (1998:9) sluit hierby aan deur te sê dat niks weg van sy konteks gedefinieer kan word nie. Tweedens merk sy op dat elke mens sy eie perspektief van 'n gebeurtenis of realiteit het. Perspektiewe verskil van waar die adolessent in sy veld staan en die terapeut in syne. Realiteit is dus 'n kwessie van perspektief.

Die Gestaltterapeut stel belang in die adolessent se perspektief van sy wêreld of realiteit en kan nie die adolessent evalueer ten opsigte van sy eie ervaring van realiteit of wêreld nie. Die adolessent word dus gesien vir wat hy is en nie wat hy behoort te wees nie.

- **Die eksistensiële perspektief**

Die eksistensiële perspektief is volgens Yontef (1993:3) gebaseer op die fenomenologiese metode. Mense raak vasgevang in 'n konteks van konvensionele denke wat veroorsaak dat hulle nie meer die wêreld sien soos dit is nie. Die Gestalterapeutiese benadering gee vir die mens weer die geleentheid tot groter bewustheid. Die eksistensiële perspektief huldig die siening dat die mens homself nimmereindigend ontdek en aanpassings maak. Daar is altyd nuwe horisonne om te ontdek, nuwe probleme om op te los en nuwe geleenthede om aan te gryp.

Bogenoemde perspektiewe vorm die basis van die Gestaltterapeutiese benadering, spelterapie en die terapeutiese verhouding. Die doel van die Gestaltterapeutiese benadering en spelterapie word grootliks bereik deur die Gestaltterapeutiese verhouding.

2.4.1.2 Die doel van die Gestaltterapeutiese verhouding

In Schoeman (2001:93) word Perls aangehaal waar hy noem dat die doel van die Gestaltterapeutiese verhouding is om mense te help om hulself te help om groot te word of volwassenheid te bereik, om beheer oor hul lewens terug te vat en verantwoordelikheid vir hulself te neem. Die wyse waarop die Gestaltterapeutiese verhouding volwassenheid bevorder en integrasie bewerkstellig is deur bewustheid te verdiep.

Integrasie en volwassenheid is volgens Perls (in Schoeman, 2001:92) ’n*: "… neverending processes directly related to a person’s awareness of the here and now."* Wanneer die dominante behoefte, die behoefte wat op die voorgrond is, voltooi en bevredig word sal dit na die agtergrond verskuif en 'n nuwe behoefte sal weer op die voorgrond tree om bevredig en voltooi te raak. Die mens sal dus altyd 'n behoefte hê wat voltooi moet word en so sal die

mens altyd na 'n geheel beweeg. Die Gestaltterapeutiese verhouding help die persoon om sy gedrag en behoeftes by mekaar te bring en 'n geheel of Gestalt te vorm.

Volgens Yontef (1993:15,16) word sukses in die Gestaltterapeutiese verhouding gemeet aan die mate waartoe die kliënt gegroei het in bewustheid, verantwoordelikheid vir homself en sy gedrag kan neem en die kliënt se vermoë om van omgewingsondersteuning na selfondersteuning te beweeg. Die Gestaltterapeutiese verhouding het volgens die navorser 'n bewustheid van die self by die adolessente met gedragsprobleme geskep, die adolessente gehelp om hul gedrag en behoeftes by mekaar uit te bring en verantwoordelikheid te neem vir hul eie lewens.

2.4.1.3 Bewustheid in die Gestaltterapeutiese verhouding

Bewustheid en dialoog is volgens Yontef (1993:11) die primêre terapeutiese gereedskap in Gestaltterapie. Oaklander (1999:165) merk op dat om 'n persoon na bewustheid te lei van sy eie proses – wat hy doen en hoe hy dinge doen – 'n belangrike aspek van Gestaltspelterapie is. Yontef (1993:11) brei hierop uit en beskryf bewustheid as 'n tipe ervaring wat kortweg gedefinieer kan word as, om in voeling te wees met jou eie bestaan, met dit wat "is".

Volgens Sills *et al.* (1995:22) kan bewustheid slegs plaasvind in die hede en moet die mens in voeling met homself en die realiteit van die wêreld wees. Bewustheid behels ook die terugwin van aspekte van die self wat verloor of onteien is deur ongebruik of onderdrukking. Die onteiening is gewoonlik 'n onbewustelike proses wat beteken dat dit nie in bewustheid plaasvind nie. Die persone wat hoë vlakke van bewustheid ervaar, is mense wat weet wat hulle doen, hoe hulle dit doen, dat hulle alternatiewe het en dat hulle kies om te wees soos hulle is. Die Gestaltspelterapeut se funksie volgens Schoeman (2001:93) is om die kliënt se bewustheid in die hier-en-nou te fasiliteer. Bewustheid is die vermoë om te fokus, aandag te gee en om in voeling te wees met die hier-en-nou.

2.4.1.4 Die dialogiese verhouding

Die Gestaltterapeutiese verhouding is die hartklop van die Gestaltterapeutiese benadering en is 'n manier van eksplorasie en 'n toenemende bewustheid in die dialoog (Sills *et al.* 1995:12).

Yontef (1993:3) bevestig dat die terapeutiese verhouding die belangrikste element van terapie is en dat dialoog 'n essensiële deel van die metodes van Gestaltterapie is.

2.4.1.5 Ware dialoog

Dialoog is volgens Yontef (1993:3) die manifestasie van die eksistensiële perspektief in verhoudings. Dialoog is gebaseer op die ervaring van die ander persoon soos hy regtig is en die wys van die ware self, met 'n gedeelde fenomenologiese bewustheid. Dialoog bevorder die Gestaltterapeut se opregtheid en verantwoordelikheid en sodoende die verhouding (Yontef, 1993:17). Ware dialoog kan onderverdeel word in twee verhoudingsvlakke, naamlik die "*I-It"* en die "*I-Thou"* verhoudingsvlakke. Ware dialoog bereik volgens Crocker (2001:5,6) albei hierdie vlakke gedurende die terapeutiese proses. Sy beskryf die vlakke soos volg:

- Die "*I-It"*-verhoudingsvlak: Wanneer die adolessent sy ervarings aan die terapeut onthul is daar sekere aspekte van die ervarings en die wyse waarop die adolessent dit oordra wat die terapeut opval en interesseer. Die terapeut dink aan sekere intervensies wat hierdie aspekte gaan beklemtoon of ondersoek. Die terapeut staan dan in 'n "*I-It"*-verhouding tot die terapeutiese proses. In die "*I-It"*- verhouding is daar 'n bewustheid van tyd, die gebruik van oordeel en oriëntasie. Dit is die verhoudingsvlak waarin mense meestal in hul wêreld is.

- Die "*I-Thou"*- verhoudingsvlak: Oaklander (1999:163) bevestig Crocker se idees dat die terapeut bewus is van die feit dat hy, ten spyte van verskille in ouderdom, ervaring en opvoeding, nie bo die adolessent verhewe is nie. Die terapeut het 'n verantwoordelikheid om haarself ten volle en opreg na die ontmoeting te bring. Die "*I-Thou"*- verhouding is die diepste vlak van ontmoeting waar twee mense die ervaring deel dat hulle menswees heeltemal verstaan en aanvaar word. In hierdie oomblikke is daar nie 'n begrip van tyd of doel nie, daar word nie verdedig of voorgegee nie en daar bestaan geen behoefte om te verander nie. Een van die belangrikste kwaliteite van die "*I-Thou"*- verhouding is die bevestiging van ons unieke menswees of self.

Die moontlikheid bestaan volgens die navorser dat die adolessente met gedragsprobleme al verskeie ervarings gehad het, waar ander of die omgewing (ouers, skool, vriende, gemeenskap

en samelewing) hulle wou verander. Die adolessente met gedragsprobleme is ook al deur ouers, onderwysers, vriende en die gemeenskap gemerk of geëtiketteer en word benader met vooropgestelde idees, oordele en interpretasies. Die boodskap wat hierdie adolessente kry is dat hulle nie aanvaar word vir wie hulle "is" nie en hulle vorm hulself nie in ooreenstemming met hul eie behoeftes en wil nie, maar na ander se oordele en opinies oor hulself. Die Gestaltterapeutiese verhouding bied vir die adolessente met gedragsprobleme die geleentheid om miskien vir die eerste keer in 'n verhouding te wees waar hulle regtig gehoor en gesien word en waar hulle aangemoedig en aanvaar word vir wat hulle "is" en nie wat hulle "behoort" te wees nie.

Die Gestaltterapeut se houding teenoor ware dialoog sal die kwaliteit en sukses van die terapeutiese proses bepaal. Die Gestaltterapeutiese verhouding beklemtoon vier eienskappe van ware dialoog, naamlik:

- Insluiting: Purcell-Lee (2000:5) beskryf insluiting soos volg – dat die I-Thou-verhouding die hele persoon behels wat 'n gebeurtenis van die kant van die ander sowel as sy eie kant ervaar. Jacobs (1998:1) voel dat insluiting dit is wat ons in groot mate ken as empatie. Die Gestaltterapeut poog om homself sover moontlik in te leef in die ervaringswêreld van die adolessente en 'n begrip te vorm van hoe die adolessente se realiteit vanuit hul perspektief daar uitsien

- Teenwoordigheid: Volgens Jacobs (1998:5) is teenwoordigheid die terapeut se bereidwilligheid om gesien te word soos hy is en nie te probeer om te manipuleer en te beheer hoe hy gesien wil word nie. Die Gestaltterapeut bespreek observasies, voorkeure, emosies, persoonlike ervarings en gedagtes met die adolessent. Die terapeut deel perspektiewe met die adolessente wat vertroue bevorder en die gebruik van onmiddellike ervarings help om bewustheid te bevorder.

- Toewyding tot dialoog: Die Gestaltterapeut wy hom aan die doel en taak van terapie. Dit is belangrik dat die terapeut en die adolessente ooreenkom dat hulle kontak gaan toelaat. Die Gestaltterapeut gee homself oor aan die terapeutiese proses deur toe te laat dat kontak gemaak word en dit wat die adolessente gee, te ontvang. Die kontak gebeur, eerder as om dit te manipuleer, en die uitkoms te beheer (Jacobs, 1998:6).

- Dialoog word gelewe: Volgens Yontef (1993:4) is dialoog iets wat gedoen moet word eerder as om daaroor te praat. Dialoog kan dans, musiek, woorde, spel of enige vorm van uitdrukking wees. In die terapeutiese proses waar insluiting, teenwoordigheid en 'n toewyding aan dialoog plaasvind, word daar kontak gemaak. Deur die kontak vind groei of verandering plaas by beide die kliënte en die terapeut. Die kliënte kan nou hul self vind deur hul kontakmaking op die verskillende verhoudingsvlakke (die "*I-It"* en die "*I-Thou"*). Die kliënte kan die dialogiese verhouding begin uitleef, nie noodwendig in terapie nie, maar ook buite die terapeutiese omgewing.

Die "*I-Thou"*, dialogiese verhouding sluit alles in wat die Gestaltterapeute uitleef in hul verhoudings met kliënte, byvoorbeeld kontak, bewustheid, die fenomenologiese metode en die paradoksale teorie van verandering.

2.4.1.6 Ander belangrike konsepte in die Gestaltterapeutiese verhouding

Ander belangrike konsepte binne die terapeutiese verhouding is die aanvaarding van dit wat is, insluitend weerstand en die wedersydse neem van verantwoordelikhede.

- Selfaanvaarding en aanvaarding: Die Gestaltterapeut se aanvaarding van die adolessente en ook homself speel volgens Sills *et al.* (1995:112) en Phillipson (1998:16) 'n belangrike rol in die fasilitering van die adolessente se ontvouende bewustheid. Die terapeut se selfaanvaarding laat hom toe om emosies en ervarings wat in die terapeutiese verhouding opkom te eien, bewus te wees daarvan en daarvolgens op te tree. Die terapeut kan relevante emosies en ervarings met die adolessent deel en die adolessent sodoende help tot verdere bewustheid en groei. Volgens Yontef (1993:23) balanseer die Gestaltterapeut frustrasie en ondersteuning. Die terapeut ondersoek eerder as om aan die adolessent se wense te bevredig. Die gee van kontak is ondersteunend, alhoewel eerlike kontak manipulasie ontmoedig. 'n Balans van warmte en fermheid is belangrik vir die terapeutiese verhouding. Die terapeut se aanvaarding van die adolessent moet ook daardie aspekte wat as weerstand ervaar word, insluit.

- Aanvaarding van weerstand: Die Gestaltterapeut se benadering is holisties van aard en daarom word die adolessent waardeer as geheel, 'n totale organisme, sonder enige kritiek, oordele of interpretasies. Die doel van die Gestaltterapeutiese verhouding is nie verandering nie, maar bewustheid. Die hartseer, die lekker, die bewustelike en onbewustelike, en die weerstand is alles dele van die geheel – die Gestalt. Sodra die terapeut die weerstand van die adolessente as deel van die kliënte sien, kan hy saam met die kliënte dit uitlig en ondersoek. Die terapeut kan die kliënte help om daardie aspekte as deel van hul eie proses te leer ken en te aanvaar of weg te doen daarmee (Phillipson,1998:9).

- Soos Perls (in Schoeman, 2001:92) verwys Yontef (1993:15) na die impasse fase waar die adolessent se omgewingsondersteuning nie beskikbaar is nie en die adolessent glo dat hy nie selfondersteunend kan optree nie. Die adolessent is gewoonlik verdeeld tussen impulse en weerstand en hanteer gewoonlik die situasie deur ander te manipuleer. Die Gestaltterapeut is volgens Schoeman (2002:9) bewus daarvan dat weerstand die kind en adolessent se manier is om homself te beskerm. Weerstand is noodsaaklik by kinders en adolessente en dui op definitiewe vordering in die terapeutiese proses.

- Aanvaarding van verantwoordelikheid: In Schoeman (2001:93) word Perls aangehaal waar hy meld dat die doel van Gestaltterapie is om die mense, in die geval die adolessente te help sodat hulle uiteindelik verantwoordelikheid vir hul eie lewens kan neem. Gestaltterapie beklemtoon die feit dat die terapeut en die adolessente self verantwoordelik is. Wanneer die terapeut die kliënte se verantwoordelikheid oorneem, ontken die terapeut die feit dat die adolessent self verantwoordelik is en die vermoë het tot selfondersteuning en selfregulering binne die terapeutiese verhouding. Die kliënte se verantwoordelikheid is om hulself te wees en om hul eie keuses te maak ten opsigte van hul hede en toekoms. Die terapeut is verantwoordelik vir die bou en die ondersoek van die terapeutiese verhouding; om sy sintuie akkuraat en ten volle te gebruik en om in kontak te wees met sy eie emosies en ervarings veral in sy reaksie op sy kliënte. Sukses van die terapie gaan afhang van die mate waarin die kliënte verantwoordelikheid vir hulself geneem het (Phillipson, 1998:6).

- Die Gestaltterapeutiese verhouding in geheel: Volgens Jacobs (1998:7) huldig die Gestaltterapeutiese benadering die siening dat kontak tot groei lei. Jacobs meld verder:

"There is no life without contact, and without any contact there is no growth, and every moment of contact is growth or change. That's the is-ness of it." Elke oomblik van kontak is dus 'n geleentheid vir die terapeut en kliënt om te verander en te groei. Die kontak binne die terapeutiese verhouding gaan wedersydse verandering en groei teweeg bring. Dit mag moontlik nie die verandering wees waarop die terapeut gehoop het nie, maar dit is die adolessent se keuse en verantwoordelikheid. Die Gestaltterapeut kan volgens Jacobs (1998:8) dus volkome staatmaak op die paradoksale teorie van verandering deur die kontak wat bewerkstellig word deur die terapeutiese verhouding. Die terapeut wil nie die adolessent verander nie, maar deur die kontak in die terapeutiese verhouding is verandering of groei onkeerbaar. Die navorser is van mening dat die adolessente deur die verskillende ervarings en eksperimente meer bewus word van hulself, wie hulle is, wat hulle voel, waarvan hulle hou en nie hou nie, wat hul behoeftes is, wat hulle doen en hoe hulle dit doen – die adolessente besef dan dat hulle kan keuses maak, om hul self beter uit te druk, hul behoeftes te bevredig en nuwe gedrag te ondersoek.

Die adolessente se "self" word sterker namate hulle hulself beter definieer. Die ervaring van nuwe aspekte in die terapeutiese verhouding kan lei tot integrasie van die aspekte van die self. Oaklander (1978:298) voel dat die terapeutiese verhouding die adolessente die geleentheid gee: *"… to come clear about themselves, their needs and their wants. They can gain strength to deal with the problems and conflicts of the world that they need to face."*

2.4.2 Sensoriese kontakmaking en proses

Die navorser stem saam met Oaklander (1978:109) dat die mens se ervaring en interpretasie van sensoriese elemente hom in staat stel om sy wêreld te ervaar en kontak te bewerkstellig. Enige kontak of intervensie is nie moontlik as die kliënt sensories nie intak is nie. Volgens Oaklander (1978:109) gebeur dit dat die mens volle bewustheid van hul sensoriese modaliteite verloor en dat dit outomaties en apart van die self funksioneer.

Volgens Schoeman (2001:77) kan die volgende sensoriese gewaarwordinge waargeneem en gestimuleer word, naamlik, aanraking, kyk en sien, luister en hoor, proe, ruik en emosionele ervarings. Schoeman en Van der Merwe (1996:57) meld verder dat die terapeut ook in kontak moet wees met haar eie liggaamsidentiteite om sodoende die kind se ervaringe korrek weer te

gee. Gedurende die Gestaltterapeutiese proses kry die kliënt die geleentheid om sensories bewus te word deur middel van verskeie tegnieke.

Deur die Gestaltterapeutiese verhouding is dit belangrik dat die Gestaltterapeut deeglik bewus moet wees van die kliënt se proses. Schoeman en Van der Merwe (1996:91) stel dit onomwonde dat dit elke terapeut se verantwoordelikheid is om elke kliënt se unieke wyse van funksionering te verstaan. Begrip van die kliënt se proses help die terapeut om die kliënt te begelei om homself te verstaan en sy proses tot sy eie groei te benut. Die kliënt moet sy eie proses ervaar en insien en sodoende besluit of dit vir hom aanvaarbaar is of nie. Die kliënt se proses is volgens die navorser die wyse waarop die kliënt sy wêreld en meer spesifiek probleme in sy wêreld hanteer. Die kliënt se proses het 'n direkte invloed op die terapeutiese proses, die tempo en die tegnieke wat benut gaan word.

2.4.3 Alternatiewe, bemagtiging en selfvertroeteling

Volgens Schoeman (2002:12,13) ondersteun die terapeut die kliënt tydens die besluitneming oor alternatiewe in terme van die:

- Verlede – Daar word in die hier-en-nou gekyk na soortgelyke situasies in die verlede en hoe funksioneel dit hanteer is.
- Hede – Daar word gekyk na moontlikhede wat hier-en-nou toegepas kan word. Die terapeut kan die kliënt ondersteun deur hom te help om deur sekere tegnieke of eksperimente die gedrag te oefen of te implementeer.
- Toekoms – Die terapeut en die kliënt beplan wat die kliënt kan doen indien soortgelyke situasies in die toekoms mag opduik.

Dit is veral hier volgens die navorser belangrik dat kliënte hul eie keuses maak en die verantwoordelikheid daarvoor dra. Dit kan van die terapeut vereis om in samevloeiing met die kliënte te gaan of in polariteite te werk en die geleentheid vir die kliënte te gee om hul emosies uit te druk.

Die terapeut het volgens Schoeman (2002:13) nodig om kliënte te bemagtig met iets wat binne hul unieke lewensituasie waar en eg is, sodat kliënte bewus raak van die feit dat hulle in

staat is om verantwoordelikheid te neem vir hulself. Dit impliseer dat die kliënt kan beweeg van omgewingondersteuning na selfondersteuning.

Die kliënt sal binne die Gestaltterapeutiese verhouding 'n gevoel van veiligheid en in 'n mate vertroeteling beleef. Die terapeut help die kliënt volgens Schoeman (2002:13) om binne sy lewensituasie 'n plek te skep waar hy veilig en vertroetel voel, sodat die kliënt se selfaanvaarding uit gesonde selfbehoud spruit en integrasie kan plaasvind.

Volgens Oaklander (*in* Schoeman, 2002:13) sal die Gestaltspelterapeutiese proses voltooi wees en ten einde loop as al bogenoemde aspekte bereik is. Hierdie proses is met die adolessente seuns deurloop en voltooi.

2.5 TEGNIEKE

Die eksperimente of tegnieke in Gestaltterapie word volgens Phillipson (1998:6) soms bevraagteken omdat dit die verhouding tussen die terapeut en kliënt kan versteur. Die terapeut word gesien as die ekspert en die kliënt as die een wat gehoorsaam is en wat op wyses reageer wat hy dink van hom verwag word. In die Gestaltterapie word die kundigheid van die terapeut en die kliënt gebalanseer. Die kliënt word gesien as die kundige van sy eie lewe en die terapeut as die kundige om die terapeutiese proses te fasiliteer. Die terapeut moet kreatief wees ten opsigte van die eksperiment wat fokus op verlangde areas gesamentlik met die sensitiwiteit om te besef wanneer dit nie die regte tyd is om 'n eksperiment te suggereer nie.

Die eksperiment of tegnieke in Gestaltterapie se funksie is dat dit die kliënt die geleentheid bied om die perke wat hulle op hulself geplaas het, hul gedrag, emosies, denke en sintuie, in die terapeutiese verhouding te kan ondersoek. Dit skep die geleentheid dat vervreemde dele van die self weer geïntegreer of verwerp kan word (Phillipson, 1998:6).

Die volgende tegnieke wat Schoeman (2001:93-96) bespreek, is in hierdie studie gebruik,individueel asook in die groepwerk naamlik:

- "Ek"- taal – kliënte word aangemoedig om die woord "ek" te gebruik in plaas van "jou" of "hulle". Die boodskap word onmiddellik persoonlik en dit help die kliënte om verantwoordelikheid te neem vir hul emosies, denke en gedrag.

- Vervang die woord "kan nie" met "wil nie". Die kliënt sal byvoorbeeld sê dat hy nie sy Wiskunde huiswerk wil doen nie eerder as dat hy dit nie kan doen nie. Die kliënte word weereens bewus van hul eie verantwoordelikheid ten opsigte van hul lewens.
- Die leë-stoeltegniek: Die leë-stoeltegniek word dikwels in die Gestaltterapie gebruik om konflik tussen mense of konflik binne die persoon self te rolspeel. Die leë-stoeltegniek kan kliënte help om tussen dit wat hulle wil, "underdog", teenoor dit wat hulle behoort "topdog" te doen, te debatteer. Die adolessente sit eers in die een stoel en debatteer oor dit wat hy wil teenoor die ander stoel wat hy debatteer oor dit wat hy behoort. Deur middel van die debat tussen die twee dele en stoele word die kliënte dikwels bewus van watter stoel die meeste integrasie van beide aspekte plaasvind en dit lei daartoe dat die kliënte die beste van beide kante – wat hulle wil en wat hulle behoort- het.
- Fantasiespel: Fantasie is pret vir kinders en adolessente en laat hulle bewus word van hulle emosies in die hier-en-nou. Die roosboomtegniek is in hierdie studie gebruik, om te sien hoe adolessente na hulself en hul wêreld kyk, dit wil sê selfbeeld en selfpersepsie. Die roosboomtegniek bestudeer die tipe boom (sterk of swak), die wortelstelsel (diep of vlak), die aantal rose (te min of te veel), die omgewing (goed of sleg vir groei), of die roosboom uitstaan bo ander, of dit genoeg spasie het, of daar ander plante is en of die boom 'n goeie toekoms het. Die adolessente word gevra met watter van hierdie eienskappe hulle die maklikste identifiseer. Hierdie tegniek bied veral vir die adolessent die geleentheid om van homself en sy wêreld te deel en bewus te word.
- Projeksietegnieke sluit nou aan by fantasie en is ook in hierdie studie aangewend. Schoeman en Van der Merwe (1996:64) beskryf projeksie as 'n tegniek wat bydra om kunstige en kreatiewe kwaliteite te bevorder; en dit is terselfdertyd 'n primitiewe verdedigingsmeganisme wat gebruik word wanneer iemand nie hul emosies of gedrag kan aanvaar omdat dit nie aanvaarbaar is om so te voel of op te tree nie. Die doel van projeksie is om die hier-en-nou te bevorder, die groei van die self te stimuleer en onvoltooidhede op te los wat organismiese selfregulering vestig.
- Verdere tekeninge en die genogram is gebruik wat fokus op die adolessente se wêreld, wie en wat toegelaat word, wat die adolessente wil en wat hul behoort, hul emosies, behoeftes, afkeure, voorkeure en wense, wat uitgelaat word en waarom. Hierdie

tegnieke bevorder ook bewustheid van die adolessente se wêreld (Schoeman, 2001:95,96; Schoeman & Van der Merwe, 1996:64).

Die eksperimente of tegnieke word in die Gestaltterapie ervaar as deel van die terapeutiese verhouding, wat die kliënt die geleentheid bied om die terapeut en die res van hul wêreld op verskillende wyses te benader. Die eksperiment of tegnieke dra by tot eerlike en ware dialoog (Phillipson, 1998:2,9). Yontef (1993:19) waarsku dat*: " Techniques are just techniques: the overall method, relationship, and attitude are vital aspects."* Die navorser is van mening dat tegnieke en eksperimente 'n belangrike rol vervul binne die terapeutiese verhouding, maar nie in so 'n mate dat dit die doel van die terapeutiese verhouding manipuleer nie.

2.6 GROEPWERK VANUIT DIE GESTALTTERAPEUTIESE BENADERING

Alle belangrike beginsels en konsepte van die Gestaltterapeutiese benadering is van toepassing op die groepwerk. Oaklander (1999:165) definieer die groep as: *"…being a small, insulated world in which present behavior can be experienced and new behaviors tried out."* Volgens Early (2001:1) bied Gestaltgroepwerk die groepslede die beste potensiële geleentheid tot bewustheid en groei deur die interaksies met ander groepslede. Early (2001:7) meld verder dat binne die terapeutiese verhouding die lede aangemoedig word om met mekaar interpersoonlike kontak te maak. Die lede word aangemoedig om hul ware interpersoonlike patrone uit te leef. Deur hulself te wees kom die lede tot bewustheid van gedragsprobleme wat vir hulle gemak en ongemak skep.

Die groepslede kan gedragsprobleme ondersoek en met alternatiewe gedragspatrone eksperimenteer. Die groepslede leer uit hul eie bewustheid, deur die terugvoer van die groep en deur ander lede wat 'n soortgelyke probleem het (Early, 2001:7). Polster en Polster (1973:289) bevestig hierdie deur die volgende op te merk: *"Almost invariably there is support somewhere in a group for whatever behavior anyone may try."* Die terapeut het in die meeste gevalle al gevestigde verhoudings met die lede soos ook in hierdie studie. Die terapeut tree slegs op as fasiliteerder en word slegs betrek indien een van die lede emosies teenoor die terapeut toon.

Die interaktiewe groepe wat in hierdie navorsing binne groepwerk gebruik is, verskil op vier wyses van die tradisionele groepwerk. Volgens Early (2001:7-8) val die klem op ware verhoudings tussen die lede binne die interaktiewe groepe. Die lede wys hul ware emosies en daar word gewerk met verdedigingsmeganismes soos dit na vore kom. Die terapeutiese heling kom dikwels as gevolg van die ware verhouding waardeur die lede deur hul verdedigings of probleme werk en dan betekenisvolle kontak met die ander bewerkstellig.

Binne die interaktiewe groep vind kontak primêr plaas tussen die groepslede en nie tussen die lede en die terapeut nie. Die groepslede kry te doen met ware reaksies van die ander groepslede en dit veroorsaak dat verskeie belangrike sake te voorskyn kom wat nie binne die meer beskermende dialoog tussen die lede en terapeut sou opkom nie. Early (2001:8) meld dat portuur-dialoog moeiliker is om te beheer en dat daar nie 'n waarborg is dat alle response terapeuties gaan wees nie.

Die lede in die interaktiewe groep het verhoudings met mekaar, met die terapeut en met die groep as geheel. Dit bied die geleentheid vir die groepslede om op verskillende vlakke met hul ongemak ten opsigte van aandag, aanvaarding, insluiting of uitsluiting, behoort, onafhanklikheid en toegewydheid te werk. Die groep bied ook vir die groepslede wat familieprobleme ondervind die geleentheid om dit binne die groep deur te werk (Early, 2001:8).

In 'n langtermyn- interaktiewe groep kan die groepslede meer intieme verhoudings vorm wat die geleentheid bied om deur diep intimiteitsprobleme te werk. Die verhouding is dus nie net beperk tot die terapeutiese situasie nie, maar vind toepassing in die lede se lewe buite die terapie. Die interpersoonlike vlak van groepwerk bied volgens 'n kragtige medium vir terapeutiese verandering en groei (Early, 2001:8).

Binne die groepe ontstaan 'n groepproses wat volgens Oaklander (1978:287) die waardevolste aspek van die groepwerk is. Dit is die wyses waarop die lede mekaar ervaar, hoe hulle teenoor mekaar reageer en kontak maak. Hierdie proses dui gewoonlik op die groepslede se interpersoonlike verhoudings in die algemeen.

- **Die terapeut se rol binne groepwerk**

Volgens Oaklander (1978:290) speel die terapeut 'n belangrike rol in groepwerk. Sy bespreek die volgende punte:

- Die terapeut is verantwoordelik vir die skep van 'n atmosfeer wat die groepslede veilig en aanvaarbaar laat voel.
- Die terapeut dien in baie gevalle as rolmodel en moet daarvolgens optree.
- Dit is belangrik dat die terapeut aan aktiwiteite deelneem en die terapeut van haar eie ervarings sal deel.
- Die terapeut moet heeltyd bewus wees van elke lid, sodat elke lid vertroue kan hê in die proses.
- Die groepsessie moet 'n positiewe ervaring vir elke kind wees. 'n Bevredigende groepsessie is waar elke lid interessante dinge doen, interessant voel en aanvaar voel.
- Die terapeut moet ook eerder fokus op dit wat is as dit wat behoort te wees. Volgens Harris (1998:12) bevorder hierdie beginsel ware interaksie en kontak tussen lede.
- Die terapeut moet aanvaar dat elke persoon, elke interaksie en elke oomblik van die groepslewe nuut en vars is.
- Die terapeut moet ook soos in individuele terapie alle waardeoordele, vooroordele en interpretasies vermy en die groepslede toelaat om hul eie prosesse te verken.

Groepwerk word deur Harris (1998:18) vergelyk met 'n lewende legkaart waarvan die finale beeld nie bestaan nie. Hy voel dat groepe iets besonders bied en meld die volgende in hierdie verband: *"…groups offer scope, unparalleled scope, for creativity and choice in a shared exploration of the human condition."*

2.7 SAMEVATTING

Volgens die Gestaltterapeutiese benadering het die adolessent die vermoë om selfregulerend op te tree en te beweeg van omgewingsondersteuning na selfondersteuning. Binne die veilige grense van die Gestaltterapeutiese verhouding kry die adolessente met gedragsprobleme die geleentheid om deur onvoltooidhede te werk, met vervreemde aspekte van die self te identifiseer en die splitsing wat introjekte veroorsaak het te integreer, met gedrag te

eksperimenteer en emosies uit te leef. Die Gestaltspelterapeutiese proses en veral die terapeutiese verhouding bevat al die elemente om die adolessente te begelei tot wie hulle "is" en dan alleen is verandering en groei moontlik.

Die Gestalterapeutiese benadering sien die adolessent nooit los van sy konteks of veld nie. Die adolessent se ontwikkelingfase is dus van groot belang by die verstaan van die adolessent se optredes, emosies, denke en sintuiglike ervarings asook by die kies van tegnieke en eksperimente.

In die volgende hoofstuk gaan grotendeels gefokus word op die ontwikkelingsfase van adolessensie. Die ontwikkelingsfase word in geheel benader en beskryf, omdat ontwikkeling in een area 'n invloed het op al die ander areas.

HOOFSTUK 3
ADOLESSENSIE

3.1 INLEIDING

Die adolessentejare bied volgens Seifert en Hoffnung (1997:436) vir kinders nuwe en unieke uitdagings. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na al die veranderinge wat die adolessent ten opsigte van sy liggaam, sy denke, emosies en sosiale verhoudings ervaar, moet aanvaar en integreer. Vir sommige adolessente kan die tydsberekening van adolessensie, te vroeg of te laat begin en die tydperk kompliseer of vergemaklik. Vir ander adolessente is die nuwe vermoë om abstrak te dink en te redeneer verwarrend, maar terselfdertyd opwindend in die sin dat dit nuwe moontlikhede vir die toekoms skep. Vir die meeste jong mense is die vooruitsig om met die teenoorgestelde geslag verhoudings te vestig, uitdagend, maar ook frustrerend. Tesame met sosiale en kulturele invloede is adolessensie 'n fase wat baie aanpassings verg (Louw, Van Ede en Louw, 1998:388-391; Seifert & Hoffnung, 1997:435-439; Sigelman & Rider, 2006:183).

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die adolessent se liggaamlike, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling.

3.2 AGTERGROND

Adolessensie, as lewenstadium tussen kinderjare en volwassenheid, het volgens Louw *et al.* (1998:388) eers beslag gekry na 1904, veral nadat G. Stanley Hall sy idees oor adolessensie in twee volumes getiteld "*Adolescence"* gepubliseer het. Volgens Seifert en Hoffnung (1997:439) het Hall die tydperk beskou as 'n stadium van intense konflikte, wat hy as "storm-en-drang" beskryf het. Ander wat hierdie siening ondersteun het was Freud, en Erikson wat die fase beskryf as 'n identiteitskrisis. Tans ervaar die meeste sielkundiges en skrywers dat die veranderinge wat die adolessent deurgaan moeilik is, maar dat adolessensie nie meer of minder uitdagings inhou as enige ander ontwikkelingstydperk wat die kind moes deurmaak nie (Gouws *et al.*, 2000:1; Louw *et al.*, 1998:390; Seifert & Hoffnung, 1997:435).

Volgens Louw *et al.* (1998:391) het navorsing in Suid-Afrika getoon dat adolessensie deur wit en swart adolessente as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word. Die ervaring dui nie net op die liggaamlike, kognitiewe, emosionele en sosiale veranderinge tydens adolessensie nie, maar ook op die invloed van die vinnig ontwikkelde komplekse samelewing waarin hulle grootword. Die Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur vinnige tegnologiese veranderinge, sosiale veranderinge, veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes. Die adolessente moet hierdie veranderinge te midde van verskillende kulture integreer ten einde 'n unieke identiteit te vorm. Verdere studies het ook getoon dat die veranderinge wat in skole plaasvind, sowel as sosiale, persoonlike en gesinsveranderinge, die tydperk bemoeilik. Volgens Boulter (aangehaal in Louw *et al.* 1998:391) worstel die Suid-Afrikaanse adolessent met die volgende vraagstukke, naamlik selfvertroue, selfagting, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid, groepsosialiteit en moraliteit. Gouws *et al.*(2000:1) bevestig dat die persepsies van adolessente radikaal verskil en grootliks bepaal word deur die ervaring met adolessente in hul kulturele en sosiale omgewings. Bogenoemde beklemtoon die Gestaltterapeutiese beginsel dat die adolessent nie los van sy konteks gesien of verstaan kan word nie (Jacobs, 1998:9).

3.2.1 Definisie en grense van adolessensie

Adolessensie word deur Seifert en Hoffnung (1997:438) gedefinieer as die stadium in ontwikkeling *"… that leads a person from childhood to adulthood."* Die stadium word verder gekenmerk deur omvangryke fisiese veranderinge, belangrike kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkelinge. Adolessensie begin om en by op die ouderdom van tien jaar en eindig op twee en twintig. Volgens Gouws *et al.* (2000:2) beteken die term "adolessensie" in Latyn "om groot te word" of om volwassenheid te bereik. Gouws *et al.* (2000:2) merk op dat adolessensie se aanvangstydperk vervroeg en die tydperk wat adolessensie duur toeneem.

Aangesien die ouerdomgrense van adolessensie wissel, is dit beter om die adolessente ontwikkelingstadium met verwysing na sekere fisiese, sielkundige en sosiale ontwikkelings-kenmerke asook die konteks waarin die adolessent leef, in ag te neem as bloot die ouderdom. Verskeie outeurs soos Seifert en Hoffnung (1997:438) en Louw *et al.* (1998:389) verdeel adolessensie in verdere drie fases, naamlik vroeë adolessensie (tien of elf tot veertien jaar),

middel-adolessensie (veertien tot agtien jaar), en laat adolessensie (agtien tot twee en twintig jaar). Hierdie grense is nie altyd duidelik nie.

3.3 ONTWIKKELINGSAREAS

Die ontwikkelingsareas gedurende adolessensie, naamlik liggaamlik, kognitief, emosioneel en sosiaal, gaan in hierdie hoofstuk afsonderlik bespreek word, maar is in werklikheid interafhanklik van mekaar en funksioneer as ’n geheel.

3.3.1 Liggaamlike ontwikkeling

Volgens Gouws *et al.* (2000:393-394), Louw *et al.* (1998:393-394) Seifert en Hoffnung (1997:440-442) asook Sigelman en Rider (2006:130-135) is die liggaamlike ontwikkeling en veranderinge waardeur die adolessent gaan die volgende:

- Lengte: Die adolessent neem aansienlik toe in lengte, sowat nege tot tien sentimeter.
- Gewig: Daar is ook’n gewigstoename in die adolessensietydperk wat beïnvloed word deur die adolessent se lewenstyl, gedrag, ervarings en hormone.

3.3.1.1 Primêre en sekondêre geslagseienskappe

Gouws *et al.* (2000:14-15) Louw *et al.* (1998:394-396), Seifert en Hoffnung (1997:444-447) en Sigelman en Rider (2006:131-133) vergelyk die volgende kenmerkende primêre en sekondêre seksuele ontwikkeling wat gedurende adolessensie plaasvind.

- Vir seuns is die mees betekenisvolle teken van seksuele volwassewording die skielike groei van die geslagsdele en die skrotum.
- Gedurende adolessensie word genoeg sperms geproduseer wat reproduksie vir die eerste keer moontlik maak. Ongeveer op die ouderdom van twaalf kan die adolessent die eerste keer ejakuleer.
- Haargroei neem toe op die gesig, onderarm, bene en geslagdele.

3.3.1.2 Ander areas van ontwikkeling of verandering

Bogenoemde outeurs, veral Gouws *et al.* (2000:16) asook Seifert en Hoffnung (1997:445-446) noem ook ander veranderinge wat algemeen voorkom, naamlik:

- Stemme: Die stemme van die adolessente seuns en meisies word dieper en ryker – hul stemme klink meer volwasse en minder na die van 'n kind.
- Vel: In 85% van adolessente kom aknee in meerdere of mindere mate voor. Dit word veroorsaak deur die toename in aktiwiteite en die afskeiding van kliere van die vel.
- Motoriese ontwikkeling: Met die aanvang van adolessensie, wat gekenmerk word deur vinnige en oneweredige groei kan sekere tipes van koördinasie afneem, byvoorbeeld balans en ratsheid. Hierdie tyd gaan egter gou verby en die adolessente ontwikkel uitstekende motoriese vaardighede.
- Hormonale veranderinge: Hormone affekteer meer as net die seksuele ontwikkeling van die adolessente. Dit is ook verantwoordelik vir die tipiese verskille tussen die seuns en dogters se liggaamsbou.

3.3.1.3 Sielkundige effek van liggaamlike ontwikkeling

Die gemeenskap skep verskillende rolle en verwagtings vir mans en vrouens is geneig om baie aandag te vestig op hierdie stereotipes en om die betekenis daarvan te vergroot en te oordryf. Sommige adolessente vorm rigiede standaarde en voorkeure ten opsigte van hul fisiese ontwikkeling. Somtyds kan klein fisiese verskille 'n betekenisvolle sielkundige effek op die adolessent hê. Tydsberekening tydens adolessensie kan 'n blywende verskil maak op die sielkundige ontwikkeling van die adolessent, veral as die ontwikkeling te vroeg of te laat plaas vind. Klassieke studies volgens Gouws *et al.* (2000:18-19), Louw *et al.* (1998:399), Seifert en Hoffnung (1997:451-453) asook Sigelman en Rider (2006:134) verwys na die sielkundige effek wat vroeë en laat ontwikkeling op die adolessente seun het.

Alhoewel vroeë fisiese rypwording by seuns volgens Louw *et al*. (1998:399) sekere voordele inhou, kan die seuns dit egter moeilik vind om aan al die verwagtinge van die tyd te voldoen. Die feit dat hulle meer volwasse voorkom veroorsaak dat mense meer van hulle verwag as waarop hulle voorberei is. Van hierdie adolessente bevind hulle in situasies waar hulle vroeër

aan drank en dwelms blootgestel is en bots met die gereg. Sigelman en Rider (2006:134) ondersteun en bevestig hierdie siening. Die outeurs voeg by dat die seuns wat vroeg ontwikkel het beoordeel word as sosiaal vaardig, aantreklik, selfversekerd en groter sosiale aanvaarding onder hul portuurgroep geniet. Die seuns wat laat ontwikkel, is volgens bogenoemde outeurs meer angstig en minder seker van hulself, en hulle ervaar meer gedragsprobleme en aanpassingsprobleme. Hierdie verskille vervaag egter mettertyd.

'n Belangrike waarskuwing word deur Gouws *et al.* (2000:21) gerig aan almal wat met adolessente werk. Hulle voel dat alhoewel die voordele en nadele van vroeë of laat ontwikkeling duidelik aangedui word in die literatuur, dit riskant is om te veralgemeen oor die impak daarvan op die ervaring van die adolessent. Volgens bogenoemde skrywers is elke adolessent uniek en sal elkeen sy of haar eie unieke betekenis heg aan sy of haar fisiese ontwikkeling.

3.3.1.4 Effek van liggaamlike ontwikkeling op die liggaamsbeeld en selfkonsep

Volgens Oaklander (1978:297) asook Sigelman en Rider (2006:130) is die liggaamsbeeld vir adolessente 'n groot bekommernis en is die adolessente intens gefokus op hul fisiese self. Konvensionele standaarde van wat aantreklik is, het 'n groot invloed op die wyse waarop die adolessente na hulself kyk en hoe die adolessente hul liggame gaan ervaar en aanvaar.

Adolessente evalueer hulself en hul portuurgroep volgens Seifert en Hoffnung (1997:450) in terme van bogenoemde stereotipes en standaarde. 'n Adolessent se liggaamsbeeld hang nie alleen af van wat sy portuurgroep van hom dink nie, maar ook die indrukke wat oorgedra word deur die ouers, die res van die gesin en die gemeenskap. Seifert en Hoffnung (1997:451) meld verder dat ouers wat ander kwaliteite as fisiese aantreklikheid bevorder, hul kinders beter toerus om deur die ontwikkeling en veranderinge tydens adolessensie te gaan.

Die navorser is van mening dat sienings ten opsigte van dit wat as aantreklik beskou word, sterk beïnvloed word deur die multimedia. Rolmodelle word geskoei op fisiese aantreklikheid soos die modelle, akteurs, films, tydskrifte en die massa-media help om hierdie stereotipes te skep en instand te hou. Daar is egter 'n baie klein persentasie van die adolessente wat by hierdie "ideale" liggaamsbeeld kan uitkom. Dit het tot gevolg dat adolessente deur die jare

poog om hul liggame te verander om aan te pas by die spesifieke stereotipes. Die adolessent word dus eerder aangemoedig om te streef na dit wat "behoort te wees" as dit "wat is". Die navorser ondersteun Oaklander (1978:282) se siening as sy die volgende opmerk dat:*"Those that are looked upon with great favor in our culture – slim people, attractive people, rich people, white people…."*

Omdat die liggaamsbeeld volgens die navorser nou saamhang met die selfkonsep sal 'n negatiewe liggaamsbeeld ook 'n negatiewe selfkonsep impliseer. In kontras, sal adolessente wat hulself as aantreklik ervaar meer aanpasbaar wees, gelukkiger wees, meer selfvertroue hê en meer uitgaande wees as adolessente wat hulself as onaantreklik ervaar. Adolessente wat hulself negatief ervaar sal ook volgens Oaklander (1978:281) noodwendig hulself in so 'n mate uitleef en optree. Dit wat adolessente van hulself dink en voel sal grootliks hul gedrag bepaal. Kognitiewe ontwikkeling en emosionele ontwikkeling het 'n groot invloed op die wyse waarop adolessente hulself sien en uitleef en word vervolgens bespreek.

3.3.2 Kognitiewe ontwikkeling

Waar liggaamlike ontwikkeling volgens Louw *et al.* (1998:417) tydens adolessensie tot fisiese en seksuele volwassenheid gelei het, het kognitiewe ontwikkeling weer tot gevolg dat die kind se konkrete denkvermoë verander tot 'n meer volwasse vermoë om analiserend en logies te redeneer oor sowel konkrete as abstrakte begrippe. Die adolessent kan dus begin om abstrak te dink en moontlikhede in te sien en te oorweeg eerder as om net na die konkrete te kyk wat fisies waarneembaar is. Hulle het die vermoë om te dink aan hipotetiese situasies, hulle kan alle veranderlikes in konsiderasie bring en 'n intellektuele probleem sistematies benader.

Volgens Gouws *et al.* (2000:37) verkry die adolessent kennis en selfkennis deur meer formele wyses as in die verlede. Die adolessent is meer rasioneel, dit wil sê die adolessent het die vermoë tot meer komplekse denke en neig om meer te evalueer en te kritiseer voordat 'n defnitiewe oplossing gevind word. Hierdie denke is volgens Piaget geklassifiseer as die formeel-operasionele fase.

Volgens Sigelman en Rider (2006:183) kan kognitiewe ontwikkeling verduidelik hoekom adolessente introspektief raak, hul ouers se gesag bevraagteken, hul toekoms oordink en

droom van perfekte wêrelde. Die grootste bydrae wat gelewer is tot die ontwikkeling van kognitiewe denke is die teorie van Piaget.

3.3.2.1 Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfases

Volgens Piaget word die hoogste vlak van intellektuele denke in die adolessensiejare bereik. Dit is bekend as die formeel-operasionele denke. Nie alle adolessente bereik die fase van ontwikkeling nie en nie almal bereik dit op dieselfde tydstip nie. Piaget lig sekere karaktereienskappe van die formeel-operasionele denke uit (Gouws *et al.*, 2000:38; Louw *et al.*, 1997:418; Sigelman & Rider, 2006:183).

- **Die formeel-operasionele fase**

Gouws *et al.* (2000:40-43) en Sigelman en Rider (2006:183-186) verwys na die vier kenmerke van die formeel-operasionele denke.

Die adolessent in die formeel-operasionele fase het die vermoë om **abstrak te dink**, met abstrakte konsepte te werk en abstrakte verhoudings te verstaan. Die adolessent is meer krities oor homself, kan besin oor sy eie idees en is baie sensitief oor die indruk at hy op ander maak.

Piaget sien die verhouding tussen die realiteit en moontlikhede as die **proposisionele denke**. Die adolessent kan verskillende moontlikhede oorweeg teenoor die werklikheid. Hy dink aan dit wat kan of mag wees teenoor die vorige fase wat hy slegs besorg was oor die konkrete werklikhede – die hier en die nou.

Die adolessent kan 'n probleem sistematies benader, al die veranderlikes in ag neem en hul invloed bepaal, hipoteses vorm, dit toets en vergelykings tref. Die adolessent het dus die vermoë om van die algemene na die spesifieke te werk, **die hipoteties-deduktiewe denke.** Die vierde eienskap van die formeel-operasionele stadium is die **interproposisionele denke**. Die adolessent het die vermoë om, nadat hy veranderlikes getoets het, logiese afleidings te maak en die teenstrydighede raak te sien en uit te lig.

3.3.2.2 Effek van kognitiewe ontwikkeling op die adolessent

Op hierdie vlak van kognitiewe funksionering kan die adolessente volgens Gouws *et al* (2000:43) op'n komplekse wyse oor hulself en ander mense dink. Hierdie denke het 'n definitiewe invloed op die wyse waarop adolessente hulself ervaar. Volgens Sigelman en Rider (2006:186-187) dra die nuwe denke by tot ander veranderinge waarvan sommige positief en ander negatief is.

Volgens Gouws *et al.* (2000:43) skep die adolessent se kognitiewe ontwikkeling die vermoë om analities en krities oor hulself en ander te dink. Die adolessent het ook die vermoë om 'n vooruitskouing te maak van moontlike gebeure, wat mag of kan gebeur en bevraagteken ander individue dus al hoe meer, byvoorbeeld volwassenes soos hul ouers en onderwysers se oortuigings en instruksies. Volgens Louw *et al.* (1998:428) wil die adolessente as gevolg van hul strewe na outonomie hul eie besluite neem sonder die hulp en leiding van hul ouers. Die adolessente se denke maak hulle ook bewus van inkonsekwenthede tussen hulle ouers se waardes en werklike gedrag. Bogenoemde lei tot konflik en argumente tussen ouers en adolessente. Volgens bogenoemde outeurs beskou Piaget die adolessent se bevraagtekening van hul ouers se gedrag en outoriteit en hul idealistiese gemoeidheid met hoe dinge moet wees, as die resultaat van hul abstrakte denke.

Die adolessente se vermoë om oor hulself te dink is nodig en belangrik om hul selfkonsep en identiteit te vorm. Die adolessente se kognitiewe ontwikkeling veroorsaak dat hulle meer neig na selfondersoek. Adolessente raak meer bewus van hulself, wat lei tot selfkritiek, selfevaluasie en pogings tot selfverbetering. Dit vorm alles deel van die proses waarin die adolessente besig is om 'n eie identiteit te vorm en selfkennis op te doen (Gouws *et al.*, 2000:44).

Die adolessente se vermoëns om abstrak te dink lei tot 'n oormatige bewustheid van hul eie sosiale en kognitiewe abstrakthede. In vroeë adolessensie het die adolessente nog 'n beperkte gevoel van empatie, of die vermoë gehad om ander se abstrakte denke en emosies te verstaan en hul eie daarmee te vergelyk (Seifert & Hoffnung, 1997:494).

Volgens Seifert en Hoffnung (1997:494) begin die adolessent om in sy oordele en besluite,'n wyer verskeidenheid van omstandighede en beginsels in ag te neem. Louw *et al.* (1998:428) meld vervolgens dat die adolessent in staat is om bestaande sosiale en politieke stelsels krities te beoordeel. Intense besprekings word hieroor gevoer en dit help die adolessent om sy eie menings en waardestelsel te ontwikkel. Dit is belangrik dat die adolessent 'n waardestelsel sal ontwikkel wat verband hou met 'n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing (Schoeman, 2001:28; Seifert & Hoffnung, 1997:485-494). Volgens Gouws *et al.* (2000:44) kan die adolessent somtyds idealisties raak ten opsigte van oplossings, waardes en norme.

Bewustheid van die denkbeeldige gehoor het tot gevolg dat die adolessente intense selfbewustheid, skaamheid en 'n behoefte aan privaatheid ontwikkel (Gouws *et al.*, 2000:44). Egosentriese denke ontwikkel as die adolessent dink dat ander net so gepreokkupeer is met hulle denke, gedrag en voorkoms as hulself. Daarom reageer hulle asof hulle optree voor 'n gehoor, wat net soos hulle besorg is oor hulle voorkoms en gedrag. Gouws *et al.* (2000:41) bevestig dit deur die volgende te meld: "*Gatherings of adolescents are unique in the sense that each person is simultaneously an actor to himself and the audience to others."*

Volgens Sigelman en Rider (2006:188) het nuwe navorsing getoon dat die adolessent gepreokkupeerd is met hoe hy homself in die publiek voorhou, nie oor die denkbeeldige gehoor nie, maar oor die werklike gehoor. Hierdie navorsers merk op dat adolessente bewus is van die werklike gevolge van hul denke, gedrag en voorkoms. Hulle gewildheid en aanvaarding, asook hul selfvertroue en selfwaarde word beïnvloed deur die wyse waarop ander, die werklike gehoor, hul sien.

Die adolessent se egosentrisme manifesteer in die skep van 'n "persoonlike fabel". Hulle skep 'n persoonlike fabel waarin hulle die hoofkarakter speel wat uniek is en anders as al die ander. Seifert en Hoffnung (1997:485) definieer die persoonlike fabel as : *"… a result of their egocentrism, teenagers often believe in a personal fabel, or notion that their own lives embody a special story that is heroic and completely unique."* Volgens Gouws *et al.* (2000:44) word geglo dat die persoonlike fabel die onderliggende rede is vir die roekelose en selfvernietigende gedrag wat so tipies van adolessensie is. Die adolessent glo dat hy onvernietigbaar en onaantasbaar is.

Volgens Le Roux en De Klerk (2001:56) lei gedagtes tot emosies. Die outeurs meld verder dat die mens se denke sy binnewêreld reflekteer en dat die mens daarna moet strewe om 'n balans te bewerkstellig tussen denke en emosies.

3.3.3 Emosionele ontwikkeling

Bogenoemde outeurs, Le Roux en De Klerk (2001:99), beklemtoon die feit dat persone wat in beheer is van hul emosies enige situasie met redelike selfvertroue kan hanteer. Sulke mense dobber nie rond in ŉ see van emosies nie en is bewus van watter emosies ervaar word en hoe om dit te hanteer.

3.3.3.1 Emosies

Emosie word deur Gouws *et al.* (2000:96) beskryf as: *"…a state of consciousness, or a feeling, felt as an integrated reaction of the total organism, accompanied by psysiological arousal, and resulting in behavior responses."* Verder beskryf Le Roux en De Klerk (2001:19) elke emosie as 'n wekroep wat die individu daarop wys dat daar iets is waaraan hy aandag moet gee of dat daar onvervulde behoeftes is. Die emosionele ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van die adolessent se emosies, buie, passies en sentimente. Emosies is volgens Gouws *et al.* (2000:96) om die volgende redes belangrik:

- ŉ Individu se emosionele toestand beïnvloed sy fisiese stand en gesondheid. Die hele liggaam reageer op emosionele ervarings, dit wil sê die liggaam, denke en gedrag.
- Emosies beïnvloed die individu se gedrag in verhoudings met ander. Emosies bepaal in ŉ groot mate hoe ŉ persoon optree.
- Emosies kan ŉ bron wees van plesier, genieting en tevredenheid.

Die verhoogde emosionaliteit in adolessensie word volgens Gouws *et al.* (2000:96) veroorsaak deur 'n verskeidenheid fisiese, kognitiewe, morele en ander faktore :

- Die adolessente se kontak en aanpassing by hul omgewing en ander bring 'n groot mate van verhoogde emosionaliteit mee.

- Die adolessente se behoefte om meer onafhanklik te funksioneer en die veranderende verhouding met hul ouers bring ook konflik en spanning mee.
- Die gemeenskap se hoë verwagtings van die adolessent se volwassenheid en onrealistiese aspirasies waaraan die adolessent nie kan voldoen nie, lei tot emosies van ontoereikendheid.
- Die eise van sosiale strukture, die portuurgroep, probleme op skool, die druk van akademiese prestasies asook besluite oor beroepskeuses verhoog emosionaliteit.

Die verhoogde emosionaliteit, wat tipies van vroeë adolessensie is, verdwyn met verloop van elke jaar wat verby gaan tot die adolessent 'n mate van emosionele volwassenheid bereik het. Emosionele volwassenheid word volgens Gouws *et al.* (2000: 97) aan die volgende gemeet:

- Adolessente kan hulself emosioneel beheer en nie voor ander uitbarstings kry nie en in 'n meer sosiale aanvaarbare wyse hul emosies hanteer.
- 'n Emosioneel volwasse adolessent sal ook insig, begrip en empatie hê met ander se emosies en dit aanvaar.
- Emosionele volwassenheid by die adolessent vereis formeel operasionele denke. Adolessente moet hulself in iemand anders se situasie kan indink wat abstrakte denke vereis.
- Nog 'n aanduiding van emosionele volwassenheid is adolessente se openheid en sensitiwiteit tot ander of hul eie ervarings – die vermoë om emosies uit te druk op 'n toepaslike wyse en om ander se emosies ook in ag te neem.
- Adolessente sal die vermoë hê om verhoudings te handhaaf tydens die teenwoordigheid van sterk emosies.
- Die adolessente sal ook tussen emosies en feite kan onderskei, wat verhoed dat besluite op grond van emosies geneem word.

Indien adolessente emosionele volwassenheid wil bereik, moet hulle volgens Gouws *et al.* (2000:98) gelei word om 'n realistiese siening te kry oor sake wat intense emosionele reaksies ontketen. Byvoorbeeld, om probleme met ander te bespreek, en dit sal afhang van die adolessente se interpersoonlike verhoudings. 'n Ander manier is om 'n emosionele uitlaatklep te vind, soos om aan fisiese aktiwiteite deel te neem of deur te lag of deur 'n goeie huilsessie. Die navorser stem saam met bogenoemde outeurs en voel dat die adolessent die geleentheid

moet kry om sy of haar emosies te uit te druk. Die bewusmaking van emosies kan adolessente veral beter toerus om hul emosies op 'n meer gepaste en bevredigende wyse uit te druk wat sal lei tot meer emosionele stabiliteit.

3.3.3.2 Emosionele bewustheid

Volgens Coetzee (1998:47) word emosionele bewustheid beskryf as die vermoë van die mens, om deeglik bewus te wees van elke emosie of gevoel wat hy ervaar. Die adolessent moet aan daardie emosies of emosies erkenning gee, dit verstaan en dit toepaslik hanteer sodat dit sy lewenskwaliteit kan bevorder en hy daaruit leer. De Klerk en Le Roux (2003:7) beskryf emosionele bewustheid (intelligensie) as:

- Adolessente se vermoë om hul eie gedagtes en emosies te identifiseer, te verstaan en te beheer.
- Die vermoë om emosies gepas aan ander te kommunikeer.
- Die vermoë om empatie met ander te hê wat hul dan in staat stel om op 'n emosionele vlak 'n verhouding te hê.

Die voordele wat emosionele bewustheid inhou, is dat adolessente begin om insig te toon in die oorsake van en verskil tussen emosies en gedrag. Die adolessente het die vermoë om 'n balans te handhaaf tussen die uitspreek en beheer van emosies. Daar is dus 'n balans tussen die denke en emosies. Adolessente kan ook tot die besef kom dat hulle self verantwoordelik is vir hul emosies. Adolessente het ook empatie met ander se emosies en kan dit verstaan. Verbeterde kommmunikasie en sosiale vaardighede lei tot gesonder verhoudings met ander, veral omdat adolessente die vermoë het om ander se sienings en emosies te verstaan. Die adolessente het ook die vermoë om hul behoeftes te vervul, sonder om regte van ander nadelig te raak. Die adolessente kan emosionele bagasie agterlaat en die energie eerder inspan om ander take te bereik, doelwitte te stel en meer doelgerig te wees (Le Roux & De Klerk, 2001:10).

Volgens Neethling en Rutherford (1999:46) stel emosionele "wysheid" adolessente in staat om hulself waarlik te leer ken. Hulle voeg by dat indien 'n adolessent sy emosies ken en uiting daaraan gee, hy 'n beter kans het om sukses in die lewe te behaal. Le Roux en De Klerk

(2001:9) sluit hierby aan deur op te merk dat persone of adolessente wat nie emosioneel bedrewe is nie, ten eerste nie in voeling is met hul emosies nie en dit nie op 'n toepaslike wyse kan uitdruk of hanteer nie. Dit hou dikwels verband met ondoeltreffende kommunikasie en konflikhantering, min selfvertroue en swak selfaanvaarding. Adolessente het dikwels ook probleme om verhoudings op te bou en instand te hou. Hierdie probleme kan veroorsaak dat die adolessent onvanpas optree en hoë-risiko gedrag toon.

3.3.3.3 Ervaring van emosies gedurende adolessensie

Die adolessent kan emosies van angs wat nie 'n definitiewe oorsaak het nie, byvoorbeeld vrees en skuld openbaar. Skuldemosies ontstaan gewoonlik as gevolg van konflik tussen die adolessent se waardes en sy gedrag. Psigosomatiese simptome is gewoonlik 'n goeie aanduiding van emosies van angs, vrees en skuldemosies (Gouws *et al.*, 2000:98).

Die een emosie wat adolessente volgens Gouws *et al.* (2000:99) gewoonlik moeilik vind om te hanteer is aggressie. Die hantering van aggressie sal bepaal of die emosie positief of negatief sal wees. Onbeheersde aggressie dui op probleme in die adolessent se emosionele en sosiale ontwikkeling en daarom kan adolessente nie hul emosies beheer nie. Adolessente wat probleme met aggressie ondervind, is gewoonlik diegene wat onseker en verwerp voel, wat impulsief optree of wat hul sin kry deur aggressie te wys. Bogenoemde outeurs skryf onbeheersde aggressie veral toe aan opvoedingstelsels wat te buigsaam is.

Adolessente beleef ook emosies van woede en vyandigheid as gevolg van hul soeke na onafhanklikheid en selfselfondersteuning. Die situasies waarin die adolessente hul bevind mag hulle frustreer en woedend maak. Adolessente voel byvoorbeeld dat hul ouers se uitgaanreëls te streng is en dat hulle volwasse genoeg is om later uit te bly. Adolessente ontwikkel egter die vermoë om probleme deur kommunikasie en onderhandeling uit te stryk. Emosies veroorsaak egter soms dat adolessente moeilik, negatief en bakleierig voorkom (Gouws *et al.*, 2000:100).

Adolessente ervaar ook emosies van jaloesie en naywer. Veral ten opsigte van materiële dinge, akademiese en sportprestasies, en gewildheid. Adolessente leer egter mettertyd hoe om hierdie emosies te hanteer en te beheer. Adolessente tree meer sosiaal aanvaarbaar op vir hul

portuurgroep en die gemeenskap. Verskeie probleme wat ontstaan in adolessensie, ontstaan as gevolg van adolessente se behoeftes aan onafhanklikheid, nuuskierigheid, geïnteresseerd in nuwe en onbekende ervarings, uitdagendheid en die geneigdheid om meer risiko's te neem en om nie die gevolge vir hul aksies in ag te neem nie. Ander probleme ontstaan weer as gevolg van reeds bestaande sielkundige probleme, swak selfbeeld, 'n gebrek aan bewustheid, die vervreemding van die gesin en gemeenskap en 'n veranderende gesinslewe (Gouws *et al.*, 2000:100).

3.3.3.4 Invloede op emosionele ontwikkeling

Adolessente se emosionele ontwikkeling word beïnvloed deur hul liggaamlike, kognitiewe en sosiale ontwikkelings. Die stygende hormoonvlakke veroorsaak dikwels gemoedskommelinge. Adolessente se egosentrisme veroorsaak dat hulle geneig is om op hulself te fokus en dan dikwels meer komplekse emosies as kinders ervaar. Die kognitiewe ontwikkeling stel adolessente egter in staat om aan die ander kant weer meer insig in hul eie en ander se emosies te hê. Volgens Louw *et al.* (1998:441) kan afgelei word dat adolessente se emosionele ervarings 'n komplekse interaksie tussen pubertale en sosiale invloede is.

3.3.4 Sosiale ontwikkeling

Sosialisering is van die mees kritieke ontwikkelingstake wat adolessente moet verrig. Dit beteken hulle moet 'n plek vir hulself in die gemeenskap vind, interpersoonlike vaardighede ontwikkel, kulturele en persoonlike verskille aanvaar, en 'n geïntegreerde self ontwikkel. Die volgende sosiale invloede het 'n invloed op die adolessent as geheel.

3.3.4.1 Verhouding met ouers

Adolessente het hulle ouers nodig om hulle moreel en emosioneel te ondersteun. Die gebrek aan belangstelling en ondersteuning deur ouers kan negatiewe gevolge vir adolessente hê, byvoorbeeld 'n swak selfbeeld, onderprestasie, swak sosiale aanpassing en afwykende of antisosiale gedrag. Die adolessente het ook 'n behoefte aan begrip, aanvaarding en vertroue. Hulle strewe na onafhanklikheid en 'n eie waardestelsel veroorsaak dikwels konflik tussen die

adolessente en hul ouers. Die wyse waarop die ouers hul kinders lei en dissiplineer, het 'n bepalende invloed op adolessente as geheel (Gouws, *et al*.2000: 69):

- *Die outoritêre ouerskapstyl*: Die ouers wat hierdie ouerskapstyl volg, is geneig om dominerend op te tree en die adolessent min geleentheid te gee om sy eie opinie te lug of emosies te wys. In die gesin is daar sterk druk om tot gesinsnorme en grense te konformeer. Dié adolessente het sterk emosionele bande met hul ouers, maar word nooit aangemoedig om as 'n onafhanklike individu met 'n eie identieit te ontwikkel nie. Die ouers neem verantwoordelikheid vir die kind se gedrag en emosies. Adolessente wat uit hierdie huise kom, ontwikkel gewoonlik vooruitbesliste identiteite en leer dat hulle emosies verkeerd, onvanpas en ongeldig is. Hulle kan sukkel om hul eie oordeel te vertrou en hul emosies te reguleer. Hierdie adolessente vorm dus hul identiteite en emosies volgens ander se oordele, opinies en menings (De Klerk & Le Roux, 2003:13-15; Louw *et al.*, 1998:436).
- *Die toegewende of permissiewe ouerskapstyl*: Hierdie ouers is grootliks onbetrokke en verwerpend. Hulle gee weinig leiding, skep min verwagtinge of grense aan die adolessent ten opsigte van gedrag en emosies. Hierdie ouerskapstyl veroorsaak identiteitsverwarring by die adolessent wat moontlik onvanpaste gedrag en konflik tot gevolg kan hê. Die adolessent kan sy emosies nie hanteer nie en sukkel om vriendskappe met ander te smee (De Klerk & Le Roux, 2003:14; Louw *et al.*, 1998:436).
- *Outoritêre ouers*: Hierdie ouerskapstyl word gekenmerk deur die ouers se betrokkenheid, kommunikasie, ondersteuning en die stel van duidelike grense ten opsigte van gedrag en emosies. Ouers met hierdie gesagdraende en demokratiese opvoedingstyle versterk verantwoordelike en onafhanklike gedrag deur adolessente die geleenthede te bied om hul menings te lug en hul emosies te deel. Die ouers is goeie rolmodelle vir die adolessente om mee te identifiseer. Hierdie ouers dra by tot die adolessente se identiteits- en emosionele ontwikkeling. Hierdie adolessente weet wat hulle voel en kan hul emosies beheer en voel goed oor hulself en ander (De Klerk & Le Roux, 2003:14; Gouws *et al.*, 2000:71).

Adolessente handhaaf redelik goeie verhoudings met hul ouers en daar is faktore wat aanleiding gee tot konflik. Die aard en mate van konflik kan ook beïnvloed word deur sosiale

faktore wat van kultuur tot kultuur kan verskil, byvoorbeeld waar 'n groot generasiegaping ontstaan ten opsigte van 'n kulturele siening, studiegeleenthede en werksgeleenthede. In Suid-Afrika word hierdie veranderinge deur veral die swart gemeenskap ervaar (Gouws *et al*. 2000:73).

3.3.4.2 Die portuurgroep

Die portuurgroep speel volgens Gouws *et al.* (2000:75) 'n belangrike rol in adolessente se sosiale ontwikkeling. Die verhouding met die portuurgroep is baie belangrik in die vorming van adolessente se self en selfwaarde. Adolessente spandeer 'n groot deel van hul lewens saam met hul portuurgroep. Die portuurgroep vorm hul eie beginsels, gewoontes, tradisies en gedrag en die adolessente wat deur die groep aanvaar wil word, konformeer tot meeste van die groep se idees, taal en gedrag. Gouws *et al.* (2000:76) merk die volgende op: *" It seems as though the price of gaining emotional autonomy from parents may be some kind of emotional dependence of peers."* Die portuurgroep het dus invloed op die ontwikkeling van die adolessent se kognitiewe denke, emosionele ervarings, liggaamsbeeld asook morele en sosiale kwessies. Die portuurgroep word weer beïnvloed deur sosiale en kulturele stereotipes wat die groep aanneem.

3.3.4.3 Die gesin

Dit is vir adolessente belangrik om met hul broers of susters oor die weg te kom. Broers en susters speel 'n groot rol in die vorming van adolessente se emosionele en identiteitsontwikkeling. In die gesin het elke lid 'n invloed op mekaar en so kan die broers en susters as rolmodelle vir mekaar dien (Seifert & Hoffnung, 1997:513).

3.3.4.4 Vriende van dieselfde geslag

Vriende is belangrik gedurende adolessensie omdat hulle makliker en onmiddellike aanvaarding gee en nie soos volwassenes die adolessent se gedrag wil verbeter of verander nie. Seifert en Hoffnung (1997:514) meld die volgende in hierdie verband – *"…friends ease the uncertainty and insecurity of the adolescence years".* Vriende gee herbevestiging, begrip, raad en bevorder onafhanklikheid deur kennis te bied buite die adolessent se gesinslewe. Die

belangrikste kwaliteite van die adolessente se vriendskapsverhoudings is wedersydse begrip en intimiteit. Intimiteit beteken dat 'n vriend iemand is met wie jy kan praat, geheime deel en wat jy vertrou. Meisies ontwikkel dieper vlakke van intimiteit in hul verhoudings en is geneig om hul emosies beter te onthul en gee gemakliker emosionele ondersteuning as seuns (Seifert & Hoffnung, 1997:514).

3.3.4.5 Die adolessent se verhoudings met die teenoorgestelde geslag

Adolessente se verhoudings met iemand van die teenoordestelde geslag ontwikkel van die eerste ongemaklike pogings om te kommunikeer tot meer gesofistikeerde verhoudings. Adolessente doen alles in hul vermoë om kalm, selfversekerd en beheersd voor te kom in die geselskap van die teenoorgestelde geslag. Dit is ook dan die begin van verhoudings met die teenoorgestelde geslag. Mettertyd word hierdie verhoudings meer intiem en ernstig en kan dit tot 'n langdurige verbintenis lei.

Heteroseksuele verhoudings is dikwels 'n bron van intense hartseer, pyn en stres vir die meeste mense. Tesame met die emosionele eise wat hierdie verhoudings aan die adolessente stel, word hulle ook gekonfronteer met die gevare van vroeë seksuele aktiwiteite, voorhuwelikse seksuele omgang en swangerskappe. Adolessente word in die sosiale opset al hoe meer gekonfronteer met situasies waarin hulle hul eie besluite moet neem, waar die adolessente voel dat hulle gedruk word om te konformeer en waar hul waardes en beginsels bevraagteken en getoets word (Gouws, *et al.* 2000:80-81).

3.3.5 Geïntegreerde self

Volgens Sigelman en Rider (2006:297) is adolessensie die belangrikste tyd ten opsigte van die ontwikkeling van die self. Adolessensie is werklik die tyd waarin adolessente hulself kan vind. Om adolessente te help om beter oor hulself te voel, is dit volgens Oaklander (1978:283) nodig om hulle terug te bring na hul self. Die eerste stap is om die adolessente se huidige emosies te aanvaar en hulle toe te laat om dit te ervaar. Die adolessente moet ook bewus raak van die omgewing se invloed op hul huidige emosies van hulself. As die adolessente die emosies ervaar en begin aanvaar, kan hulle weer in kontak met hulself kom. Oaklander (1978:284) meld verder: *"She can learn about herself and her uniqueness from the*

inside, instead of through the judgements and opinions of others, and begin to feel a sense of well-being – that it is OK to be who she is." Die adolessent moet binne hierdie tydperk al die veranderinge en ontwikkelinge tot 'n unieke identiteit ontwikkel en integreer (Schoeman 2001:28).

3.3.5.1 Definisie van identiteitsontwikkeling

Die ontwikkeling van die adolessent se identiteit word as 'n belangrike stap in die ontwikkeling van 'n "suksesvolle" individu beskou. Seifert en Hoffnung (1997:504) beskryf identiteitsvorming as die volgende: *" In forming a identity, an adolescent selectively accepts or rejects the many different aspects of herself that she acquired as a child and forms a more coherent and integrated sense of unique identity."* Volgens Seifert en Hoffnung (1997:504) verwys Erikson se teorie na hierdie tyd van ontwikkeling as 'n identiteitskrisis. Die identiteitskrisis behels'n tydelike periode van verwarring waartydens die adolessente ondersoek instel, bestaande waardes bevraagteken, en met alternatiewe rolle eksperimenteer om sodoende 'n eie waardestelsel te ontwikkel wat hul denke, emosies en gedrag rig.

Die take wat adolessente moet bemeester om 'n identiteit te vorm is soos volg, hulle moet 'n geïntegreerde geheelbeeld van hulself vorm, dit wil sê hulle moet te midde van al die veranderinge voel dat hulle nog dieselfde persoon bly; adolessente moet 'n sosio-kulturele identiteit vorm, wat die waardes en rolverwagtings van hul kultuur insluit.; 'n geslagsrolidentiteit moet gevestig word; die adolessente moet 'n beroepsidenteit vorm; en 'n eie waardestelsel ontwikkel. Die ontwikkeling van 'n eie en unieke identiteit bring mee dat die adolessente weet wie hulle is en wat hulle uit die lewe wil hê (Seifert & Hoffnung, 1997:504).

Identiteitsverwarring ontstaan wanneer adolessente nie besluite oor hulself of hul rolle kan neem nie. Adolessente kan weens 'n verskeidenheid omstandighede nie hul verskillende rolle integreer en 'n waardestelsel skep nie. Dit skep angs, apatie en vyandigheid teenoor die waardes en rolle. In hierdie verwarring kan adolessente vooruitbesliste of negatiewe identiteite ontwikkel. Hulle vorm 'n vooruitbesliste identiteit in hul poging om die krisis op te los deur hul identiteit te bou op ander se verwagtinge, opinies en menings sonder om werklik daarmee te identifiseer. Die negatiewe identiteit word gevorm deurdat adolessente 'n identiteit vorm wat die teenoorgestelde is van die kulturele waardes en verwagtinge van die

gemeenskap. Hierdie adolessente openbaar ook gedragsprobleme (Louw *et al.*, 1998:431-432). In die navorsing is bevind dat adolessente wat gedragsprobleme openbaar, hierdie identiteitsverwarring ervaar het en negatiewe identiteite gevorm het wat na buite uitgelewe is.

3.4 SAMEVATTING

Die tydperk van adolessensie is 'n tyd van uitdagende veranderinge en groei, waar die adolessent verskeie aspekte van die self, naamlik die fisiese, die kognitiewe en gedrag moet versoen met die verwagtings en waardesisteme van hul omgewing. Die adolessent het gedurende hierdie tydperk die nodige ondersteuning, leiding en struktuur vanuit sy omgewing nodig. Dit blyk dat die adolessent wat nie omgewingsondersteuning geniet nie, 'n tekort aan emosionele bewustheid of intelligensie het, wat lei tot onvanpaste gedrag. Die adolessent toon min insig in homself en in ander.

Die volgende hoofstuk bevat die empiriese gegewens. Dit behels die individuele en groepsgevallestudies wat in diepte ondersoek en beskryf word. Hierdie inligting word deur die data-analisespiraal geëvalueer om belangrike aspekte van die Gestaltterapeutiese proses in die werk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar uit te lig.

HOOFSTUK 4
EMPIRIESE ONDERSOEK EN DATA-ONTLEDING

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke het die klem geval op 'n literatuurstudie van die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie, gedragsprobleme en adolessensie. In hierdie hoofstuk word gefokus op die data wat tydens die terapeutiese proses in die veld verkry is. Die navorser het ten doel om die terapeutiese proses, met die klem op die aspekte wat bewustheid bevorder het, van elke deelnemer volledig in gevallestudies te beskryf en te evalueer. Ten einde word die data wat tydens die terapeutiese proses geëvalueer is met die relevante literatuur gekontroleer om sodoende vas te stel hoe die Gestaltterapeutiese proses, adolessente wat gedragsprobleme openbaar, gelei het tot 'n groter bewustheid van hulself.

4.2 NAVORSINGPROSEDURES EN WERKSWYSE

Hierdie studie is kwalitatief van aard en poog om menslike handelinge of gedrag vanuit die deelnemers se perspektief te bestudeer. In hierdie studie is gedrag vanuit die perspektief van die adolessente deelnemers wat gedragsprobleme openbaar bestudeer. Dit het binne hul bepaalde konteks geskied en die fokus was veral op die terapeutiese prosesse asook die aspekte wat hulle tot groter bewustheid gelei het. Die deelnemers is die geleentheid gegun om binne die Gestaltspelterapeutiese proses te wees wat hulle "is", hul eie unieke self.

Die reeds bestaande teoretiese hoofstukke bestaan uit die beskrywing van die Gestalt-terapeutiese benadering, Gestaltspelterapie en die terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) en adolessensie.

Die metode om inligting in te samel was die semi-gestruktureerde onderhoude wat uit die terapeutiese sessies en groepwerk bestaan het. Die navorser het sekere doelwitte, tegnieke en prosesse in gedagte gehad, maar die voorgrond van die deelnemers het altyd die verloop van die sessie of groepwerk bepaal. Die individuele sessies was ongeveer 'n uur lank en die

groepwerk was elk ongeveer twee ure lank. Die navorser het die deelnemers die geleentheid gebied om hulself vrylik uit te druk, sonder enige oordele, leiding, manipulasie of interpretasies.

4.3 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING

Die navorser het in hierdie studie van 'n nie-waarskynlikheidseleksie en meer spesifiek van 'n doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Die steekproef is saamgestel uit die populasie van adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar het en na die Centurion Kindersorg in Centurion verwys is. Drie adolessente is uit bogenoemde populasie geselekteer:

- Adolessente wie se ouderdomme gewissel het van twaalf tot veertien jaar is gekies.
- Al drie deelnemers was manlik.
- Die kriteria vir taal was Afrikaans of Engels. Twee deelnemers was Engels en een Afrikaans.
- Die adolessente moes verwys wees as gevolg van gedragsprobleme. Twee deelnemers is deur Laerskole verwys en een deur 'n jeugleraar in die Centurion-area.
- Met die groepwerksessies was daar 'n ekstra deelnemer betrokke, wat ook deur die skool verwys is as gevolg van gedragsprobleme. Dit was 'n dertienjarige seun, Engelssprekend en in die Centurion-area. Die deelnemer word ook in hierdie studie bespreek vir die volledigheid van die groepwerk. Die deelnemer het die individuele sessies by die navorser se kollega deurloop.

4.4 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIES

Die empiriese gegewens word weergegee in die vorm van gevallestudies. Die navorser het 'n terapeutiese proses deurloop met drie deelnemers, wat bestaan het uit 'n aanvanklike aanvangsessie waarin die nodige agtergrondsbesondehede verkry is, ses individuele terapeutiese sessies en vier groepwerksessies.

Die individuele sessies is op 'n bandopnemer opgeneem en die groepwerksessies op video. Die kwaliteit van die klank van die bandopnames was egter swak en die navorser het dit gestaak en die sessies eerder sorgvuldig in prosesnotas opgeteken. Verslae is ook vir Centurion Kindersorg geskryf. Die nodige toestemming is van die deelnemers en hul voogde

verkry om enige inligting uit die terapie in die navorsing te gebruik en die navorser het die deelnemers en hul voogde verseker dat alle inligting vertroulik en anoniem sal bly. Die tydperk waarin die terapeutiese prosesse deurloop is, is ongeveer vier maande.

Die gevallestudies van elke deelnemer is afsonderlik bespreek aan die hand van die deelnemer se aanmelding en konteks waarna die terapeutiese proses beskryf is. Die terapeutiese proses is per sessie bespreek en het die volgende behels, naamlik die doel van die sessie, die verloop wat kortliks bespreek is en 'n evaluasie. Tydens elke evaluasie word aangedui op watter wyse Gestaltspelterapie benut is om die adolessent met gedragsprobleme se bewustheid ten opsigte van homself te bevorder.

Die individuele terapeutiese sessies sal eers bespreek word, waarna die groepwerk aandag sal geniet.

4.4.1 Individuele sessies

4.4.1.1 Deelnemer 1:Em

Deelnemer 1 word vervolgens bespreek.

Aanmelding en konteks

Em is na die Centurion Kindersorg se terapie-eenheid verwys deur die laerskool waar hy met sy graad 7 jaar besig is. Volgens die skool toon die deelnemer gedragsprobleme, ontwrig klasse en praat terug as hy aangespreek word. Daar bestaan oor die algemeen kommer oor die aanvaarding van dissipline by die skool en huis.

Die deelnemer, Em is 'n Engelse seun, wat op 26/10/1991 gebore is. Die kliënt is tans veertien jaar oud en bly by sy moeder en het twee broers, die een sewentien en die ander 'n stiefbroer van tien. Die deelnemer se moeder was al twee keer geskei. Die stiefbroer bly by sy biologiese vader omdat die deelnemer se moeder nie finansiëel in staat is om vir hom te sorg nie. Die deelnemer se ouers is jare gelede uitmekaar en hy het beperkte kontak met sy biologiese vader. Dit blyk dat sy vader 'n aggressiewe persoonlikheid het en dat hy volgens

die deelnemer sy ouer broer verskeie kere geslaan het. Dit blyk dat die deelnemer 'n vrees het vir sy biologiese vader en kontak met hom vermy. Die deelnemer se moeder is Engelsprekend en sy vader, Afrikaansprekend. Die deelnemer is in 'n dubbelmedium laerskool waar hy in Engels onderrig word.

Terapeutiese proses

Vervolgens word deelnemer 1 se terapeutiese proses bespreek.

Sessie 1

- **Doel van die sessie**

Die doel van hierdie sessie is kontakmaking en die bepaling van die deelnemer se proses. Dialoog en die roosboomtegniek is gebruik.

- **Verloop**

Die terapeutiese proses is binne die eerste sessie verduidelik en die deelnemer is verseker van die vertroulikheid van die proses. Die deelnemer het ook toestemming gegee dat bandopnames van die sessies gemaak kan word. Hy is ook bewus gemaak van sy verantwoordelikhede ten opsigte van die terapeutiese proses.

Die deelnemer kon nie regtig verbaliseer wat hy onder terapie verstaan nie. Die navorser het verduidelik dat terapie 'n proses is waardeur die deelnemer tot bewustheid gaan kom van wie hy is, wat hy doen, hoe hy voel en hoe hy dink. Die deelnemer het reageer deur te sê: "*I don't like looking at myself. I don't know why but I don't."*

Die deelnemer was baie huiwerig en onseker om die roosboomprojeksie te teken. Die deelnemer moes eers seker voel dat hy die nodige versterking, ondersteuning en erkenning gaan kry voor hy iets doen. Dit is ook dan deurgaans die deelnemer se proses. Tydens die roosboomprojeksie het dit geblyk dat hy meer bewus geword het van homself, ander en sy huidige omstandighede. Die deelnemer het ongemak ten opsigte van homself, sy biologiese

vader, sy huislike omstandighede en huidige situasie by die skool getoon. By die skool merk hy op: "Mr. X give Bible, but he doesn't act that way." Dit blyk dat hy gefrustreerd is met die situasie by die skool.

- **Evaluasie**

Die navorser en deelnemer het met die eerste sessie die nodige kontak gemaak en grense gestel en die deelnemer se proses bepaal. Die deelnemer het 'n sterk behoefte aan aanvaarding, erkenning en ondersteuning vanuit die omgewing. Die deelnemer se proses is om dinge te vermy wat vir hom ongemak en moontlike verwerping skep en dit blyk of dit nodig is in sy huidige omstandighede. Die deelnemer het swak kontak met homself, ander en sy omgewing. Dit blyk dat die deelnemer onvoltooidhede rondom sy verhouding met homself, sy biologiese vader, en sy huidige omstandighede en omgewing waarin hy leef, beleef. Die behoefte aan 'n manlike ouer rolmodel kom sterk na vore. Die deelnemer se self is swak en hy beleef verskeie polariteite binne sy veld. Die deelnemer se gedrag lei tot verdere fragmentasie. Dit blyk ook dat die deelnemer verskeie onvervulde behoeftes het wat hy nie kan bevredig nie. Die deelnemer het gevoel dat daar niks is wat nie met sy moeder bespreek kan word nie. Die deelnemer het die sessie geniet en niks negatief ervaar nie. Die deelnemer se houding ten opsigte van die huidige terapie en verdere sessies was oop en ontvanklik. Die deelnemer is duidelik in sy adolessentefase ten opsigte van sy kognitiewe ontwikkeling, te oordeel aan sy laaste waardeoordeel.

Dit blyk dat die deelnemer aanvanklik 'n gebrek aan bewustheid getoon het oor wie hy is en dit wat hy beleef. Hy het egter ongemak ervaar in sy omgewing. Hy beleef sy frustrasies in die hier-en-nou, maar aanvaar nog nie verantwoordelikheid daarvoor nie.

Sessie 2

- **Doel van die sessie**

Die doel van die tweede sessie was om verhoudings te bou en bewustheid te skep.

- **Verloop**

Op die vraag wat sy moeder sê van die terapie het die deelnemer gesê: "Nothing". Die navorser bespreek die telefoongesprek wat sy met die deelnemer se moeder gehad met hom. Die deelnemer se ouer broer bly nou by hom en sy moeder en die deelnemer is baie gelukkig hieroor. Die deelnemer was baie versterk deur die feit dat 'n ander vriend van hom (iemand na wie hy opsien) ook terapie kry. Die deelnemer het hierdeur weer 'n aanknopingspunt met die vriend gekry. 'n Gesprek het gevolg oor vriendskap en die emosies wat daarby betrokke is. Die deelnemer het gevoel dat hy in die verlede beter vriende was met sekere maats, maar dat daar nou meer 'n mate van afstand is. Die deelnemer vertel van 'n maat wat hom laat voel: "...that he is better than him." Die deelnemer sê dat hy nie daarvan hou nie en die seun vermy, want hulle het as gevolg daarvan baie konflik.

Die navorser het die deelnemer bewus gemaak van die feit dat hy verantwoordelik is vir sy eie emosies. Die deelnemer het egter voet by stuk gehou en gevoel dat die seun se meerderwaardige houding sy emosies bepaal, wat eie is aan die deelnemer se proses. Die deelnemer hou nie daarvan om so te voel nie. Die deelnemer praat weer oor sport en die leemte wat dit in sy lewe laat. Daar word na alternatiewe aktiwiteite gekyk en die deelnemer voer aan dat hy van skaak hou en dit baie interessant vind. Die deelnemer klink onseker of hy in skoolverband daarby betrokke wil raak.

Jenga-blokke is verder gebruik om verhoudings te bou en die terapeutiese proses te verduidelik. Die krabbel-tekening is gebruik waar die deelnemer meer bewustelik na homself moes kyk. Hy was redelik gemaklik. Hy raak bewus van die feit dat hy 'n "traak-my-nie-agtige" houding inneem om homself te beskerm teen sekere situasies, veral as hy nie sy sin kry nie. Hy voel ook dat hy somtyds nie goed wakker word nie en dit dan op vriende of mense in die skoolopset uithaal. Dit gebeur veral as sy moeder verslaap het en hy moet jaag om betyds vir skool te wees. Alternatiewe word bespreek.

Twee weke verloop waartydens die deelnemer nie vir terapie opdaag nie en hy ook nie by die skool was op daardie dae nie. Gesprek met adjunkhoof – voor derde sessie: Die adjunkhoof voel dat sy binne die volgende twee weke teen die deelnemer sal moet optree. Die deelnemer ontwrig die meeste van die klasse en doen nie sy werk nie. Die adjunkhoof meld dat sy die

nodige beheer oor die deelnemer het, maar dat die minder ervare onderwysers hom nie kan beheer nie. Die adjunkhoof beskryf 'n insident waar die deelnemer die onderwyseres met papier gegooi het. Die adjunkhoof voel dat die deelnemer se moeder ook nie die nodige dissipline en beheer oor die deelnemer uitoefen nie en dat hy eerder na 'n skool moet gaan waar koshuisverblyf moontlik is. Die adjunkhoof merk op dat sy 'n verantwoordelikheid het teenoor haar personeel en die res van die skoliere om teenoor die deelnemer op te tree.

- **Evaluasie**

Die deelnemer skep die indruk dat hy die terapie geniet en maak maklik kontak. Die deelnemer se proses is in die tweede sessie bevestig. Sy behoefte aan aanvaarding, erkenning en versterking word ook bevestig. Die deelnemer ervaar emosies van minderwaardigheid wat dui op swak kontak met die self. Skoolwerk en onderwysers was geensins op die deelnemer se voorgrond nie en was slegs bespreek op 'n vraag van die terapeut. Die deelnemer toon ook 'n onwilligheid om verantwoordelikheid te neem vir sy eie lewe en blameer die omgewing vir sy omstandighede. Die deelnemer is nie altyd gemaklik met die uitdruk van emosies nie en neem nie verantwoordelikheid vir die wyse waarop hy voel, dink en optree nie. Die deelnemer het 'n gebrek aan bewustheid ten opsigte van sy situasie by die skool. Hy is egter goed in kontak met homself en die emosies wat hy beleef. Hy aanvaar steeds nie verantwoordelikheid hiervoor nie.

Sessie 3

- **Doel van die sessie**

Die bewusmaking van denke, gedrag en emosies asook die bewusmaking van eie verantwoordelikheid.

- **Verloop**

Die deelnemer voel dat die onderwyseres onregverdig was en die deelnemer ontken dat hy papiere na die onderwyseres gegooi het. Die deelnemer neem egter weer die "traak-my-nie-agtige" houding aan. Die deelnemer merk op dat hy dit nodig vind: *"...for people not to get to*

you. If I care I will be sad all the time and I will feel angry." Die deelnemer se huislike omstandighede is tans gespanne.
Die deelnemer beskryf sy klasopset as vervelig. Hy sit altyd alleen en moet redelik hard praat as hy vir sy vriende iets wil sê. Vanaf die vorige dag het die onderwyser iemand langs hom gesit. Die seun praat nie veel nie, maar dit voel beter. Die deelnemer voer aan dat hy nie meer soveel in die klas praat nie.

Die navorser vra die deelnemer wat hy "behoort" te doen. Hy voel dat hy beter vriende moet maak, alhoewel hy van sy vriende hou. *"I must better my school work to have a better future."* Hy sien sy toekoms as positief en voel dat hy daartoe in staat is om vir hom 'n goeie toekoms te bou. Die deelnemer "wil" vriende wees met vier ander seuns wat goeie vriende is, maar ook by tye stout is. Hy vertrou veral een van die vriende.

Die navorser sit "*bad boy*" en "*good boy*" op verskillende stoel en vra vir die deelnemer met watter een hy die meeste identifiseer. Hy identifiseer met die *"bad boy*" omdat hy daarvan hou om aktief te wees. Hy loop altyd rond of speel. Die deelnemer sien homself en sy vriende as: "*naughty,but good"*. Hy beskryf vervolgens die "*good boys*" as: "*they never do anything, but to eat their lunch and that is just wrong."* Die deelnemer sê dat hy by die huis net sit en TV kyk, maar by die skool wil hy graag aktief wees. Hy kan nie sport by die skool doen nie, omdat hy te oud is. Die deelnemer beskryf die situasie as uiters frustrerend en voel dat: "*he wants to take part in life."*

Die deelnemer erken dat sy broer dwelms gebruik en dat die dwelms sy hele persoonlikheid verander. Hy voer aan dat hy somtyds bang is vir sy broer omdat hy nie beheer het oor homself nie. Die deelnemer besef dat hy niks kan doen om sy broer te laat ophou nie, maar dat sy broer dit self moet kies. Hy praat oor sy moeder wat ook verslaaf was aan dwelms en dat haar kêrel haar daaraan blootgestel het. Die deelnemer is baie ontsteld toe die navorser opmerk dat dit sy moeder se keuse was om die dwelms te gebruik en dat dit haar keuse was om op te hou. Die deelnemer ontken dit heftig dat dit sy moeder se keuse was om dwelms te gebruik.

Die deelnemer besef dat hy na die groter prentjie moet kyk en dat verandering binne homself moet plaasvind. Hy voel dat dit moontlik is om hard te werk, binne die grense van die skool te

funksioneer en so 'n beter toekoms vir homself te skep. Hy meld dat hy nie in dieselfde situasie as sy broer wil beland nie.

Gesprek met voorligtingonderwyser**:** Die voorligtingonderwyser deel die navorser mee dat die deelnemer voor 'n dissiplinêre kommitee gaan verskyn en dat hulle twee weke geskors kan word.

- **Evaluasie**

Dit blyk dat die deelnemer meer bewus raak van sy omstandighede en emosies, maar nog nie gereed is om verantwoordelikheid te aanvaar nie. Die deelnemer erken vir die eerste keer dat hy te oud is om aan sport deel te neem. Die deelnemer se omgewing maak dit tans vir hom moeilik om sy behoeftes te bevredig, balans te kry en die ondersteuning en leiding is min. Die deelnemer weerhou homself daarvan om te veel te ervaar omdat dit hom te seer gaan maak en raak so verder vervreem van homself, ander en sy omgewing. Deur 'n traak-my-nie-agtige houding in te neem en sy frustrasie op sy omgewing uit te leef , oorleef die deelnemer binne sy wêreld. Hy voel hy word onregverdig behandel en plaas die blaam op sy omgewing vir dinge wat met hom gebeur. Die deelnemer was baie ontsteld oor die feit dat die navorser hom bewus gemaak het dat sy moeder gekies het om dwelms te gebruik en dit steeds hewig ontken. Die deelnemer raak meer bewus van homself en sy omgewing.

Sessie 4

- **Doel van die sessie**

Die doel van die vierde sessie was om die dissiplinêre komitee te bespreek en voorbereiding daarvoor te doen. Verdere bewustheid van die self en verantwoordelikheid is ook verken.

- **Verloop**

Die deelnemer erken dat hy voor die dissiplinêre komitee verskyn as gevolg van *"rudeness, back chatting and demerits*". Die deelnemer sê dat sy moeder baie kwaad en teleurgesteld is en dat sy hom die afgelope tyd ignoreer. Hy meld dat hy baie sleg voel en enigiets sal doen

om die situasie reg te stel. Die terapeut vra waarom die deelnemer nie ook so teenoor haar optree nie. Die deelnemer reageer deur op te merk dat hy "*ok*" is by haar en dat dit nie nodig is nie. Die deelnemer voel dat hy die afgelope week, sedert die vorige sessie probeer het om binne die grense te bly. Die navorser maak die deelnemer daarvan bewus dat hy 'n tyd lank so sal moet optree sodat sy moeder en die onderwysers se houding teenoor hom eers verander. Die navorser maak die deelnemer daarvan bewus dat dit 'n proses is en dat net hy dit kan doen – net hy kan sy lewe leef.

Die navorser en deelnemer bespreek die dissiplinêre komitee. Die deelnemer erken dat hy besig is om sy toekoms te verongeluk met die wyse waarop hy tans optree. Hy dui aan dat hy in staat is om sy lewe so te verander dat dit vir hom en ander tot voordeel strek. Die terapeut bemagtig die deelnemer deur vir hom mee te deel wat sy van hom as mens ervaar en dat hy sy lewe kan omdraai as hy wil.

(Die voorligtingonderwyser lig die navorser 'n paar dae na die vierde sessie in dat die respondent die skool verlaat het. Die deelnemer se moeder skakel die navorser en maatskaplike werker en vra dat Centurion Kindersorg haar moet help om die regte skool vir die deelnemer te kry. Hy moet verkieslik in 'n koshuisopset skool gaan, want die deelnemer se moeder erken dat sy tans nie die nodige beheer en toesig oor hom het nie. Die navorser het die deelnemer se moeder bewus gemaak van die feit dat September baie laat in die jaar is om 'n kind in 'n nuwe skoolopset te akkomodeer. Koshuisgelde is ook redelik duur.)

- **Evaluasie**

Die deelnemer raak meer bewus van sy optredes, ander en sy omgewing. Die deelnemer raak bewus van die keuses wat hy in sy lewe het. Die deelnemer begin ook meer verantwoordelikheid vir homself neem. Daar bestaan egter nog 'n gebrek aan bewustheid van sy emosies en sy hantering daarvan. Die terapeut ervaar al hoe meer hoe die deelnemer alleen in sy wêreld staan sonder die ondersteuning, leiding of die nodige versterking. Dit kom voor asof die deelnemer se moeder nie realisties is oor haar besluite nie. Die navorser bemagtig die deelnemer met dinge wat realisties en werklik is in sy lewe.

Sessie 5

- **Doel van die sessie**

Die navorser praat met die deelnemer oor die feit dat hy nou nie meer in die skool is nie, die hier-en-nou. Bewustheid, kontak en verantwoordelikheid.

- **Verloop**

Die deelnemer is erg verveeld by die huis en hy merk op: "*Not going to school is wrong. I want to go back."* Die deelnemer se verhouding met sy moeder was ook redelik gespanne, maar dit is nou weer normaal. Die navorser het die deelnemer gevra hoe hy in die situasie beland het en wat sy aandeel was. Sy respons was: "*It wasn't my fault... it is propably...".*

Die deelnemer erken dat hy verkeerd in die klasopset opgetree het. Hy het teruggepraat, gelag, en nie in al die klasse sy werk gedoen nie. Persentasiegewys sou hy skat dat hy omtrent 40% van die werk gedoen het en die ander 60%: "*he kid around*". Die deelnemer erken dat hy die onderwyser se taak om klas te gee bemoelik het. As hy egter die hoof was sou hy hom nog 'n kans gegee het.

Die deelnemer praat veral terug as hy kwaad word. Hy raak kwaad as mense dink hulle is reg en aanhou met die saak en hy besef hulle is verkeerd en dit is onregverdig. Hy waardeer dit dat sy moeder oor 'n saak praat en dit dan daar los. Die navorser wil weet wie die deelnemer tans ondersteun en help. Hy merk op dat sy moeder en broer altyd daar is, maar terselfdertyd voel hy dat sy ma: " *doesn't really care".* Die deelnemer merk verder op dat sy grootouers nooit omgegee het vir hom nie. Die deelnemer sê dat hy by sy vorige skool gelukkig was en dat daar verskeie onderwysers was waarvan hy gehou het, maar dat dit nie nou die geval was nie.

Sy situasie is tans negatief en as hy aanhou om so op te tree in skoolverband gaan hy uit die volgende skool geskors word en sal hy nie veel van 'n toekoms hê nie. Die deelnemer voel hy kan nie veel aan sy situasie doen nie. As die skool hom wil terugneem sal hy bly wees. Die

alternatief word bespreek dat die deelnemer en sy moeder die skool vra om hom net tot die einde van die jaar te akkomodeer, maar onder hulle voorwaardes.

(Die deelnemer se moeder skakel die navorser en sê dat die skool die deelnemer laat arresteer het. Die moeder kon nie regtig verduidelik wat gebeur het nie, omdat die polisie geen verduideliking wou gee nie en sy nie weet of die deelnemer die waarheid praat nie. Die opsie dat die skool hom sal terugneem is egter verspeel. Die moeder wil ook weet of Kindersorg enigsins gevorder het met die skoolopsies en aangevoer dat niemand haar kontak nie. Die deelnemer se moeder word aangemoedig om van haar kant ook moontlikhede te ondersoek.)

'n Aanbeveling word aan die deelnemer se moeder gedoen dat die deelnemer Seunsdorp Magaliesburg toe gaan waar die deelnemer die nodige ondersteuning, struktuur, hulp en grense kan kry. Die deelnemer se moeder se finansiële situasie word ook in ag geneem.

- **Evaluasie**

Die deelnemer raak toenemend bewus van sy verantwoordelikheid vir die situasie waarin hy hom bevind. Die deelnemer is bewus van die regte goed om te doen, maar die ondersteuning en leiding is min. Hy voel dat niemand regtig vir hom omgee nie en dat hy nie baie vir homself en ander beteken nie. Die deelnemer ervaar emosies van alleenheid, verwerping, onregverdigheid, frustrasie en ontmagtiging. Die deelnemer se selfbeeld en selfvertroue is laag. 'n Mate van weerstand word ervaar, wat 'n goeie teken is. Die deelnemer se bewustheid bring al die negatiewe aspekte en emosies wat vervreem geraak het, weer na vore. Die feit dat hy begin verantwoordelikheid neem vir sy situasie, is egter 'n positiewe aspek in die terapeutiese proses.

Sessie 10

- **Doel van die sessie**

Die doel van die sessie is om met die deelnemer oor sy hier-en-nou te praat, 'n bewustheid te skep, verantwoordelikheid aan te moedig en die deelnemer te bemagtig. Die navorser en die

deelnemer neem afskeid van mekaar. Hierdie sessie vind plaas na afloop van die vier groepsessies.

- **Verloop**

Die deelnemer praat oor die insident by die skool. Hy was die middag by die skool om sy vriende te groet en hy het na die revue-oefening gekyk. Die een onderwyser het hom gewaarsku dat hy nie op die skoolgronde mag wees nie. Die onderwyser het hom na die polisiestasie geneem. Geen klagtes is gelê nie. Die polisie het slegs gesê dat hy nie meer op die skoolgronde mag wees nie. Die deelnemer het by die polisiestasie gewag vir sy moeder om hom te gaan haal. Die deelnemer voel dat die situasie baie onregverdig was.

Die deelnemer raak bewus van die feit dat hy nie altyd beheer het oor sy gedrag nie; dat hy somtyds te vinnig reageer en dan die verkeerde goed sê en doen. Die deelnemer voel dat hy nie sy woede en aggressie reg hanteer nie. Hy voel ook dat hy nie kan waarborg dat hy in 'n ander skool anders gaan optree nie en dan gaan hy dieselfde paadjie as nou loop. Die deelnemer noem dat hy en sy moeder die opsie van 'n koshuis bespreek het. Die deelnemer is baie positief daaroor en sê dat sy moeder voel dat dit vir hom die dissipline gaan verskaf wat hy nodig het.

Die navorser en deelnemer bespreek alternatiewe, byvoorbeeld Seunsdorp. Die navorser verduidelik aan die deelnemer hoe die opset werk en die ondersteuning wat hy daar kan geniet. Die deelnemer voel dat die opsie vir hom nog 'n kans kan bied en dat hy dit sal aangryp. Die navorser onderneem om die deelnemer se moeder te skakel en die nodige inligting deur te gee en die nodige verslae te faks.

Die respondent en navorser neem afskeid. Die navorser verseker die deelnemer dat hy daartoe in staat is om met die regte ondersteuning en versterking van sy lewe 'n sukses te maak.

- **Evaluasie**

Die navorser het die deelnemer se emosies van verlatenheid ervaar. Sy het ook emosies van magteloosheid en frustrasie ten opsigte van die deelnemer se lewe ervaar en moes daarteen

waak om nie die "fixer" te word nie. Die moeilikste deel was om die deelnemer te los om self bewus te word van sy lewensproses en verantwoordelikheid daarvoor te neem. Die navorser het volle kontak ervaar, die deelnemer was sensories intak, behalwe sy emosies waarvan hy mettertyd bewus geraak het. Die respondent was aan die einde bemagtig, versterk en positief oor sy toekoms.

Dit blyk dus dat hierdie deelnemer aan die begin van die terapeutiese proses 'n gebrek aan bewustheid van homself en sy situasie ervaar het. Tydens die terapeutiese proses het hy mettertyd bewus geword van wie hy is, wat hy beleef en ook bewus geraak van sy verantwoordelikheid ten opsigte van sy situasie.

4.4.1.2 Deelnemer 2: Jo

Vervolgens word deelnemer 2 bespreek.

Aanmelding en konteks

Die deelnemer is 'n Engelse seun van 12 jaar en 11maande ten tyde van die aanvang van die terapie. Hy is deur die skool na Centurion Kindersorg verwys. Die deelnemer toon gedragsprobleme in die klasopset. Die navorser sien die deelnemer by die skool in saalperiode wat 'n uur lank duur. Die deelnemer is meer gemaklik met Engels, maar sy moeder is Afrikaans en praat met hom net Afrikaans.

Die deelnemer se moeder is 'n sekretaresse, Afrikaans en bly tans by haar verloofde. Die deelnemer kom redelik goed oor die weg met die verloofde, maar nie as hy optree asof hy sy vader is nie. Die moeder se verloofde het 'n seun van ongeveer vyf en twintig en hy is "*cool*". Die deelnemer het goeie verhoudings met sy moeder se familie. Die deelnemer mis sy moeder in die huidige omstandighede. Iets wat hom van sy moeder pla is die feit dat sy baie oorbeskermend kan wees. Sy is baie bekommerd as hy aan sport deelneem dat hy sal seerkry.

Die deelnemer se vader is 'n mynbestuurder, Engels en is tans enkellopend. Die deelnemer kom goed met sy vader se familie oor die weg en het 'n spesiale band met sy ouma. Die

deelnemer kom ook goed met sy vader oor die weg en beskryf dat hulle 'n oop verhouding het. Die enigste iets wat hom van sy vader pla is dat hy rook.

Terapeutiese proses

Vervolgens word deelnemer 2 se terapeutiese proses bespreek.

Sessie 1

- **Doel van die sessie**

Die doel van die eerste sessie is om mekaar te leer ken, die deelnemer se proses te bepaal en meer van die deelnemer se konteks uit te vind. 'n Genogram word benut.

- **Verloop**

Die deelnemer kom aanvanklik baie versigtig en onseker voor. Hy gee egter sy volle samewerking, maar wek tog die indruk dat hy sekere dinge vermy.

Die deelnemer is die enigste kind en sy ouers is geskei toe hy net drie jaar oud was. Die deelnemer het meestal by sy moeder gebly en tans bly hy 'n gedeelte van die week by sy moeder en 'n gedeelte by sy vader. Die deelnemer voer aan dat dit hom nie pla nie, net as hy iets vergeet het by die ander ouer se huis wat hy nodig het.

Daarenteen sê die deelnemer die volgende oor sy familie: "*Things that happen in the family makes him angry, bad and aggressive."* Die deelnemer wens dat hy baie geld kan hê. Hy sal 'n groot huis koop waarin die hele familie kan bly, want hy mis sy moeder baie. Die navorser maak die deelnemer bewus daarvan dat almal nie oor die weg gaan kom nie. Die deelnemer voel dat hulle in aparte eenhede op dieselfde erf kan bly.

Die deelnemer merk op dat hy gewoonlik sy emosies vir homself hou en sy hantering is: *"...to keep it in and when somebody bother me I'll take it out on them."* Wanneer die deelnemer tuis hartseer is, gaan lê hy op sy bed en vryf sy hond , doen karate doen of ry fiets.

Die deelnemer neem deel aan verskeie sportsoorte by sy skool en speel vir die meeste van hulle in die eerste span. Hy het ook 'n groot groep vriende en vriendinne waarmee hy goed oor die weg kom.

- **Evaluasie**

Die deelnemer ervaar verskeie polariteite binne sy wêreld, veral wat sy moeder betref. Sy ouers se egskeiding blyk ook nog 'n onvoltooidheid by die deelnemer te wees, omdat dat daar nog steeds die behoefte is om die gebroke gesin as 'n eenheid te sien. Die deelnemer ervaar die nodigheid om sy emosies vir homself te hou en dit kom dan uit in onvanpaste gedrag. Dit blyk dat daar 'n gebrek is aan bewustheid ten opsigte van homself, sy emosies en hoe hy daarop reageer. Die deelnemer se proses is dat hy sy verantwoordelikheid op ander oordra sodat hulle sy lewe beheer en hanteer – hy is egter nie bewus hiervan van nie. Dit veroorsaak dat die deelnemer min verantwoordelikhede ten opsigte van homself aanvaar.

Albei ouers het terugvoer ontvang en die terapeutiese proses is aan hulle verduidelik. Algemene indrukke sluit die volgende in: Die deelnemer se vader kom redelik aggressief oor en het niks goed te sê oor die deelnemer se moeder en haar verloofde nie. Die skool dra ook by tot die vader se frustrasies en hy voel dat die onderwysers *"incompotent*" is om sy seun te hanteer. Die deelnemer se sportprestasies is belangrik vir die vader en hy hou dit baie voor. Die vader het die indruk gelaat dat hy die situasie aan die navorser oorlaat om op te los. Die vader sê egter dat hy enigiets sal doen wat van hom verwag word, maar hy het nooit die ouerleidingkursus voltooi nie.

Die deelnemer se moeder kom baie sag en beheersd voor. Die moeder bevind haar in die middel van alles. Die moeder is bewus daarvan dat die vader haar slegpraat by haar kind en sy maak die navorser daarvan bewus dat sy die vader verlaat het omdat hy drank misbruik het en haar fisies aangerand het. Die moeder het ook gevoel dat sy so min kontak moontlik met die deelnemer se vader wil hê en niks saam met hom sal bywoon nie. Die moeder is bekommerd oor die probleme by die skool en oor haar kind se algehele houding teenoor haar en ander volwassenes. Die moeder het haar volle samewerking gewaarborg en 'n ouerleidingkursus voltooi.

Sessie 2

- **Doel van die sessie**

Die doel van die tweede sessie was bewusmaking, verhouding bou en om meer by die deelnemer se self uit te kom. Die navorser bespreek die terugvoersessies met die deelnemer.

- **Verloop**

Die roosboomprojeksie is gebruik. Die deelnemer was aanvanklik baie onseker oor watter boom om te teken en hoe om dit te teken. Die deelnemer het nadat die navorser 'n voorbeeld gedoen het, sy boom geteken.

Die deelnemer voel dat hy goed grootgemaak is en dat hy weet wat reg en verkeerd is. Hy het egter 'n behoefte aan 'n ouer broer om dinge te doen wat broers doen. Dit herinner die deelnemer aan 'n vriend waarvan hy nie meer hou nie. Op die vraag waarvan hy nie hou nie het die deelnemer reageer om te sê dat hy weet, maar nie daaroor wil praat nie. Dit blyk dus dat hier tog 'n mate van bewustheid is.

Duidelik op die deelnemer se voorgrond was die omstandighede by sy moeder. Hy het emosies van woede en frustrasie ervaar oor die omstandighede by sy moeder. Die deelnemer se moeder wil nie vir hom goed koop wat hy nodig het nie, want sy voel dat hy nie na sy goed omsien nie. Dit maak hom kwaad omdat sy moeder hom nie vertrou nie. Hy merk op dat sy moeder se verloofde hom van baie dinge ontneem en een daarvan is alleentyd saam met sy moeder. Die deelnemer is woedend vir sy moeder dat sy hulle in die situasie geplaas het. Volgens die deelnemer kan sy moeder nie haar verloofde los nie, want sy is finansieel afhanklik van hom. Sy moeder mis ook baie van sy belangrikste wedstryde by die skool.

Die deelnemer voel soos "*a loose piece of cloth". Every one throws you around and don't know what to do with you.*" Die grootste hindernis in die hier-en-nou is sy moeder se situasie. Nog hindernisse is wiskunde. Die deelnemer sien dit as sy swakpunt. Die deelnemer voel dat van die onderwysers op hom pik.

Die deelnemer gee voor dat die situasie hom nie juis meer pla nie. Hy word daarvan bewus gemaak dat hy die houding moontlik gebruik om homself te beskerm. Die deelnemer raak ook bewus van die feit dat hy baie van die emosies op die onderwysers uithaal. Hy voel tans gemaklik by sy vader, ouma en "*long time ago with mom*".

- **Evaluasie**

Die deelnemer bevestig sy proses deur nie verantwoordelikheid vir homself te neem nie. Die deelnemer word mettertyd bewus van sy lewensomstandighede en emosies van woede ten opsigte van sy huidige situasie. Die deelnemer voel ook dat sy moeder hom in 'n mate verwerp en haar verloofde bo hom verkies. Die deelnemer het 'n behoefte aan sy moeder en die gevoel dat sy hom nodig het. Dit blyk asof die deelnemer deur manipulasie poog om sy behoeftes te bevredig. Dit lyk of sy pogings tot manipulasie deur sy moeder gestuit word word. Die deelnemer neem egter geen verantwoordelikheid vir sy lewe nie en plaas alle blaam op sy omgewing. Hy voel soos 'n stuk lap wat van die een na die ander rondgegooi word. Die deelnemer ervaar dat hy geen beheer oor sy lewe het nie. Dit blyk dus dat hy al hoe meer bewus raak van sy emosies, maar nog nie die verantwoordelikheid daarvoor wil aanvaar nie.

Sessie 3

- **Doel van die sessie**

Die doel van sessie 3 is om na die deelnemer se wêreld te kyk, hom bewus daarvan te maak en te kyk hoe hy dit hanteer.

- **Verloop**

Die deelnemer maak nie voldoende kontak nie. Hy sê dat hulle revue oefen en dat hy dit nou mis. Die navorser en deelnemer bespreek ander tye wat die terapie kan plaasvind vir die volgende paar weke. Die deelnemer lyk meer op sy gemak en vertel vir die navorser van sy verjaarsdag en wat hy en sy vriende gedoen het.

Die deelnemer is ook nie lus vir die krabbelprojeksie nie en teken sy wêreld wat hy geniet om te doen. Die tekening dui op verskillende dele binne 'n geheel. Die deelnemer voel dat dit sy wêreld goed weerspieël omdat sy lewe uit verskillende dele bestaan waarvan hy sekere dele nie wil hê nie en met ander dele weet hy nie wat om te doen nie. Sy wêreld is tans vir hom "*...confusing. I don't know what to do with parts of my life"*. Die deelnemer voel dat hy magteloos is in die besluitneming van sy eie lewe. Sy ouers neem besluite oor hom en hy moet net inpas. Sy moeder is oorbeskermend en laat hom nie toe om byvoorbeeld saam met sy maats by die rekenaarkafee tyd te spandeer nie. Sy vader doen ook nooit goed wat hy wil doen nie. Die deelnemer het weer die traak-my-nie-agtige houding en voel dat hy die situasie al aanvaar, want hy kan in elk geval niks daaraan doen nie. Dit blyk dat dat daar 'n toename in bewustheid plaasvind.

Die deelnemer verwys na 'n vriend se moeder wat hom toelaat om te doen wat hy wil, binne perke. Die vriend se moeder vertrou haar seun. Die deelnemer weet nie hoekem sy moeder hom nie vertrou nie en kan nie onthou waar hy haar teleurgestel het nie. Die deelnemer en navorser bespreek alternatiewe om sy beheer in 'n mate terug te kry. En besluit op 'n moontlike gesamentlike gesprek met die moeder. Die respondent gaan self eers poog om met sy moeder te gesels. Die feit dat hy meer bewus raak van sy situasie, bemagtig hom ook om te begin om eienaarskap te aanvaar en dus self met sy moeder te gesels.

- **Evalusie**

Die deelnemer bevestig net sy behoefte aan beheer oor sy eie lewe. Hy het al moontlik 'n patroon ontwikkel dat hy manipuleer om sy behoeftes te bevredig en om sy mag in 'n mate terug te kry. Die deelnemer ervaar sy lewe as gefragmenteerd en hy is verward van watter aspekte hy wil assimileer en watter nie. Die deelnemer leer ook nie om verantwoordelikheid vir sy eie lewe te neem nie, want hy neem nie die besluite en keuses in sy lewe nie. Die deelnemer poog om verantwoordelikheid te neem deur met sy moeder te praat. Daar het wel groei ten opsigte van sy bewusheid plaasgevind.

Sessie 4

- **Doel van die sessie**

Die doel van hierdie sessie is om te kyk na wat die deelnemer wil doen en wil hê teenoor dit wat hy behoort te doen. Daar word ook probeer om 'n bewustheid van polariteite en keuses en verantwoordelikhede te skep.

- **Verloop**

Die deelnemer verwys na materiële dinge wat hy graag wil hê soos: "*Quad bike, puppy and mp3 player*". Die ander dinge wat hy wil hê is sy moeder en vader as 'n gesin bymekaar. Die deelnemer voel dit is 'n moontlikheid, al het hulle nie baie kontak nie. Die deelnemer wil nie iets spesifiek van die skoolopset hê nie en is ook tevrede met sy vriende.

Die deelnemer wil in die toekoms 'n rugbyspeler word, wat goed en suksesvol is. Die deelnemer word bewus van dit wat nodig is om 'n sukses te maak. Die deelnemer dui aan dat hy toegewyd, hardwerkend en stabiel kan wees.

Die deelnemer voel dat hy verantwoordelik vir homself moet wees. Hy kan dinge egter nie verander nie omdat hy geen sê het in sy lewe nie. Die deelnemer voel dat hy nie veel van die terapie verwag nie. Die navorser maak die deelnemer bewus dat hy nie verantwoordelikheid vir sy terapie en sodoende sy eie lewe wil neem nie. Die deelnemer sê dat hy wel die terapeutiese proses wil voltooi. Die gesamentlike gesprek met die deelnemer se moeder word gereël.

- **Evaluasie**

Die deelnemer is baie idealisties omtrent die lewe wat 'n kenmerk is van die adolessensietydperk. Ten spyte van al die feite sien hy nog die moontlikheid dat sy ouers sal herenig. Dit dui op die onvoltooidheid en behoefte aan stabiliteit. Die deelnemer bevestig die feit dat hy nie verantwoordelikheid vir sy lewe wil aanvaar nie en dat hy sy verantwoordelikheid aan ander, in hierdie geval die navorser wil oordra. Die navorser ervaar

geweldige weerstand as die deelnemer enige besluite of keuses moet maak en as hy nie sy sin kry nie. Die deelnemer ervaar baie polariteite in sy lewe wat hom verwar. Die deelnemer begin bewustheid toon ten opsigte van sy situasie en die gepaardgaande emosies. Hy toon egter 'n gebrek aan bewustheid van hoe hy sy omgewing hanteer.

Sessie 5

- **Doel van die sessie**

Die doel van hierdie sessie is om voor te berei vir die gesprek met die deelnemer se moeder.

- **Verloop**

Tydens hierdie sessie is die deelnemer voorberei op die gesprek met sy moeder en spesifiek sy behoefte aan meer tyd saam met haar en die die kwessie van oorbeskerming. 'n Gesprek is gevoer oor die wyse waarop die deelnemer sy moeder se vertroue kan herstel en behou. Hy sal ook graag met haar wil gesels oor die moontlikheid dat sy ouers gesamentlike reëls en grense stel wat hom nie verwar nie en ook dat hy 'n vaste reëling het ten opsigte van sy verblyf. Die deelnemer en terapeut voel dat die gesprek moontlik meer integrasie tot gevolg sal hê.

Die deelnemer dui weer op sy emosies van magteloosheid en die feit dat hy nie dinge kan verander nie. Die navorser wys die deelnemer daarop dat slegs hy sy lewe kan verander en dat hy verantwoordelikheid daarvoor moet begin neem. Die navorser bemagtig die deelnemer deur te verwys na die deelnemer en sy moeder se verhouding in die verlede en die feit dat sy moeder vir hom lief is en vir hom soveel doen as wat sy kan. Die navorser dui daarop dat die gesprek met sy moeder die begin is van 'n hele proses wat deurloop sal moet word.

- **Evaluasie**

Die navorser ervaar weerstand in die sin dat die deelnemer poog om die navorser te manipuleer om sy sin te kry. Die navorser is bereid om 'n gesamentlike gesprek met die deelnemer se moeder te hê, maar die deelnemer sal die kwessies moet bespreek. Die deelnemer raak al hoe meer passief en traak-my-nie-agtig wanneer besluite en keuses gemaak

moet word. Die deelnemer is so gewoond om sy omgewing te manipuleer dat dit hom geweldig frustreer as hy dinge moet doen en verantwoordelikheid moet dra. 'n Groter bewustheid ten opsigte van die deelnemer se "self", sy emosies en sy verantwoordelikheid in hierdie verband is besig om te ontwikkel. Hy toon egter weerstand wanneer hy verantwoordelikheid vir iets moet aanvaar.

Sessie 6

- **Doel van die sessie**

'n Gesamentlike gesprek met die deelnemer en sy moeder. Die doel is die bewusmaking van beide partye se behoeftes en kwessies.

- **Verloop**

Die volgende kwessies is aangeroer: Die moontlikheid dat die deelnemer se biologiese ouers sal herenig. Die deelnemer se moeder het die deelnemer verseker dat daar nie so 'n moontlikheid bestaan nie en dat sy gelukkig is in haar huidige verhouding.

Die deelnemer se behoefte aan onafhanklikheid is bespreek. Die deelnemer se moeder het gevoel dat die deelnemer haar vertroue geskend het en dat hy dit eers weer sal moet vestig. Die deelnemer se moeder voel egter dat hy as hy by sy vader is hy baie geleenthede het om saam met sy maats te gaan. Die deelnemer se moeder erken dat sy streng is en dat sy haar reëls het en dat hy as hy by haar is daarby moet hou.
Die deelnemer se moeder meld dat hy nie deel van haar verhoudingslewe wil wees nie. Hy het 'n negatiewe houding en as hy met huiswerk moet help, skakel hy sy vader om hom te kom haal. Die deelnemer se moeder voel dat sy en haar verloofde moeite doen om hom te akkomodeer, maar dat hy geensins moeite doen om in te pas nie. Die deelnemer se moeder weet ook dat die deelnemer se vader dit vir hom moeiliker maak.
Die deelnemer se moeder het bewus geword van die feit dat sy meer alleentyd met haar seun moet spandeer. Die deelnemer is egter bewus gemaak van die feit dat hy sy houding sal moet verander.

Die deelnemer se moeder is bekommerd oor die tye wat die deelnemer by sy vader vader deurbring, omdat hy, volgens die moeder, nog steeds drank misbruik. Volgens die deelnemer se moeder tree die vader onvanpas op en bespreek dinge met die deelnemer wat onvanpas is.

Alternatiewe is bespreek. Die navorser het aanbeveel dat die deelnemer se moeder en vader 'n moontlike familieplan optrek in samewerking met 'n maatskaplike werker wat die volgende moontlike sake dek: toekomsverwagtinge, reëls en grense, finansiële uitgawes, meer stabiele verblyf en ander reëlings wat die deelnemer se lewe raak.

- **Evaluasie**

Die deelnemer kon nie sy moeder en die terapiesituasie manipuleer nie, wat tot groot frustrasie en weerstand gelei het. Die navorser kon die deelnemer se situasie insien en ervaar. Die navorser het die deelnemer se magteloosheid aangevoel en sy verwardheid oor sy huidige gesinsituasie. Die deelnemer se "*don't care*" houding wat op weerstand gedui het, het die navorser by tye erg frustreer. Die houding van die deelnemer het die onderwysers ook baie negatief gemaak. Die deelnemer het as hy nie 'n situasie kon manipuleer nie, onttrek of opstandig geraak. Die navorser het voldoende kontak met die deelnemer gemaak, die deelnemer was sensories intak. Die feit dat hy meer bewus geword het van wie hy is, wat hy ervaar en sy lewensituasie, het tot die besef gelei dat hy meer verantwoordelikheid moes aanvaar, maar hy het egter nie daarvoor kans gesien nie. Die deelnemer is bemagtig gedurende die proses en tot selfvertroeteling gelei.

4.4.1.3 Deelnemer 3: Ro

Vervolgens word deelnemer 3 bespreek.

Aanmelding en konteks

Ro is 'n seun van dertien jaar en tans in graad 7. Die deelnemer is verwys deur 'n jeugleraar vir gedragsprobleme by die huis en by die skool. Die jeugleraar voel dat hy niks meer vir die deelnemer kan doen nie. Die deelnemer se moeder het die navorser geskakel en gevra dat haar kind geëvalueer word en verdere terapie ondergaan.

Die deelnemer se ouers het hulle volle samewerking gegee en ingeskakel vir 'n ouerleidingkursus by Centurion Kindersorg. Die deelnemer se ouers het die nodige toestemming gegee vir die terapie en die gebruik van die nodige inligting vir verdere opleidingdoeleindes en navorsing.

Terapeutiese proses

Vervolgens word deelnemer 3 se terapeutiese proses bespreek.

Sessie 1

- **Doel van die sessie**

Die doel van die eerste sessie is die bepaling van die respondent se proses, kontakmaking, die bou van 'n verhouding en 'n bewusmakingproses. Die navorser ondersoek die respondent se konteks. Die navorser het 'n genogram gebruik om die respondent se konteks te bepaal.

- **Verloop**

Op die deelnemer se voorgrond was 'n vorige assessering wat 'n opvoedkundige sielkundige gedoen het. Hy was nie gemaklik met die opvoedkundige sielkundige nie en voel dat hy nie op sy vlak was nie. Die deelnemer het gevoel soos die kind en die sielkundige soos die onderwyser. Die deelnemer verwys ook na die feit dat die sielkundige alles neergeskryf het wat hy sê en dat dit hom geïrriteer het. Die deelnemer het nie ervaar dat die assessering iets beteken het nie en het nie 'n ervaring gehad dat enigiets verander het nie. Die sielkundige het verwys na die deelnemer en sy vader se verhouding en dat die probleem daar lê. Niks het verder hiervan gekom nie. Die deelnemer verwys na die jeugleraar wat hy gesien het en wie hy dink is *"cool*". Die leraar is volgens die deelnemer nie meer bereid om hom te sien nie, want volgens die leraar kan hy niks meer vir hom doen nie.

Die deelnemer se ouers is volgens die deelnemer drie en twintig jaar gelukkig getroud en hy beskryf hulle as *"cool en fun*". Sy vader speel vir Noord-Gauteng korfbal, weet baie van karre en hou van die Grand Prix. Sy vader raak by tye onaangenaam en verbied die deelnemer om

televisie te kyk of sy rekenaarspeletjies te speel. Sy moeder wil hom soms nie na plekke toe vat waar hy wil gaan nie en dan kan hy baie ongelukkig raak as sy moeder vir hom wegry. Die deelnemer is die jongste en hy het twee ouer susters wat hy as *"ok"* ervaar. Die een susssie is sewentien en die ander twintig.

Die deelnemer skets die ander volwassenes in die familie as "*grumpy*" en sê dat alles wat hy doen die een tannie skok
en hy hou nie daarvan nie. Hy mis sy ouma, want sy was altyd beskermend teenoor hom en hulle het 'n oop verhouding gehad. Sy ouma het onlangs getrek.

- **Evaluasie**

Die deelnemer se proses is om uitdagend en skokkend te wees en in 'n mate die "baba" in die huis wat altyd beskerm en verdra word te wees. Die deelnemer word 'n redelike vrye sê toegelaat en praat met min respek van sekere volwassenes, behalwe sy ouers en die mense waarvan hy hou of wat van hom hou. Die deelnemer ervaar dat hy nie aanvaar word vir wie en wat hy is nie en kom in opstand daarteen. Die deelnemer ervaar emosies van verwerping, frustrasie en woede. Die deelnemer toon min insig in sy emosies en gedrag en blameer die omgewing vir sy onvanpaste gedrag. Die deelnemer het 'n algehele gebrek aan bewustheid.

Sessie 2

- **Doel van die sessie**

Die doel van hierdie sessie is die verdere verkenning van die deelnemer se konteks, verhouding bou en die bevordering van bewustheid.

- **Verloop**

Die navorser en deelnemer maak gebruik van dialoog in hierdie sessie. Die deelnemer merk op dat hy die terapie geniet en dat hy vir sy moeder vertel het hoe baie daar in die vorige sessie gelag en gesels is. Die verhouding is volgens die deelnemer heeltemal anders as sy vorige terapie.

Die navorser en deelnemer bespreek verder die verhouding en stel dit teenoor ander verhoudings in sy lewe. Die navorser maak die deelnemer bewus van die feit dat hy volwassenes as negatief ervaar. Die deelnemer voel dat hy nie almal so ervaar nie, net mense wat hom probeer verander soos Juffrou Magdel. Volgens die deelnemer bots hy en hierdie juffrou aanhoudend. Die deelnemer verwys ook na die hoof sonder enige respek. Hy voel dat hy gebrandmerk is en onredelik hanteer word. Die deelnemer sien uit na die volgende jaar wat hy na die hoërskool gaan en 'n nuwe blaadjie kan omslaan.

Die deelnemer het twee vriende en hulle ervaar hom moontlik as stout. Die een vriend se moeder het hom 'n tyd lank vermy omdat hy as die stout een beskou is. Dit het nie goed gevoel nie. Die deelnemer is gek na rekenaarspeletjies, swem, rugby en karate. Die karate help die deelnemer baie om ontslae te raak van frustrasies. As hy hartseer is, sal hy gaan slaap en wanneer hy wakker word, voel hy beter. Die navorser vra die deelnemer waarvoor hy bang is en sy reaksie is - om in 'n *"longdrop"* te versuip.

- **Evaluasie**

Die deelnemer is nie bewus van homself, sy denke, emosies en ander mense nie. Hy ontken byvoorbeeld eerder sy emosies en gaan slaap en hoop dat hy beter sal voel as hy opstaan. Die deelnemer neem ook nie verantwoordelikheid vir sy aandeel aan verhoudings nie en blameer die omgewing. Die deelnemer maak swak kontak met homself, ander en sy omgewing. Die deelnemer het 'n behoefte aan aanvaarding en ervaar emosies van verwerping van hom as mens. Die deelnemer kan by tye heeltemal onvanpas optree en onvanpaste dinge sê. Hy leef hom in die rekenaarspeletjies in wat baie geweld bevat en alle gesprekke bevat grepe uit rekenaarspeletjies. Die deelnemer voel dat dit hom nie negatief beïnvloed nie. Hy vaar goed met die speletjies en wen gewoonlik, wat hom 'n gevoel van mag en beheer gee.

Sessie 3

- **Doel van die sessie**

Die doel van die sessie is om die deelnemer bewus te maak van die terapeutiese proses, verhouding te bou en emosies te ondersoek.

- **Verloop**

Die terapeut en die deelnemer speel Jenga. Die deelnemer kyk tot hoe ver hy die blokkies met die hulp van die navorser kan bou. Die navorser verduidelik die navorsingsproses aan die hand van Jenga en trek dit deur na die deelnemer se situasie, waar daar binne die terapeutiese proses na die deelnemer se lewe gekyk gaan word. Die navorser maak ook die deelnemer daarvan bewus dat hy verantwoordelik is vir die bouproses. Dit blyk egter dat hy op hierdie stadium nog nie bewus is van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die terapeutiese proses nie.

Die deelnemer teken sy eie wêreld. Hy teken 'n aardbol met verskillende lande en teken dan so Suid-Afrika, sy wêreld. Volgens die deelnemer is almal welkom in sy lewe, behalwe die *"grumpies*".

- **Evaluasie**

Die deelnemer geniet die Jenga baie en wil dit oor en oor doen. Dit bemagtig hom en hy voel in beheer. Die deelnemer was baie onseker oor sy wêreld en het dit baie wyd en ver van hom gehou. Goeie kontak is gemaak, maar die deelnemer was huiwerig om dinge te besit en die verantwoordelikheid daarvoor te dra. Hy toon steeds onbewustheid ten opsigte van homself, ander en sy lewensituasie.

Sessie 4

- **Doel van die sessie**

Die doel van hierdie sessie was die bewerkstelling van kontak, bewustheid ten opsigte van emosies en verantwoordelikheid.

- **Verloop**

Die deelnemer maak 'n projeksie deur 'n prent te teken. Die projeksie bevestig die deelnemer se opstandigheid, frustrasie en ongemak ten opsigte van die grense en strukture waarbinne hy

beweeg. Die projeksie bevestig ook die feit dat hy die mense wil skok deur onvanpas op te tree. Die deelnemer verwys na 'n onderwyseres wat net met hom baklei, selfs al is hy nie die skuldige nie. Die deelnemer voel dat hy onregverdig behandel word. 'n Manlike onderwyser het hom hoof toe gestuur en die hoof het hom nie 'n kans gegee om sy saak te stel nie. Die deelnemer druk sy emosies duidelik, maar redelik onvanpas uit. Die deelnemer is onbewus van die ander partye se kant en voel dat hy die een is wat tenagekom is.

Die deelnemer kan nie 'n alternatief sien vir sy optredes nie en voel dat hy regmatig opgetree het. Die navorser voer aan dat 'n gesamentlike sessie met die deelnemer se ouers gehou word. Die deelnemer meld dat hy nie deel daarvan wil wees nie en dat die navorser en sy ouers maar sy situasie kan bespreek. Die navorser wys die deelnemer daarop dat dit sy terapie is en dat hy moet besluit wat met sy ouers bespreek moet word.

(Die standerdhoof bevestig dat die deelnemer en een onderwyseres 'n persoonlikheidsbotsing ondervind. Die standerdhoof meld dat sy al verskeie kere tussenbeide moes tree en die vrede bewaar. Sy voel egter dat die deelnemer enige konfronterende situasie redelik onvanpas hanteer. Sy algemene respek vir veral vroulike onderwysers ontbreek asook verantwoordelikheid. Die deelnemer is ook baie uitgesproke. Die standerdhoof meld verder dat sy nooit probleme met hom ondervind nie, omdat sy hom aanvaar en hy haar respekteer. Sy voel dat hy tans beïnvloedbaar is en sy ouers die deelnemer fyner moet monitor ten opsigte van sy rekenaarspeletjies en vriende buite skoolverband. Die standerdhoof het 'n verbetering ervaar by die deelnemer die afgelope tyd terwyl hy spelterapie ontvang het. Hy was meer bereid om saam te werk en het meer beheersd opgetree.)

- **Evaluasie**

Die deelnemer is nie in voeling met sy eie emosies en behoeftes nie en kan sodoende nie ander mense se emosies en behoeftes verstaan nie (onbewustheid). Die deelnemer poog deur sy gedrag om sy balans of homeostasis te herwin, maar die gedrag vererger net die situasie. Die deelnemer sonder 'n paar mense uit wat sy behoeftes kan bevredig en hom aanvaar soos hy is en tree aanvaarbaar teenoor hulle op. Mense wat hom probeer verander of ongemak skep ervaar sy weerstand en onvanpaste gedrag. Die deelnemer wil nie verantwoordelikheid vir

homself neem nie en poog om dinge te vermy eerder as om dit te hanteer. Die deelnemer voel dat dinge sal weggaan as hy dit 'n tyd lank vermy.

Sessie 5

- **Doel van die sessie**

'n Gesamentlike sessie met die deelnemer se ouers om bewustheid te bevorder, goeie kontak te bewerkstellig en alternatiewe te bespreek.

- **Verloop**

Die navorser het dialoog gebruik om die bewustheid en kontak te bevorder en die nodige alternatiewe te bespreek. Die deelnemer se ouers erken die goeie kwaliteite in die deelnemer se lewe, maar veral sy vader voel dat hy met sy onvanpaste gedrag die gesinsharmonie ontwrig. Die deelnemer se vader voel dat hy soms die deelnemer vermy omdat hy so irriterend teenoor sy susters en die res van die gesin optree. Die deelnemer se vader voel dat die deelnemer meer gehoorsaam en konsiderend moet wees. Die deelnemer se moeder voel dat sy altyd die vrede moet bewaar en dat dit haar moeg maak. Die deelnemer se moeder erken ook dat die deelnemer onvanpas optree en dat dit spanning op die res van die gesin plaas.

Die deelnemer voel dat hy net op sy susters se gedrag reageer en dat hulle hom gewoonklik van iets wil ontneem. Die deelnemer hou nie daarvan as sy vader kwaad word nie en sou dit graag anders wou hê.

Die navorser raak emosies en seksuele ontwikkeling en ingeligtheid aan. Die deelnemer se ouers voel dat hulle dit al bespreek het, maar nie alles nie. Die deelnemer se ouers bevestig die feit dat deelnemer as die kleinste hanteer word en dat hulle en sy susters moontlik te veel vir hom doen en sodoende sy verantwoordelikheid van hom wegneem. Die navorser skep ook die bewustheid dat die deelnemer nie in voeling is met sy emosies nie en daarom nie ander se emosies in ag neem nie. Die deelnemer se ouers voel dat daar baie positiewe dinge na die terapie gebeur het. Die deelnemer het sy rekenaarkabel vir sy moeder gebring om in die week

te bêre sodat hy op sy skoolwerk kan fokus. Dit blyk dus dat hy tog 'n mate van bewustheid begin toon.

- **Evaluasie**

Die deelnemer het die hele tyd tussenin gepraat en ontwrigtend opgetree. Op die vraag hoekom hy dit doen het die deelnemer laat blyk dat hy net sy opinie lug. Dit was duidelik hoe ontwrigtend hy in die gesinsituasie was en hoe dit sy ouers frustreer het. Die deelnemer reageer dieselfde as sy vader, deur dinge te vermy en hoop dit sal beter word. Die deelnemer neem geen verantwoordelikheid vir sy emosies en gedrag nie. Hy neem 'n mate van verantwoordelikheid vir sy skoolwerk en poog om daaraan te werk. Dit blyk dat die ouers nie duidelike riglyne en grense stel waarvolgens hulle teenoor die deelnemer optree nie. Die deelnemer poog heeltyd om sy vader se aandag te kry, maar deur sy onvanpaste gedrag bewerkstellig hy die teenoorgestelde. Die deelnemer se positiewe bydraes tot die gesin is ook bespreek en die deelnemer is versterk en daarop gewys dat hy die vermoë het om sy gedrag so te beheer dat dit tot sy voordeel strek. Die navorser beveel aan dat die deelnemer inskakel vir verdere sessies spelterapie vir die ontwikkeling van sy bewustheid ten opsigte van sy emosies en veral die hantering daarvan. Die navorser bespreek die rekenaarspeletjies en die moontlike inperking daarvan. Die deelnemer se ouers het nie gedink dat die speletjies so 'n invloed op die deelnemer het nie.

Tydens die terapiesessies was daar nie werklik 'n verhoging in bewustheid nie, alhoewel die deelnemer begin verantwoordelikheid neem het. Terugvoering deur sy onderwyseres en sy moeder was positief en het ook hierop gedui.

4.4.2 Groepwerksessies

Die groepwerksessies is na die individuele terapeutiese proses gedoen. Die navorser het alreeds 'n goeie verhouding met die deelnemers gehad en die groepswerk is gebaseer op die interaktiewe groepe van Early (2001:7-8). Hy is van mening dat hierdie interaktiewe groepe lede van 'n groep tot bewustheid van emosionele reaksies in die hier-en-nou kan lei. Op so 'n wyse kan daar met nuwe gedrag geëksperimenteer word. Die terapeut word aangemoedig om as 'n fasiliteer op te tree.

4.4.2.1 Terapeutiese proses

Die groepwerksessies gaan bespreek word deur 'n kort oorsig te gee van wat in elke sessie gebeur het, waarna elke groepslid se algehele vordering bespreek gaan word.

Name van groepslede: Ro - 13jr, Jo – 12jr, Em – 14jr, Jar – 13jr.
Datums van sessies: **5/7/2005, 7/7/2005, 12/07/2005, 14/07/2005**

Groepwerksessies

Sessie 1

Gedurende die eerste sessie was die doel om verhouding te bou en kontak te maak met die groepslede. 'n Ooreenkoms ten opsigte van vertroue en samewerking is gesluit waarin elke deelnemer onderneem het om hulle samewerking te gee en vertroulikheid te handhaaf. Dit het ook behels dat bepaalde grense vir hierdie proses gestel is. Hierna is voortgegaan om elke groepslid se bewustheid te versterk.

Die webmetode is benut om aan groepslede die geleentheid te gee om mekaar beter te leer ken. Dit behels dat lede vir mekaar van hulself vertel, waarna die ander groepslid hierdie inligting weer met die groep deel. Op hierdie wyse kon lede mekaar beter leer ken en self meer bewus word van hulself en hoe ander groepslede hulle beleef. Die groepslede het die sessie as positief beleef en die tegnieke wat benut is, geniet. Terugvoer is ontvang dat hulle werklik meer bewus begin raak het van hulself en ander. Die feit dat elke lid alreeds deur 'n individuele terapeutiese proses begelei is, het ook hiertoe bygedra.

Deelnemer Jo het na die eerste groepsessie onttrek.

Sessie 2

Die doel van hierdie sessie wat om elke lid se bewustheid ten opsigte van hul eie prosesse en grense te versterk.

Elke groepslid het 'n papier ontvang en moes daarop iets teken. Na 'n sekere tyd moes die papier roteer na die persoon langsaan. Sodoende kry elke lid die geleentheid om iets op die ander persoon se skets te teken. Aan die einde ontvang elkeen die papier terug waarmee hy begin het en dan moes hy die skets beskryf. Sy emosies en ervaring word ook gedeel.

Elke groepslid het sy proses, soos beskryf in sessie 1, bevestig. Die groepslede het baie gemaklik voorgekom en het goeie samewerking gegee. Elkeen het sy ervarings van sy eie sketse gedeel. Elkeen het sy skets besit en kon dit vergelyk met situasies in die werklikheid van hul eie lewe. Samevattend het die lede saamgestem dat dit nie aangenaam is as ander mense aan jou skets verander of byvoeg nie. Dit gebeur egter dat mense jou raad gee en dit is goed om hierdie raad te gebruik om self te bepaal wat vir jou goed is en wat nie. Dit is belangrik dat die lede bewus was dat alle inligting eers deur hulle aanvaar moet word. Dit dui op gesonde funksionering en integrasie van gedagtes en idees van buite. As lede inligting en gedagtes net so sou inneem sal introjeksie plaasvind wat groei en intergrasie verhoed. Deelnemer Em het veral sy behoeftes aan liefde, aanvaarding en erkenning met die groep gedeel. Die kontak was deurlopend goed en is nie onderbreek nie.

Laastens het dit geblyk dat lede bewus geraak het van die verantwoordelikheid wat hul vir hul eie lewens moet neem. Sodra verantwoordelikheid aanvaar en geïntegreer word, kan verandering en groei plaasvind. Deelnemer Em het genoem dat hy meer verantwoordelikheid by die huis moet neem en sy moeder moet help. Deelnemer Ro het bewus geword van die feit dat hy soms na ander moet luister om sy behoeftes te bevredig.

Sessie 3

Die doel van hierdie sessie wat om die bewustheid wat lede reeds verkry het, te versterk en spesifiek daarop te fokus om verantwoordelikheid vir hul optrede te neem.

Die groeplede het 'n groepstekening gemaak waartydens een groot papier op die tafel geplaas is en elke groepslid twee keer die geleentheid gekry het om iets by die tekening te voeg. Elke lid moes ook telkens die deel wat hy byvoeg verduidelik. Na afloop hiervan is die hele tekening bespreek, asook die emosies en ervarings wat daarmee verband hou.

Die meeste groepslede was moeg, honger en sonder veel energie. Dit is ook bespreek en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n groot invloed op almal se emosies en ervarings het. Die bespreking het verder tot die bewusmaking gelei van eie grense, veiligheid en verantwoordelikheid. Die tekening het ook weereens bevestig dat 'n mens ander moet toelaat om 'n invloed op jou lewe uit te oefen en dat jy die keuse het hoe dit jou gaan beïnvloed. Die groepslede het hul prosesse van die vorige sessie weer bevestig. Deelnemer Jar het direk erken dat hy daarvan hou om in beheer te wees, Em se behoefte aan erkenning en aanvaarding en Rob wat aan ander gee en hulle akkommodeer is bevestig. Die groepslede was aan die einde meer energiek en het die sessie geniet. Die groep is baie gemaklik met mekaar en deel maklik. Dit is duidelik dat daar by al die deelnemers 'n toename is in bewustheid op verskeie vlakke.

Sessie 4

Die doel van hierdie sessie is om die bewustheid wat by elke lid ontwikkel het, verder te versterk en die terapeutiese proses te termineer.

Papiere waarop onvoltooide sinne geskryf staan is op stoele geplaas. Musiek is gespeel en wanneer die musiek stop sit die groepslede op 'n stoel naby hulle. Elke groepslid kry die geleentheid om sy onvoltooide sin wat op sy stoel lê, te voltooi en te bespreek. Verhoudings met ouers en vriende is bespreek en verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan. Die groepslede het weer bewus geraak van hoe hulle hul lewe kan vergemaklik en verhoudings bevorder deur hul verantwoordelikhede of pligte na te kom. Die lede het ook saamgestem dat fisiese geweld nie probleme oplos nie, maar verdere probleme veroorsaak. Hulle het bewus geword van die feit dat 'n mens beheer moet hê oor jou gedrag en emosies. Onbeheersde gedrag kan gevaar vir jouself en ander inhou. Die groepslede het ook gevaarlike situasies bespreek wat 'n mens moet vermy. Die groepslede het bewus geword van die feit dat hulle verantwoordelik is vir hulle eie lewens en die gevolge gaan dra van hulle besluite en keuses. Die bewustheid het ook ontstaan dat verandering vanuit die self kom en dat jy kies wat jy is.

Die groepsterapie was 'n positiewe ervaring vir die groepslede en die terapeute. Die speltegniek wat die groepslede die meeste geniet het was die tekeninge wat aangestuur is en waarop elkeen iets kon aanlas. Die groepslede het ook gemeld dat hulle die groepe beter vind

as die individuele terapie omdat hulle bymekaar leer, ondersteuning vind en net hulself kan wees. Die groepslede het ook 'n goeie samehorigheidsgevoel gehad. Hulle het ook versoek dat die groep weer in die toekoms bymekaar moet kom en kontak moet behou. Die groep het as vriende uitmekaar gegaan en was meer bewus van hulself, ander en hul eie lewensituasies en die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

Bespreking van individuele lede in die groep

Vervolgens sal elke lid in die groep bespreek word, met 'n spesifieke fokus op die bewuswordingsproses.

Em:

Hierdie deelnemer het na afloop van die individuele sessies goeie bewustheid getoon van wie hy is en ook verantwoordelikheid begin aanvaar hiervoor. Dit het egter voorgekom asof hy in die groep onderdruk word. Dit het geblyk dat hy slegs die nodigste gedeel het in die groep as gevolg van vrees vir verwerping. As gevolg van die optrede van een van die ander groepslede het hy geïntimideerd voorgekom.

Em het egter na die tweede sessie (nadat Jo onttrek het) meer deel geword van die groep en van die geleentheid gebruik gemaak om sy emosies en behoeftes uit te druk. Hy het gedurende die groepwerk verder bewus geword van sy behoefte aan aanvaarding en ondersteuning en dit ook by die ander groepslede gekry. Gestaltspelterapie het bygedra tot bewustheid oor homself, ander en sy eie situasie.

Jo:

Na afloop van die individuele sessies was daar 'n mate van groter bewustheid by Jo. Dit was egter nog vir hom moeilik om verantwoordelikheid vir situasies te aanvaar. Hy het soms in die groepsituasie kontak verbreek deur irrelevante opmerkings te maak. Hy het op reaksie van een van die groepslede kontak verbreek deur op te staan om sy hande te gaan was. Hierdie kontakverbreking dui op onvermoë en onverdraagsaamheid om insig te toon in ander groepslede se ervarings. Dit kom voor asof hy nie bewus is van wie hy is nie wat daartoe lei

dat hy nie verantwoordelikheid kan aanvaar nie. Dit is bevestig deurdat hy 'n groepslid se bevestiging en goedkeuring deurentyd benodig het. Bogenoemde dui daarop dat hy in die valse laag van kontakmaking verkeer. Dit was die enigste groepsessie wat hy bygewoon het en daarom is die terapeut van mening dat hy nie sy volle samewerking kon gee om sodoende 'n verhouding te bou nie. Die deelnemer het nie kans gesien vir die verantwoordelikheid wat saam met bewustheid kom nie. Wanneer hy wel verantwoordelikheid moes neem, het hy opstandig geraak en die situasie probeer manipuleer.

Ro:

Tydens die individuele sessies het hierdie deelnemer nog nie werklik volle bewustheid ontwikkel nie. Hy was wel daartoe in staat om meer verantwoordelikheid vir sy situasie te begin neem.

Ten spyte van die feit dat hy nie in dieselfde skool as die ander groepslede was nie, het hy maklik kontak gemaak met die ander lede. Hy het baie van homself gedeel en dit het geblyk dat hy met die ander groepslede kon identifiseer. Hy het die groep werklik geniet en volle aanvaarding beleef. Sy kontak met die ander groepslede het direk daartoe bygedra dat hy meer bewus geraak het van wie hy is, sy verantwoordelikhede en hoe hy hierteenoor optree. Daar was inderdaad 'n groei in bewustheid tydens die groepwerk en dit het 'n direkte impak op sy gedrag gehad. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hy nie meer soveel onvanpaste gedrag getoon het nie.

Jar:

Hierdie deelnemer het nie by die navorser ingeskakel vir individuele sessies nie. Hy was egter gemaklik met die groepwerk en het baie van homself gegee. Dit het voorgekom asof hy as leier van die groep opgetree het omdat die res van die groep sterk op sy goedkeuring gesteun het.

Alreeds tydens die aanvang van die groepwerk was hierdie deelnemer goed bewus van homself en hoe hy homself tussen die groepslede handhaaf. Die groepsproses het daartoe bygedra dat hy nog meer bewus kon raak van homself en ook van die verantwoordelikheid

wat hy moet aanvaar. Alhoewel hy bewus is van sy verantwoordelikhede, kom hy dit egter nie altyd na nie.

4.5 ANALISERING VAN DATA

In hierdie navorsing het die navorser met 'n verskeidenheid data, naamlik die literatuuragtergrond en die Gestaltterapeutiese prosesse en ander relevante data wat in die veld ingesamel is, te doen gekry. Die hele data spiraal beweeg in sirkels na 'n voltooide analiseproses. Volgens De Vos (2005:334) is daar vyf stappe in die data analiseringsproses wat in sirkels beweeg. Vervolgens sal die analiseringsproses soos dit in hierdie studie toegepas is, bespreek word.

4.5.1 Insameling van data

In hierdie studie is 'n deeglike literatuurstudie gedoen om die grondslag te vorm vir die verdere navorsingsproses. Verdere inligting is bekom deur individuele en groepwerksessies met elke adolessent te deurloop. Hierdie sessies is op 'n bandopnemer of video opgeneem of deeglike prosesnotas is van die sessies gemaak. Na afloop van elke sessie is die inligting wat tydens die sessies bekom is en in prosesnotas vervat is deurgegaan om sodoende bewus te raak van aspekte wat verder ondersoek moes word. Die navorser het die geleentheid gebruik om aanhoudend by die proses aan te pas en so 'n in diepte-ondersoek gedoen. Die navorser stem saam met De Vos (2005:337) dat so 'n proses ryker data oplewer.

4.5.2 Bestuur van data

In hierdie studie is die meeste sessies op band geneem en dit is gekombineer met prosesnotas en evaluasies wat die data meer toeganklik maak en die analise heelwat vergemaklik. Die navorser ondersteun De Vos (2005:336) wat opmerk dat die bestuur van data die navorser in staat moet stel om die data so te organiseer dat dit maklik bereik of opgeroep kan word.

4.5.3 Lees en die maak van notas

Na die organisering van die data hou die navorser aan met die proses van analisering om die gevoel van die hele databasis te kry. Die navorser het in hierdie navorsing die prosesnotas en evaluasies deeglik deurgelees om 'n beeld van die geheel te vorm. Daarna is die geheel opgebreek in kleiner dele, konsepte of idees. Die maak van notas op die prosesnotas en evaluasies is die eerste stap om die databasis te begin ondersoek (De Vos, 2005:337). Patton meld in De Vos (2005:337) dat hy sy notas oor en oor lees en dat patrone en temas later begin uitstaan.

4.5.4 Beskrywing, klassifisering en interpretering

Volgens De Vos (2005:338) is hierdie deel van die spiraal die hart van die kwalitatiewe data-analisering. Die konteks van die navorsing word deeglik bestudeer om sodoende sekere temas of dimensies uit te lig.

Sekere temas het in hierdie studie herhaaldelik na vore gekom. Die navorser is van mening dat hierdie aspekte (temas) sentraal staan tot die bevordering van bewustheid wanneer Gestaltspelterapie gedoen word. Alhoewel hierdie temas nie direk oor bewustheid gaan nie, is dit die konteks waarin bewustheid ontwikkel en waar daar aan die deelnemers die geleentheid gegun word om meer bewus te raak van wie hul is. Hierdie temas sal vervolgens bespeek word:

- Die adolessent en sy konteks
- Emosies by die adolessent
- Houdings en gedrag van die adolessent
- Behoeftes van die adolessent
- Die individuele terapeutiese proses
- Die groepwerkproses
- Prosesse in groepsverband
- Gedrag en emosies in groepsverband

4.5.5 Verteenwoordiging en aanbieding

Hierdie is die laaste fase van die spiraal wat tot voltooiing lei**.** Die data wat bekom is word aangebied deur middel van 'n proses van verslagskrywing (De Vos, 2005:339).

Die temas wat tydens die proses van beskrywing, klassifisering en interpretering na vore gekom het, gaan vervolgens bespreek word en teenoor die literatuur gekontroleer word.

4.6 BESPREKING VAN TEMAS

Die temas, soos by 4.5.4 uiteengesit, gaan vervolgens bespreek en met die literatuur gekontroleer word.

4.6.1 Die adolessent en sy konteks

Adolessente se konteks het die navorser 'n goeie begrip en insig gegee van die wêreld waarin hulle leef. Die navorser stem saam met Sills *et al.* (1995:5) dat die mens nie los van sy konteks verstaan kan word nie. Die konteks impliseer die omgewing van die adolessent, byvoorbeeld sy ouers, familie, vriend en onderwysers. Daar het 'n verskeidenheid aspekte en invloede ten opsigte van hul konteks na vore gekom wat konstant by al drie deelnemers voorgekom het. Die volgende aspekte is merkwaardig en van belang:

- Ouers: Deelnemers Em en Jo kom uit gebroke gesinne met min struktuur, dissipline en duidelike grense. Respondent Ro se ouers is getroud, maar gee ook min struktuur, dissipline en duidelike grense. Die kombinasie van twee ouerskapstyle, naamlik die outoritêre en permissiewe ouerskapstyle word by hierdie adolessente aangetref. Deelnemer Jo ondervind veral ŉ outoritêre ouerskapstyl wat volgens De Klerk en Le Roux (2003: 13-15) en Louw *et al.* (1998:436) die deelnemer nooit aanmoedig om **ŉ** eie en unieke identiteit te ontwikkel nie. Die ouers neem verantwoordelikheid vir die deelnemer se gedrag en emosies en die deelnemer ervaar dat emosies verkeerd, onvanpas en ongeldig is. Die deelnemer vorm sy eie emosies en identiteit volgens ander se oordele, opinies en menings. Deelnemer Jo heŧn identiteit van 'n sportman en rugbyspeler aangeneem wat hom vir ander, veral sy vader, aanvaarbaar maak. Deelnemers Em en Ro ervaar meer die

permissiewe ouerskapstyl wat De Klerk en Le Roux (2003:14) en Louw *et al.* (1998:436) se beskrywing daarvan bevestig. Die deelnemers ervaar min leiding, verwagtinge en grense ten opsigte van hul gedrag en emosies. Die ouers vermy in'n mate die probleme en hoop dit sal weggaan. Hierdie styl skep onsekerheid by die deelnemer wat moontlik hul onvanpaste gedrag en konflik aanhelp. Die deelnemers sukkel om hul emosies te hanteer en te beheer.

- Al die deelnemers het by die individuele sessies 'n ongemak ten opsigte van hul konteks ervaar en voel dat hulle konteks of omgewing verantwoordelik is vir hulle emosies en gedrag. Die deelnemers blameer hul ouers, die skool en vriende vir hul gedrag en emosies.
- Die deelnemers dra hul verantwoordelikhede op hul omgewing oor en weier om verantwoordelikheid vir hulself te neem.
- Wat opmerklik was by die bogenoemde deelnemers is dat hulle 'n gebrek gehad het aan omgewingsondersteuning en leiding.

Die aspekte soos hierbo bespreek het 'n direkte invloed op die deelnemers se bewustheidsvlakke wat gedurende die terapeutiese proses geopenbaar is. Die ontwikkelingsfase waarin die adolessent verkeer is sentraal tot hulle begrip en verstaan van hulself, hul konteks en die wêreld rondom hulle.
Volgens Jacobs (1998:3) en Phillipson (2001:6) word die self gevorm in verhouding tot ander deur kontakmaking of die vermyding daarvan, bewustheid of die gebrek daaraan en die algemene wyse waarop die lewe hanteer word. Die deelnemers het almal 'n gebrek aan kontakmaking en bewustheid getoon wat lei tot fragmentasie, isolasie, afhanklikheid, 'n stryd tussen wat die persoon is en wat die persoon behoort te wees en 'n verskeidenheid van polariteite (Schoeman, 2001:94). Deelnemers Em en Jo het polariteite getoon ten opsigte van hul emosies teenoor hul ouers en hulle huislike omstandighede.

Volgens Oaklander (1999:164) tree hierdie adolessente onvanpas op in 'n poging om balans te herwin, maar hulle bewerkstellig slegs 'n kwynende self, kontakvermoëns en bewustheid. Al die deelnemers het die volgende kontakversteurings gehad, naamlik projeksie, byvoorbeeld waar emosies van skuld of minderwaardigheid op ander geprojekteer word, defleksie, die vermyding van kontak en bewustheid tot dit wat ongemak veroorsaak, asook samevloeiing, waar die behoefte aan aanvaarding so groot is dat die deelnemer die self vermeng met die wil,

oortuigings en emosies van ander. Al die deelnemers het ook introjekte van hulself gevorm. By deelnemer Em het projeksie en defleksie sterk na vore gekom. Die deelnemer het die meeste van sy emosies op ander geprojekteer en hy het kwessies wat ongemak veroorsaak het vermy. By deelnemer Jo het projeksie, defleksie en samevloeiing sterk na vore gekom. Die deelnemer het die meeste van sy emosies op ander, ouers of onderwysers, geprojekteer. Hy het ook alles wat ongemak veroorsaak het vermy, veral verantwoordelikhede, en die deelnemer se behoefte aan aanvaarding was so groot dat hy in samevloeiing met ander, meestal sy vader, gegaan het. Deelnemer Ro het defleksie, projeksie en introjekte gehad wat sy kontak en bewustheid beïnvloed het. Die deelnemer het emosies en onvanpaste gedrag gewoonlik op ander geprojekteer, hy het ook sake wat ongemak veroorsaak het of verantwoordelikhede behels het, vermy. Die deelnemer het boodskappe van verwerping van volwassenes ingeneem en hy voel nog steeds dat alle volwassenes hom gaan verwerp. Volgens Oaklander (1999:164) tree hierdie deelnemers gewoonlik onvanpas op in hul stryd om groot te word en te oorleef en hul eise van die lewe of stadium, adolessensie, te oorleef. Die Gestaltspelterapie bied vir hierdie adolessente die geleentheid om weer bewus te word van hul self. Die Gestaltterapeut is die ander vir die adolessente in 'n omgewing waar hulle aanvaar word vir wie hulle "is".

4.6.2 Emosies by die adolessent

Die deelnemers het almal die volgende emosies ervaar, naamlik emosies van minderwaardigheid, skuldemosies, magteloosheid, verwerping, frustrasie, opstandigheid en woede. Hierdie emosies dui ook op onbevredigde behoeftes en word deur al die deelnemers onderdruk of vermy wat tot onvanpaste ontlading in sekere situasies lei. Hulle het erken dat hulle hul frustrasies somtyds op 'n onvanpaste wyse op hul ouers, onderwysers of vriende uithaal. Hierdie inligting korrelleer met Gouws *et al.* (2000:99) wat meld dat adolessente wat onbeheersde aggressie toon emosies van verwerping en onsekerheid het, impulsief optree of hul sin kry as hulle aggressief optree. Hierdie optredes kan die omgewing manipuleer om vir die adolessente te doen wat hulle reeds vir hulself kan doen. Die outeurs wys ook daarop dat onbeheersde aggressie 'n teken is van opvoedingstelsels wat te buigsaam is.

Volgens Le Roux en De Klerk (2001:9) kom emosies onvanpas tot uiting wanneer die adolessent nie in voeling is met sy emosies nie. Dit lei weer tot ondoeltreffende

kommunikasie en konflikhantering, min selfvertroue en selfwaarde. Volgens Perls *et al.* (1951:96) is emosies wat verwarrend en onhanteerbaar is 'n refleksie van hoe die persoon homself ervaar. Dit is alles aspekte wat die deelnemers in hierdie studie ervaar het.

Hierdie deelnemers het hul emosies hanteer soos dit in hul huise hanteer is. Deelnemer Em het, soos sy moeder, sy emosies ontken om in sy wêreld te kan oorleef. Deelnemer Jo het sy emosies onderdruk omdat dit nie aanvaarbaar vir sy omgewing, ouers en vriende was nie. Deelnemer Ro het sy emosies net soos sy vader vermy en gehoop hy sal weer beter voel. Dit word deur De Klerk en Le Roux (2003:12) bevestig waar hulle meld dat die gesin die eerste plek is waar kinders oor hulself en hul wêreld leer. Dit is waar kinders hul emosies wys of onderdruk. Hoe die ouers hul emosies hanteer en daarvolgens optree sal grootliks mate bepaal hoe die kinders gaan optree. Die deelnemers was aanvanklik nie bewus van hul emosies nie, wat onvoltooidhede, polariteite en fragmentasie tot gevolg gehad het.

4.6.3 Houdings en gedrag van die adolessent

Die deelnemers het 'n traak-my-nie-agtige houding ingeneem ten opsigte van hul gedrag en emosies en somtyds het hulle in opstand gekom en ander kere het hulle baklei. Volgens Oaklander (1978:298) is baie adolessente onseker van hulself as gevolg van gemengde boodskappe vanuit hul omgewing wat hulle vermoëns bevraagteken. Baie neem dan verskillende houdings aan, byvoorbeeld 'n traak-my-nie-agtige houding, ander rebelleer en ander baklei om hulself te bewys. Hierdie houdings het die deelnemers dikwels in konflik gebring met hul omgewing, ouers en onderwysers.

Die deelnemers het onbeheersd en onvanpas teenoor hul ouers of onderwysers opgetree. Hierdie gedrag was meestal impulsief en onbeheersd. Volgens De Klerk en Le Roux (2003:12) is wangedrag die oorsaak van swak impulsbeheer, onvermoë om woede te hanteer en min of geen empatie wat dui op lae emosionele bewustheid. Hierdie drie aspekte is by al die deelnemers waarneembaar. Bogenoemde outeurs meld en bevestig verder dat hierdie wangedrag spruit uit emosies van magteloosheid, frustrasie en vasgekeerdheid.

Nog aspekte wat gedragsprobleme versterk, is die feit dat al die deelnemers identifiseer met die *"bad boy"*-beeld. Die deelnemers sien hulself as stout, maar ook goed. Hulle beleef

polariteite binne en buite hulself en het 'n stryd met dit wat hulle wil doen en dit wat hulle behoort te doen – die "topdog" en "underdog"-situasie. Volgens Yontef (1993:13) vind fragmentasie in plaas van integrasie plaas en tree die adolessent op hoe hy behoort, volgens ander se menings en opinies en nie wat hy "is" nie.

Die deelnemers lê volgens die kontinuum van gedragsprobleme van Malopo en Van der Merwe (2003:14) van minder ernstig tot middelmatig. Die gedragsprobleme wissel van konflik in die ouerhuis tot in die skoolopset. Deelnemer Em is egter blootgestel aan drank en ander dwelmmiddels en het met die gereg gebots.

Die deelnemers het hul gedrag blameer op hul omgewing. Hulle het gevoel dat hul ouers en onderwysers hulle onregverdig behandel. Die deelnemers het geen verantwoordelikheid geneem vir hulle gedrag nie en het nie veel simpatie gehad vir die ander partye nie. Volgens die navorser was die deelnemers so onbewus van hulself, hul emosies en gedrag dat hulle nie 'n begrip gehad het vir ander se emosies en gedrag nie. Hulle het swak kontak met hulself, ander en hul omgewing bewerkstellig, om sodoende hul self te beskerm.

4.6.4 Behoeftes van die adolessent

Daar is verskeie behoeftes by die deelnemers identifiseer, naamlik dat hulle 'n behoefte gehad het aan 'n manlike rolmodel soos 'n ouer broer of 'n vader wat dinge saam met hulle kon doen. Hulle almal het 'n behoefte gehad aan meer struktuur en grense wat sekuriteit bied. Die deelnemers het almal 'n behoefte gehad aan meer ondersteuning en erkenning. Die behoefte aan die aanvaarding van hul menswees, wat hulle is, was ook sterk op die voorgrond. Deelnemers Em en Jo het 'n sterk behoefte aan liefde en vertroeteling getoon. Volgens De Klerk en Le Roux (2003:12) wil kinders belangrik voel, beskerm word, gerespekteer word, gehoor word, verbonde voel, aanvaar word, behoort, uitgedaag word en liefgehê word. Indien hierdie behoeftes nie by die skool of by die huis bevredig word nie, mag die adolessent hom tot hoërisiko gedrag of bendes wend om hierdie behoeftes te bevredig. Dit is ook wat duidelik in hierdie navorsing na vore gekom het. Die ouers en omgewing moet adolessente help en lei om hul eie behoeftes te bevredig.

Die behoefte en strewe na meer onafhanklikheid was baie sterk op die voorgrond en dit het die deelnemers ook in konflik gebring met hul ouers en onderwysers, want hulle was nie bereid om die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan te neem nie. Deur die benutting van Gestaltspelterapie is die deelnemers bewus gemaak van hul behoeftes en kon dit bevredig word. Die behoeftes wat in die individuele terapie voorkom, is meestal in die groep bevestig. Dit sluit in die behoefte aan aanvaarding, erkenning, om te behoort, vriendskap, ondersteuning, aandag, meer struktuur, omgee, liefde en om gehoor te word.

4.6.5 Die individuele terapeutiese proses

Die terapeutiese proses het deelnemers die geleentheid gegee om hulself te wees. Die dialogiese terapeutiese verhouding was oop, eerlik en werklik. Die terapeut was die ander vir die deelnemers sonder om te interpreteer of te oordeel. Die mediums en tegnieke wat veral goed in die verhoudingsbou en bewustheidprosesse gewerk het, was die genogram en die Jenga-blokke. Die deelnemers het dit geniet en dit het 'n bewustheid van hulself en die proses geskep. Dit het ook goed gewerk om die deelnemers se prosesse te bepaal.

Die terapeutiese proses het aanvanklik 'n ongemak by die deelnemers geskep, veral waar daar meer in diepte op die deelnemers self gefokus is. Die deelnemers was so onbewus van hulself dat dit 'n ongemak by hul geskep het. Die feit dat hulle verantwoordelikheid vir hulself moes neem het ook ongemak geskep en weerstand meegebring. Die terapeut het die weerstand as deel van die deelnemers aanvaar en hanteer. Aan die begin van die terapeutiese proses kon die deelnemers nie alternatiewe bespreek nie, omdat hulle alle blaam op die omgewing geplaas het en 'n gebrek aan bewustheid ten opsigte van hulself, hul emosies en denke en gedrag gehad het. Vir die bespreek van alternatiewe moet die deelnemers 'n mate van verantwoordelikheid neem waarvoor hulle nie gereed was nie.

Die deelnemers se bewustheid het toegeneem namate die terapeutiese proses gevorder het. Die tegnieke en mediums wat veral tot bewustheid bygedra het was die genogram, die roosboomtegniek, die tekening van hul wêrelde en die leëstoeltegniek. Alhoewel die deelnemers meer bewus geword het van hulself was hulle onwillig om verantwoordelikheid te neem.

Die deelnemers het meer bewus geraak van hul emosies en veral respondent Jo het baie aggressie en woede teenoor sy ouers getoon. Deelnemer Jo het met verloop van die proses al hoe meer weerstandig en passief geraak. Deelnemer Em het ook bewus geraak van sy emosies en nog steeds gevoel dat hy dit moet onderdruk om te oorleef. Hy het ook later erken dat hy nie beheer oor sy woede het nie. Deelnemer Ro het ook meer bewus geword van sy emosies en dit later op 'n meer gepaste wyse en beheersde wyse, sonder die gebruik van gekruide taal, begin weergee. Deelnemer Ro se ouers en onderwyseres het hierdie verandering bevestig. Die deelnemers is bewus gemaak van hul emosies en die wyses waarop hulle daarop reageer. Hulle is ook bewus gemaak van die feit dat hulle verantwoordelik is vir hul eie emosies. Die deelnemers was nie gereed om dit te hoor nie en het nog steeds die omgewing blameer.

Die bemagtiging van die deelnemers was werklik en eerlik. Hierdie deelnemers het bemagtiging nodig gehad en die terapeut het werklike situasie in hul lewens of gedurende die terapie gebruik om hulle te sterker te maak. Deelnemer Em het in die terapeutiese situasie bematig gevoel en dit ervaar en was positief om meer funksioneel op te tree, maar hy kon dit telkens buite die terapeutiese situasie nie deurvoer nie. Deelnemer Jo was in so 'n mate bemagtig dat hy sy kwessies alleen met sy moeder wou bespreek. Deelnemer Ro was bemagtig om 'n meer positiewe bydrae tot sy gesin en skool te lewer en hy het gevoel hy kon dit doen.

Selfvertroeteling was vir die deelnemers om hul rekenaarspeletjies te kon speel. Die meeste van hierdie speletjies is vol aggressie en geweld. Deelnemer Ro geniet die aspek waar hy in beheer is en die held van die spel is. Die deelnemers kon ure gesels oor die verskillende speletjies en het hulle daarin ingeleef. Deelnemer Jo geniet ook sy sport en voel veilig in sy kamer met sy worshond. Deelnemer Em hou daarvan om televisie te kyk en saam met vriende te wees.

Die individuele terapeutiese proses is deurloop en voltooi. Die deelnemers het die sessies geniet. Die deelnemers het almal die Jenga baie geniet en weer daarna gevra. Die terapeut sal in die vervolg meer mediums gebruik omdat almal nie van tekeninge hou nie. Die terapeut sou ook nog sessies aan die emosies wou afstaan en die hantering daarvan. Die deelnemers is ook binne skoolure gesien en die omstandighede was nie altyd na wense nie. Daar was somtyds steurings en persone wat binne die terapietyd sake aangaande die deelnemers wou

bespreek. Die navorser het soms beperk gevoel omdat sy met die mediums moes regkom wat sy beskikbaar gehad het.

4.6.6 Die groepwerkproses

Die groepslede het goeie verhoudings met mekaar en die terapeute gevorm. Die terapeut het as fasiliteerder opgetree en deelgeneem aan groepsaktiwiteite om sodoende die groepslede aan te moedig om van hulself te deel. Die kontak binne die groepsituasie was primêr tussen die groepslede. Die groepslede het hul emosies onder mekaar gedeel, raad gegee, eie ervarings gedeel, mekaar tereggewys en mekaar gewaarsku waar nodig. Die lede het die geleentheid gehad om op verskeie vlakke, met hulself, met die terapeute en die ander groepslede kontak te maak. Hulle het die geleentheid gehad om hul ongemak ten opsigte van aandag, aanvaarding, insluiting of uitsluiting, behoort, onafhanklikheid en toegewydheid binne die groep deur te werk.

Die lede het tot 'n groter bewustheid gekom van hulself deur ware kontakmaking met ander, deur die terugvoer en reaksies van die groep en deur ander lede wat dieselfde probleme ondervind. Al bogenoemde aspekte word deur Early (2001:7-8) bevestig in sy bespreking van interaktiewe groepe.

Die groepslede het teenoor mekaar opgetree en gereageer soos hulle in die algemeen op 'n interpersoonlike vlak sou optree. Volgens Oaklander (1978:287) is juis hierdie proses van groot belang sodat die groepslede tot 'n bewustheid kom van watter gedrag vir hulle probleme bied en sodoende kan eksperimenteer met nuwe gedrag. In hierdie studie het die groepslede tot 'n groter bewustheid gekom van hulle eie prosesse en hoe hulle dit sal moet aanpas om self daarby te baat. Die bewustheid dat hulle self verantwoordelikheid vir hul lewens moet aanvaar het, sterk deurgekom.

Die groepslede het die groepsituasie as veilig ervaar. Hulle het gevoel dat hulle aanvaar word, erken word en dat daar gefokus is op wat is en nie op wat behoort te wees nie. Die groepslede het gevoel dat hulle ondersteun word, gehoor word, behoort het, belangrik is en deel vorm van iets. Daar was 'n goeie samehorigheidsgevoel in so 'n mate dat die groepslede mekaar kon

akkomodeer en van mekaar kon leer. Die groepslede het die groepswerk as positief ervaar en elke sessie geniet.

Die feit dat deelnemer Jo net een sessie bygewoon het was veelseggend vir die navorser. Dit het die deelnemer se hele lewensproses bevestig en die wyse waarop hy sy omgewing manipuleer om sy lewe te beheer. Sodoende hoef die deelnemer nie enige verantwoordelikheid te neem nie en bly hy onbewus van homself en sy emosies. Die ander groepslede het bewus geraak van deelnemer Jo se proses en hul misnoeë met sy gedrag te kenne gegee. Die groepslede het ervaar dat deelnemer Jo almal manipuleer om sy sin te kry en dat dit vir hulle onaanvaarbaar is. Deelnemer Jo gaan mettertyd meer ongemak met sy proses begin beleef.

Die individuele sessies het daartoe bygedra dat elke groepslid reeds 'n mate van bewustheid ontwikkel het, wat in die groepwerk verder ontwikkel kon word.

4.6.7 Prosesse in groepsverband

Die groepslede se prosesse is in al die sessies bevestig en ervaar wat meegebring het dat elke groepslid meer bewus geraak het van sy eie proses binne die groter groepsproses. Die groepslede het ook rolle binne die groep aangeneem wat hulle prosesse ondersteun het. Volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:91) moet die kliënt sy proses ervaar en insien om sodoende te besluit of dit vir hom aanvaarbaar is of nie. Die kliënt kan besluit of hy sy wêreld en die probleme daarin effektief hanteer of nie. Deelnemer Jo se proses het veral na vore gekom in die groep waar hy sy verantwoordelik vir homself nie self kon dra nie, maar’n groepslid gekies het om die verantwoordelikheid vir hom te dra. Hy het so onmiddellik sy beheer op ander oorgedra soos hy ook met die res van sy lewe doen.

4.6.8 Gedrag en emosies in groepsverband

Die groepslede het goeie kontak gemaak en was gemaklik met mekaar. Die groepslede het besef dat onbeheersde gedrag en emosies gevaar vir jouself en ander inhou. Hulle het ook gevoel dat om jou probleme met geweld op te los nie 'n oplossing bied nie, maar verdere probleme meebring. Die groep het ook daarvan bewus geword dat ander mense 'n invloed op

hul lewens, gedrag en emosies het, maar dat dit nog steeds elke groepslid se keuse gaan wees hoe hy die invloede gaan hanteer. Die groepslede het besef dat verandering net uit die self kan kom en dat hulle self vir hul gedrag en emosies verantwoordelik is. Emosies wat gedurende die sessies na vore gekom het, is verwerping, frustrasie, aggressie en woede. Deelnemer Jo het die verantwoordelikheid van sy emosies op 'n ander lid oorgedra. Hy het ook kontak binne die groep versteur wat dui op sy onbewustheid van homself, sy emosies en die emosies van ander.

4.7 DIE BENUTTING VAN GESTALTSPELTERAPIE

Die doelstelling van hierdie studie is om deur die benutting van Gestaltspelterapie, adolessente wat gedragsprobleme openbaar, bewus te maak van hulself, ten einde hulle toe te rus om hul lewensituasie meer toereikend te hanteer. Die navorser het inligting wat uit individuele terapie en groepwerk verkry is geanaliseer en vergelyk met die literatuur om sodoende te kyk na die belangrike konsepte en beginsels van die Gestaltterapeutiese benadering wat gebruik kan word in die werk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar. Die Gestaltterapeutiese benadering en prosesse is in sy geheel belangrik as daar gewerk word met adolessente wat gedragsprobleme openbaar. Gestaltspelterapie bied vir adolessente met gedragsprobleme die geleentheid om in voeling met hulself te kom en sodoende ander keuses te kan maak.

In hierdie afdeling word daar gefokus op die belangrikste aspekte in die Gestaltspelterapeutiese benadering wat daartoe bygedra het om bewustheid te bevorder, die rol van die terapeut asook 'n bespreking van individuele terapie teenoor groepwerk.

Gestaltterapie bied aan adolessente met gedragsprobleme die geleentheid om tot groter bewustheid te kom. Van die belangrikste aspekte wat hiertoe bydra, is:

- Die geheel: Die deelnemers is in die geheel benader en daar is nie net gekonsentreer op hul gedrag nie.
- Die konteks: Die deelnemers kan nie los van hul konteks gesien word nie. Hul konteks behels hul self, ander, hul veld, asook die ontwikkelingsfase waarin hulle is. Die konteks is baie bepalend van hoe die deelnemer verstaan word.

- Hier-en-nou: Die deelnemers is die heeltyd aangemoedig om in die oomblik te bly en kwessies uit die verlede of toekoms is slegs hanteer as dit 'n invloed op hul huidige funksionering gehad het. Die hier-en-nou dra by tot die bewustheid en kontak van die deelnemers.
- Prosesse: Die deelnemers is eerstens bewus gemaak van hul eie prosesse en hoe hulle hul lewens hanteer. Die doel van die terapie is dan ook dat die deelnemers meer bewus geraak het van hul eie prosesse. Die terapeutiese prosesse is deurloop en die deelnemers het groter bewustheid van hul self, hul denke, emosies en gedrag gehad. Hulle het ook meer bemagtig gevoel.
- Sensoriese bewustheid: Die deelnemers is van die begin geëvalueer of hulle sensories intak is, want dit is die basis van waar die deelnemers hul wêrelde beleef. Al drie deelnemers was sensories intak.
- Kontakmaking en die terapeutiese verhouding in geheel: Die Gestaltterapeutiese verhouding het die sukses van die studie bepaal. Die deelnemers het voldoende kontak binne die terapie bewerkstellig en dit was dan ook moontlik om aan die bewustheid te werk. Die deelnemers se kontakmaking en bewustheid buite die terapeutiese verhouding het ook verbeter.
- Ware dialoog: Die Gestaltterapeut en die deelnemers was albei toegewy aan die terapeutiese proses. Die terapeut het deur insluiting die deelnemers se lewens sover moontlik probeer begryp en verstaan en nie die terapeutiese situasie probeer manipuleer, oordeel of interpreteer nie. Die Gestaltterapeut het die deelnemers gesien soos wat hulle "is".
- Bewustheid: Bewustheid is die doel van die Gestaltterapeutiese proses en sodoende het die deelnemers elke sessie meer bewus geword van hul eie self, denke, emosies en gedrag.
- Weerstand: Weerstand word deur die Gestaltterapeut ervaar as deel van die deelnemers. Die deelnemers word ook daarvan bewus gemaak en dan kan dit hanteer word. Al drie deelnemers het weerstand gehad, maar deelnemer Jo het dit gebruik om kwessies te vermy wat hy nie gereed was om te hanteer nie.
- Verantwoordelikheid: Die deelnemers het almal hul verantwoordelikhede vermy omdat dit ongemak by hulle geskep het. Hulle het nie voldoende kontak en bewustheid gehad om verantwoordelikheid te neem nie. Hullle self was ook te swak. Later in die terapeutiese proses het hulle stadig begin om verantwoordelikheid te neem. Deelnemer

Jo het egter nie kans gesien vir die neem van verantwoordelikhede nie. Dit was vir hom makliker om sy omgewing te manipuleer om sy behoeftes te bevredig.

- Bemagtiging: Al drie kandidate het gevoel dat hulle geen beheer oor hul lewens het nie. Hulle het heeltemal ontmagtig gevoel. Die deelnemers het mettertyd meer bemagtig begin voel en was sodoende meer geneig om verantwoordelikhede te aanvaar.
- Selfvertroeteling: Die deelnemers is bewus gemaak van die nodigheid van selfvertroeteling. Die deelnemers het almal rekenaarspeletjies gesien as 'n bron van selfvertroeteling. Hulle het in beheer en bemagtig gevoel gedurende hierdie speletjies.
- Keuses en besluitneming: Namate die Gestalterapeutiese proses gevorder het, het die deelnemers meer bewus geraak van die rol wat keuses en besluitneming in hul lewens speel. Hulle het besef dat hulle self die keuses moet maak.
- Alternatiewe: Die deelnemers het deur die bewusmakingsproses besef dat hulle alternatiewe het om uit te kies. Hulle kon kies om te wees wat hulle "is".

4.7.1 Rol van die terapeut

Die volgende kan as die rol van die terapeut in haar werk met adolessente met gedragsprobleme gesien word, ten einde bewustheid te bevorder:

- Die terapeut moet 'n atmosfeer skep waarin die adolessente veilig voel.
- Die terapeut moet die adolessente as 'n geheel benader.
- Die terapeut moet oop wees vir ware kontakmaking en dit bewerkstellig.
- Die terapeut moet onthou dat sy nie alles kan regmaak nie, maar die adolessente moet help om hul eie proses beter te verstaan.
- Die terapeut moet die beheer aan die adolessente gee.
- Die terapeut moet die adolessente aanvaar en ervaar.
- Die terapeut moet nie interpreteer, oordeel of vooroordele hê nie.
- Die terapeut moet alle emosies of frustrasies wat in die pad van die terapeutiese proses staan, bespreek en uit die weg ruim.
- Die terapeut moet ten alle tye eerlik en oop met die adolessente wees om vertroue te versterk.

- Die terapeut is die "ander" vir die adolessent wat hul bewustheid versterk ten opsigte van hulself.
- Die terapeut help die adolessente om tot insig te kom van sy liggaam, gedrag, emosies en denke.
- Die terapeut help die adolessente om self te besluit waarmee hulle tevrede is en waarmee hulle ontevrede is.
- Die terapeut help ook die adolessente om bewus te raak van hul emosies en uiting daaraan te gee.
- Die terapeut help die adolessente om verantwoordelikheid te neem vir hul keuses en besluite.
- Die terapeut bemagtig die adolessente met iets wat werklik en eerlik is in hul wêreld.
- Die terapeut help die adolessent om vir hulself 'n veilige plek te skep waar hulle van alles kan ontvlug indien nodig.

4.7.2 Individuele terapie teenoor groepwerk

Die deelnemers het die groepwerk meer leersaam, prakties en positief gevind. Die groep het gevoel dat hulle die nodige erkenning, ondersteuning en aanvaarding in die groep vind. Hulle het ook ervaar dat hulle meer bewus raak van hulself deur na ander se ervarings te luister, deur ander se reaksies en die raad wat hulle mekaar kon gee. Die groep het ervaar dat daar binne die groep begrip is vir hulle situasies en hulle hul emosies, gedrag en denke met mekaar kon deel. Die deelnemers het ervaar dat die meeste van hul behoeftes binne die groepsituasie aangespreek is. Die groepsproses het 'n groter bewustheid geskep van hulself, hul keuses en besluite en verantwoordelikhede. Die groepsproses het tot ware kontakmaking gelei wat tot gevolg gehad het dat die adolessent sien watter effek hy op ander het. Die individuele terapie het volgens die navorser egter 'n goeie grondslag gelê vir die groepsessies. Die vertrouens-verhoudings was gevestig en daar was alreeds 'n groter mate van bewustheid. Die navorser is van mening dat groepsessies met adolessente wat gedragsprobleme openbaar meer suksesvol was as die individuele sessies. Meer behoeftes en probleme is binne die groepsessies hanteer. Die deelnemers het die groepsessies meer geniet.

In individuele en groepwerk het die adolessente die projeksietegnieke geniet. Die tegnieke en mediums wat uitgestaan het tydens die studie is die genogram, die roosboomtegniek, die

Jenga-blokke en die groepstekeninge. Hierdie tegnieke het na die navorser se mening bygedra tot die verhoudings binne die groep en het tot oop bespreking gelei. Hierdie tegnieke het ook bygedra tot 'n groter bewustheid deur die deelnemers self.

4.8 SAMEVATTING

Die empiriese hoofstuk omsluit alle inligting wat in die navorsing ingesamel is. Die inligting is ontleed aan die hand van die dataspiraalanalisie om sodoende die benuttingswaarde van Gestaltspelterapie met die adolessent wat gedragsprobleme openbaar te verken. Belangrike aspekte of bevindinge van die Gestaltspelterapie het in hierdie ontleding na vore gekom wat vir die Gestaltterapeut van onskatbare waarde kan wees in sy werk met adolessente met of sonder gedragsprobleme. Die aspekte word bespreek asook die rol van die Gestaltspelterapeut en die mediums en tegnieke wat uitgestaan het gedurende die navorsing. In die laaste hoofstuk word die spiraal voltooi deur te kyk of die doelwitte van die navorsing bereik is en verdere gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 5
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie studie is om deur die benutting van Gestaltspelterapie, adolessente wat gedragsprobleme openbaar, bewus te maak van hulself, ten einde hulle toe te rus om hul lewensituasie meer toereikend te hanteer. Hierdie doelstelling is bereik deur individuele sessies en groepwerk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar, te deurloop en die data wat ingesamel is, in hoofstuk 4 te beskryf.

Vervolgens word die doelwitte wat vir die studie gestel is, geëvalueer.

- **Doelwit 1 was om 'n literatuurstudie te doen van die relevante konsepte, naamlik die Gestaltterapeutiese benadering, Gestaltspelterapie en die terapeutiese proses (met spesifieke verwysing na bewustheid en perspektiewe op gedragsprobleme) en adolessensie, ten einde 'n goeie basis en vertrekpunt te vorm.**

  Die temas is deeglik en omvattend nagevors en beskryf in hoofstukke 2 en 3. Uit die literatuurstudie van die Gestalspelterapeutiese benadering kan afgelei word dat die benadering as 'n geheel belangrik is in die werk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar. Die aspekte wat die adolessent bewus maak van wie hy "is", is veral van belang. Die aspekte wat beklemtoon word is die vestiging 'n ware dialogiese Gestaltspelterapeutiese verhouding, die geheel, self, konteks, hier-en-nou, "topdog" en "underdog"-situasie, weerstand, bewustheid, verantwoordelikheid, keuses en alternatiewe. Die rol wat die Gestalspelterapeut speel in die toepassing van die Gestaltbeginsels is van kardinale belang. Adolessensie dui ook op 'n tydperk wat baie vereistes stel aan die adolessente wat betref veranderinge, ontwikkelinge, omgewingsinvloede en verwagtinge wat bereik moet word. Aspekte wat dikwels na vore kom, is fragmentasie en vervreemding, 'n gebrek aan bewustheid, kontakversteurings en weerstand, konflik en onvanpaste hanteringstrategieë, gebrek aan verantwoordelikheid en keuses, konteks en omgewingsinvloede. Hierdie aspekte het 'n

groot invloed op die adolessente se emosionele lewens en behoeftes en veroorsaak dikwels 'n gebrek aan empatie met ander en onvanpaste en onbeheersde gedrag en uiting van emosies. Die adolessente se konteks bepaal ook in groot mate wat hulle ervaar, dink, voel en hoe hulle optree. Doelwit 1 is volgens die navorser bereik deur bogenoemde onderwerpe deeglik na te vors en te bespreek.

- **Doelwit 2 was om aan die hand van gevallestudies die Gestaltspelterapeutiese proses, wat die adolessente seuns met gedragsprobleme deurloop het, te beskryf, die data te analiseer en teen die literatuur te kontroleer.**

  Die data is ingesamel deur behulp van die waarneming van drie individuele gevallestudies en groepwerk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar. Die Gestaltspelterapeutiese beginsels en terapie is gedurende hierdie fase van die navorsing toegepas en deeglik ondersoek en verken. Hierdie ondersoek het die meeste aspekte wat gedurende die literatuurstudie bevestig en ondersteun is beklemtoon. Die individuele gevallestudies het veral die belangrikheid van die Gestalspelterapeutiese verhouding benadruk. Die agtergrond van adolessensie en die toepassing van die Gestaltbeginsels, naamlik die benadering van die adolessent as geheel, die hier-en-nou, aanvaarding van dit wat "is", aanvaarding van weerstand, en selfregulering. Die groep het ware verhoudings en reaksies uitgelig, gedeelde belange, behoort tot, raad en advies van eie portuur, die uiting en hantering van emosies, die groepproses en algehele bewuswording. In hoofstuk 4 word die empiriese ondersoek duidelik en volledig weergegee en bespreek en literatuurkontrole word ook bespreek. Verskeie aspekte is beklemtoon met die integrasie van al die inligting. Uit die voorgenoemde hoofstuk kan afgelei word dat die doelwit bereik is en die navorser gaan as gevolg van die beperkte omvang nie die inligting verder omskryf nie.

- **Doelwit 3 was om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten einde 'n bydrae te lewer ten opsigte van die bewusmaking by adolessente met gedragsprobleme, deur die benutting van Gestaltspelterapie.**

  Hierdie doelwit word in hoofstuk 5 bespreek.

5.2 SAMEVATTING VAN ONDERSKEIE HOOFSTUKKE

In hierdie volgende gedeelte gaan die verskeie hoofstukke kortliks uiteengesit word om 'n groter geheelbeeld te vorm van die hele navorsingsproses.

5.2.1 Hoofstuk 1

Die navorsingonderwerp is in die studie gemotiveer deur die navorser se werk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar. Hierdie hoofstuk is hoofsaaklik die voorlopige beplanning van die navorsing. Die doelstellings en doelwitte word geformuleer wat aanleiding gee tot 'n navorsingsvraag. Die navorsingsvraag in hierdie navorsing dui op watter wyse die Gestaltspelterapie die adolessente wat gedragsprobleme openbaar lei tot 'n groter bewustheid van hul self. Die navorsing is kwalitatief van aard en het ten doel om teoretiese insigte te neem en in die praktyk toe te pas om sodoende aanbevelings en oplossings te bied. Die navorsingstrategie is om van gevallestudies gebruik te maak om die Gestaltspelterapeutiese proses beter te verstaan en so ook die belewenisse en ervarings van die adolessente. Die navorser gebruik spelterapeutiese sessies en groepwerk wat baie ooreenstem met die ongestruktureerde onderhoud. In hierdie navorsing word drie gevallestudies bespreek wat individuele Gestaltspelterapeutiese sessies en groepsessies deurloop het.

5.2.2 Hoofstuk 2 en 3

In hoofstukke word die inligting wat bekom is deur 'n deeglike literatuurstudie weergegee. In hoofstuk 2 word die Gestaltspelterapeutiese benadering en beginsels in diepte bespreek asook Gestaltspelterapie en die Gestaltspelterapeutiese proses. Die Gestaltspelterapeutiese ver-houding en die terapeutiese prosesse word veral hier beklemtoon. Die siening vanuit die Gestaltperspektief ten opsigte van gedrag word ook beskryf. In hoofstuk 3 word aandag gegee aan Adolessensie en die invloed wat dit op die adolessent het. Daar word gefokus op die adolessente as geheel en dek ontwikkelings op die fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale vlakke. Hierdie hoofstukke het 'n goeie basis gevorm vir die empiriese ondersoek.

5.2.3 Hoofstuk 4 en 5

Die empiriese ondersoek in hoofstuk 4 bevat die beskrywing van die drie gevalle studies en die prosessering, ontleding en integrasie van alle inligting deur die dataspiraalanalise en die literatuutkontrole. Uit die inligting van hoofstuk 4 word die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk 5 ,die finale hoofstuk, gedoen en bespreek.

5.3 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE STUDIE

Geldigheid en betroubaarheid is belangrike aspekte in navorsing. Dit is egter bykans onmoontlik om absolute betroubaarheid en geldigheid te bereik. Dit is egter die ideaal waarna navorsers streef. Geldigheid impliseer geloofwaardigheid. Dit demonstreek 'n akkurate identifisering en beskrywing van die betrokke onderwerp van studie. Betroubaarheid daarteenoor behels volgens bogenoemde outeur afhanklikheid of konsekwentheid. Dit impliseer dat dieselfde resultate herhaaldelik verkry sou word onder soortgelyke omstandighede (Neuman, 2006:188).

In hierdie studie het die navorser vooraf bepaal dat daar 'n behoefte vir die studie is en 'n duidelike probleem geformuleer. Dit het daartoe bygedra dat die onderwerp van die studie duidelik beskryf is. Dit blyk dus dat hierdie studie voldoen aan die beginsel van geldigheid.

Duidelike kriteria is uiteengesit vir die identifisering van deelnemers. Die navorsings-prosedures is ook stap vir stap uiteengesit wat daartoe bydra dat hierdie studie onder soortgelyke omstandighede herhaal kan word. Alhoewel absolute betroubaarheid moeilik is om te verseker, is die navorser van mening dat hierdie studie ook aan hierdie beginsel voldoen.

5.4 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie studie gemaak word, is slegs van toepassing op die individue wat aan hierdie studie deelgeneem het en kan dus nie verder veralgemeen word nie.

Hierdie gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak na aanleiding van die individuele sessies en groepwerk met die betrokke deelnemers. Gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak is, is gebaseer op (i) die konteks van adolessente wat 'n bydrae kon gehad het tot tot hul gebrek aan bewustheid, en (ii) relevante aspekte in Gestaltspelterapie wat moontlik daartoe bygedra het dat die adolessente met gedragsprobleme tot groter bewustheid gelei kon word.

(i) Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak na aanleiding van adolessente se konteks wat ’n bydrae kon gehad het tot hul gebrek aan bewustheid:

- Die veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, bring die adolessent dikwels in konflik met dit wat "is" en dit wat "behoort" te wees. Adolessente raak so onbewus van hulself dat hulle onvanpas optree of uiting aan emosies gee. Gestaltspelterapie gee die adolessente wat gedragsprobleme openbaar weer die geleentheid om terug te keer na hulself. Daar word aanbeveel dat adolessente deur ’n terapeutiese proses begelei word om meer bewus te raak van wie hulle is. Ouers mag ook baat by inligtingsessies waar hulle meer inligting rakende adolessente se ontwikkelingsfase ontvang om sodoende die nodige begrip te ontwikkel, ten einde hul kinders in hierdie fase te begelei.

- Adolessente wat gedragsprobleme openbaar is soms onbewus van hulself, hul denke, emosies en die effek van hul gedrag en daar word aanbeveel dat hulle deur die benutting van Gestaltspelterapie hiervan bewus gemaak word.

- Adolessente het soms ’n onvermoë om insig te toon in hul eie emosies en die van ander en vind dit makliker om onbedagsaam of onvanpas op te tree en uiting te gee aan hul emosies. Daar word aanbeveel dat hulle deur Gestaltspelterapie begelei word tot insig van hul emosies en gepaste wyses om uiting daaraan te gee.

- Die adolessente in hierdie studie het heelwat weerstand getoon en het die omgewing geblameer vir hul situasie. Hulle het begin om hul omgewing te manipuleer om vir hulle dinge te doen. Daar word aanbeveel dat die weerstand gedurende

Gestaltspelterapie hanteer word en adolessente daarvan bewus gemaak word, ten einde alternatiewe te ondersoek.

- Deur te manipuleer het die adolessente konflik vanuit die omgewing ontlok. Dit het veral konflik tussen die adolessent en sy ouers en onderwysers veroorsaak. Daar word aanbeveel dat ouers en onderwysers by die terapeutiese proses betrek word, ten einde enige konflik wat mag bestaan, te hanteer.

- Die adolessente was ook traag om verantwoordelikheid vir hulself te aanvaar. Die adolessente het hul verantwoordelikhede oorgedra aan die omgewing. Gestaltspel-terapie kan benut word om die adolessente te lei tot 'n groter bewustheid wat lei tot die neem van verantwoordelikhede.

- Die adolessente het emosies van ontoereikenheid, magteloosheid, onsekerheid ten opsigte van hulself en hul omgewing, aggressie, frustrasies, woede, verwerping en 'n gebrek aan stabiliteit ervaar. Die adolessente het min leiding ontvang hoe om hul emosies te hanteer en het volgens hul eie onbewuste en onstabiele situasies reageer. Die emosies is dikwels hanteer soos wat dit in die ouerhuis hanteer word. Deur die loop van die terapeutiese proses kan daar aan adolessente die geleentheid gebied word om bewus te raak van en uiting te gee aan emosies.

- Die adolessente met gedragsprobleme het verskeie behoeftes wat onbevredig is en waarvan hul onbewus is. Die adolessent poog om sy balans te herstel, maar op onvanpaste wyses. Dit is belangrik dat adolessente tot bewustheid van hul dominante behoeftes gelei word en gehelp word om dit op toepaslike wyse te hanteer.

- Die ondersteuning van die omgewing is van kardinale belang by die langtermyngroei en ontwikkeling van die adolessent wat gedragsprobleme openbaar. Daar word aanbeveel dat die nodige ondersteuning in die Gestaltspelterapeutiese verhouding op alle vlakke aan adolessente gebied sal word.

(ii) Die volgende gevolgtrekkings word gemaak en dien ook as aanbevelings na aanleiding van relevante aspekte in Gestaltspelterapie wat moontlik daartoe

bygedra het dat adolessente met gedragsprobleme tot groter bewustheid gelei kon word.

- Gestaltspelterapie bied aan die adolessente die geleentheid om in geheel na hulself te kyk en nie net te fokus op die gedragsprobleme nie. Die ouers en onderwysers is somtyds geneig om die kind te merk of te etiketteer en net op die gedragsprobleme te fokus. Die gedrag is dikwels net 'n simptoom.

- Gestaltspelterapie bied eerstens vir die adolessente wat gedragsprobleme ervaar 'n ware, veilige verhouding waar hulle heeltemal hulself kan wees. Die adolessente het gevoel dat hulle aanvaar, ervaar en erken word.

- Die individuele en groepgestaltspelterapie gee adolessente die geleentheid om weer bewus te word van hul liggaam, denke, emosies en gedrag. Die adolessente het veral in die groepsterapie hul emosies met mekaar gedeel.

- Gestaltspelterapie bevorder die hier-en-nou omdat baie adolessente kontak met die realiteit verbreek oor die baie onsekerhede.

- Die terapeutiese verhouding bied die geleentheid vir ware dialoog en ware kontak. Die terapeut is die "ander" vir die adolessente. Die groepsterapie het ook ware kontak en ware reaksies geskep. Die adolessente kon beleef hoe ander hul self, hul denke, gedrag en emosies ervaar.

- Die terapeutiese verhouding bevorder vertroue, bewustheid, eerlikheid en groei. Die adolessente kon in 'n verhouding staan waar vir hulle omgegee is en waar hulle behoeftes vooropgestel is.

- Gestaltspelterapie bied aan adolessente die geleentheid om hulself te sien hoe hulle "is" en nie hoe hulle behoort of wil wees nie. Die adolessente kan nou besluit of hulle hulself kan verbeter deur anders te dink, te voel of op te tree.

- Die Gestaltspelterapie bied aan adolessente die geleentheid om self verantwoordelikheid te neem en dan self die keuse te maak ten opsigte van alternatiewe gedrag. Die adolessente beweeg van omgewingsondersteuning na selfondersteuning. Hierdie stap was moeilik vir die adolessente, maar mettertyd het elkeen hulle behoeftes begin aanspreek en gepoog om verantwoordelikheid vir hul lewens terug te neem. Die omgewing en veral die adolessente se ouers het dit moeilik gevind om die adolessente te vertrou met hul eie lewens en besluite. Die ouers kon nie altyd laat gaan nie.

- Die Gestaltspelterapie se benuttingswaarde in die werk met adolessente wat gedragsprobleme openbaar is waardevol omdat dit die adolessent lei tot beter insig in homself en ander, hom verantwoordelikheid leer en meer emosioneel bewus van homself en ander maak. Die adolessente is geneig om meer beheers en vanpas op te tree. By al die adolessente was dit sigbaar hoe emosionele bewustheid hulle meer sensitief vir ander maak. Die terugvoer van die ouers was ook positief na afloop van die Gestaltspelterapiesessies.

- Die adolessente het gedurende die Gestaltspelterapiesessies geleidelik bewus geword van waar hulle hulself ondermyn en hulle verantwoordelikheid vir hulself.

5.5 VERDERE NAVORSING

Die volgende aanbevelings kan ten opsigte van verdere navorsing gemaak word:

- Omdat hierdie studie gedoen is as 'n skripsie van beperkte omvang, is die deelnemers beperk tot vier. Daar word aanbeveel dat die studie herhaal kan word met meer deelnemers van beide geslagte.
- Die belangrikheid van bewustheid word nog nie met die nodige dringendheid en respek deur die adolessente se omgewing bejeën of benadruk nie. Die redes hiervoor kan ondersoek en aangespreek word.
- Die afwesigheid van die sterk vader- of manlike rolmodel by adolessente seuns wat gedragsprobleme openbaar, het in hierdie studie sterk na vore gekom en regverdig verdere navorsing in hierdie verband.

5.6 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE

Die volgende kan as moontlike terkortkominge in die uitvoer van die studie gesien word:

- Die grootste tekortkoming is moontlik die feit dat die studie net beperk was tot adolessente seuns. Die ouderdomme van die seuns het gewissel van twaalf tot veertien jaar wat hulle in vroeë adolessensie plaas. Meer deelnemers en 'n groter verskeidenheid van deelnemers, byvoorbeeld meisies ook, sou die ideaal wees.
- Die navorser het ook in 'n sekere mate beperk gevoel tot die tegnieke wat gebruik is en sou van 'n groter verskeidenheid gebruik wou maak.
- Die benuttingswaarde van Gestaltspelterapie kan beperk word deurdat dit slegs deur persone wat opgelei is in Gestaltspelterapie benut kan word.

5.7 SAMEVATTING

Adolessente se veranderinge op kognitiewe, liggaamlike, emosionele en sosiale vlak bring hulle dikwels in konflik met hul omgewing, meer spesifiek hul ouers en onderwysers. Die doel van hierdie studie was om te bestudeer op watter wyse die Gestaltspelterapie adolessente wat gedragsprobleme openbaar, kan lei tot groter bewustheid van hul self, hul denke, emosies en gedrag. Drie adolessente wat gedragsprobleme openbaar, het die Gestaltterapeutiese proses, individueel en groepwerk, deurloop. Die deelnemers het aanvanklik 'n gebrek aan bewustheid van hul self, hul emosies, hul denke en gedrag gehad. Hulle kontak met hulself en omgewing was swak en hulle het verskeie kontakversteurings beleef. Die deelnemers was afhanklik van hulle omgewing en het geen verantwoordelikheid vir hulself geneem nie.

Namate die Gestaltspelterapie gevorder het, het die deelnemers meer bewus geword van hul self. Alle inligting uit hierdie gevallestudies dui daarop dat Gestaltspelterapie van onskatbare waarde is vir adolessente wat geteister word deur onsekerhede, veranderinge en invloede in die omgewing. Die belangrikste kenmerk van die Gestaltspelterapie wat veral na vore gekom het is die Gestaltterapeutiese verhouding, waar die adolessente in 'n veilige omgewing tot bewustheid kon kom, verantwoordelikheid kon neem en keuses uitoefen om met ander gedrag te eksperimenteer.

Die Gestaltspelterapie kan gedurende hierdie fase aan adolessente die geleentheid bied om weer tot bewustheid van hul self, hul denke, emosies en gedrag te kom om sodoende meer gepas op te tree en uiting te gee aan hul emosies. Die positiewe terugvoer deur onderwysers en ouers het ook bygedra tot die sukses van die studie. Gestaltspelterapeute, onderwysers en die adolessente self kan by hierdie studie baat.

BRONNELYS

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. **The Practice of Social Research.** Kaapstad: Oxford University Press.

Beisser, A.R. 1970. Paradoxical Theory of Change. In Fagan, J.& Shephard, I.L. 1970.**What is Gestalt Therapy?** London: Harper & Row Publishers.

Blom, R. 2006. **The Handbook of Gestalt Play Therapy: Practical Guidelines for Child Therapists.** Jessica Kinsley Publishers.

Coetzee, A. 1998. **Emosioneel Intelligent …Jy!** Pretoria: J.P. van der Walt

Crocker, S. F. 2001. " I-Thou" and its Role in Gestalt Therapy. **Gestalt!,** July 2000, vol.4, no.2.

Crocker, S.F. 2002. "Spirituality, Dialogue, and the Phenomenological Method." **Gestalt!,** Late Fall 2001, vol.5, no.3.

De Klerk, R & Le Roux, R. 2003. **Emosionele Intelligensie vir kinders en tieners.** Kaapstad: Human & Rosseau.

De Vos, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation.(*In* De Vos, A.S., Fouchè,C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* **Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaiks Uitgewers. P333-354)

Early, J. 2001 Healing Through Relationship in an Interactive Gestalt Group. (Gepubliseer in **B. Feder & R. Ronall,** Ed. A Living Legacy of Fritz and Laura Perls: Contemporary Case Studies,1996).

Estrup, L. 2000. "What's Behind The Empty Chair?" **Gestalt Therapy and Methodology.** www.gatla.org 7 February 2003.

Fouché, C.B. 2005.Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Fouchè,C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* **Research at Grass Roots: for the social sciences and human service professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. P267-272).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. (*In* De Vos, A.S., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* **Research at Grass Roots:for social sciences and human service professions** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 261-265)

Gouws, E. Kruger, N. & Burger, S. 2000. **The Adolescent: An Educational Perspective.** Johannesburg: Heinemann Publishers Ltd.

Gouws. E & Kruger, N. 1996. **The Adolescent: an educational perspective.** Johannesburg: Heineman Publishers Ltd.

Greeff, M. 2005. Information collection : Interviewing. (*In* De Vos, A.S., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* **Research at Grass Roots: for social sciences and human service professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 286-313)

Harris, J.B. 1998. **Working with Anger in Therapy – A Gestalt Approach.** Manchester: Manchester Gestalt Centre.

Hart, C. 1998. **Doing a Literature Review. Releasing the Social Science Research Imagination.** London : Sage Publications.

Horn, A. 2004. **Movement in Gestalt therapeutic intervention for adolescents with disruptive behavior tendencies.** Ongepubliseerde M-Thesis (MDIAC- Play therapy). Pretoria:Unisa.

Jacobs, L. 1998. "Dialogue and Paradox: In Training with Lynn Jacobs, the 'Dialogue-Maiden'". **Gestalt!,** Winter 1998,vol.2, no.1, p.1-11. (Part one).

Jacobs, L. 1998. " Dialogue and Paradox: In Training with Lynn Jacobs, the 'Dialogue-Maiden'".**Gestalt!,** Winter 1998, vol.2, no.2, p.1-13. (Part two).

Le Roux, R. & De Klerk, R. 2001. **Emosionele Intelligensie.** Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, D.A. Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998**. Menslike Ontwikkeling.** Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Molapo, D. & Van der Merwe, M. 2003. **I Can Counsel: A practical guide for teachers, parents, caregivers and young people.** Fourways: I Can Foundation.

Micucci, J.A. 1998. **The Adolescent in Family Therapy: Breaking the Cycle of Conflict and Controle.** New York: The Guilford Press.

Neethling, K. Quass, H. & Slabber, H. 1999. **Oopkop Ouers: skep 'n opwindendetoekoms vir kinders.** Van der Bijlpark: Carpe Diem Boeke.

Neethling, K. & Rutherford, R. 1999. **Oopkop ouers: Skep 'n opwindende toekoms vir kinders en tieners.** Van der Bijlpark: Carpe Diem Boeke.

Neuman, W.L. 2006. **Social research methods: Qualitative and quantitative approaches (6de uitgawe).** Boston: Pearson Education, Inc.

Oaklander, V. 1978. **Windows To Our Children.** Highland: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1999. Group Play Therapy From A Gestalt Therapy Perspective. **Handbook of Group Play Therapy: How to do it, how it works, whom its best for.** Redigeer deur Sweeney, D.S. & Hofmeyer, L. E. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Perls, F. Hefferline, R.F. Goodman, P. 1951. **Gestalt therapy : Excitement and Growth in the Human Personality.** Great Brittain: The Julian Press.

Perls, F. 1969. **Gestalt therapy verbatim.** Moab,UT: Real People Press.

Perls, F. 1976. **The Gestalt approaches and witnesses to therapy.** New York: Bantam.

Phillipson, P. 1993. **On Emotions**. Manchester Gestalt Centre (2001), www.123webpages.co.uk/user/index 2005.

Phillipson, P. 1998. **"Dialogue and Experiment".** Manchester Gestalt Centre, www.mgestaltc.force9.co.uk (2005)

.

Phillipson, P. 2001. **"Therapy of Self**". Manchester Gestalt Centre, www.mgestaltc.force9.co.uk (2005).

Polster, E. & Polster, M. 1973. **Gestalt Therapy Integrated : Contours of Theory and Practice.** New York: Brunner / Mazel Publishers.

Purcell-Lee, C.R. 2000. Dialogue and Being. Published in **Gestalt!**, Vol.4; No. 2, July 2000.

Schoeman, J.P. 2001. **Die Onontbeerlike Vaardigheid In Terapie Met Die Kind.** Wellington: Sentrum vir Spelterapie en Opleiding.

Schoeman, J.P. 2002. **ADVANCE COURSE IN PLAY THERAPY: notes and reading material.** Wellington: Centre for play therapy and training.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996.**Entering a child's world: A play therapy perspective.** Pretoria: Kagiso Publishers.

Seifert, K. & Hoffnung, R.J. 1997. **Child and Adolescent Development.** Boston: Houghton Mifflin Co.

Sigelman, C.K. & Rider, E.A. 2006. **Life-Span Human Development.** Belmont: Thomson Wadsworth.

Sills, C. Fish, S. Lapworth, P. 1995. **Gestalt Counseling.** United Kingdom: Winslow Press Ltd.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L., *eds* **Research at Grass Roots. for social sciences and human service professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 56-69)

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. *(In* De Vos, A.S., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* **Research in Grass Roots: for social sciences and human service professions**. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 192-203)

Yontef, G. 1993. **Awareness, Dialogue and Process.** Highland: The Gestalt Journal Press.

Zaaiman, S.J. 2003. **Navorsing.** Aantekeninge verkry uit die Navorsingswerkswinkel. Wellington: Hugenote Kollege.

BYLAAG A: ETIESE KODE EN VERTROULIKHEIDSKONTRAK

Hiermee onderneem ek, om:

- Die moontlike gevolge van die studie sorgvuldig te oorweeg
- Te verseker dat deelnemers ingeligte besluite neem ten opsigte van hul deelname aan die studie
- Die deelnemers deelnemers se privaatheid, identitiet en waardigheid te respekteer en dat die deelnemers die keuse gegun word om te weier of te onttrek indien hulle dit sou nodig vind
- Te sorg dat die deelnemers beskerm sal word teen enige ongeoorloofde fisiese, verstandelike of geestelike ongemak, angs, beserings, gevaar of benadeling
- Die bespreking van die gevalle te beperk vir alleen professionele doeleindes en met mense wat direk professioneel betrokke is by die gevalle
- Alle inligting wat uit die gevallestudies verkry is, vertroulik te hanteer
- Slegs krediet te neem vir die resultate wat direk kom van hierdie studie se navorsingsproses en erkenning sal gee vir die bydraes van ander bronne

(Geen finansiële vergoeding sal aan die deelnemers betaalbaar wees nie.)

Geteken:_____ Datum:_____

NANETTE VAN DALEN

BYLAAG B: GROUPWORK CONTRACT

1. I _____ hereby undertake to keep all the information that comes from the group sessions confidential and would only discuss it in the group therapy sessions.

2. To protect myself and other groupmembers, I undertake to keep my own identity and that of the other members confidential.

3. I hereby also undertake to give my total cooperation and presence in the group therapy sessions so that we can all fully benefit from the groupwork.

4. With this contract I give my permission that all the information gathered in the group therapy sessions (including the video recordings) may be used for further research.

5. Any other relevant issues: _____

_____

_____

_____

_____

Date:_____ Place:_____

Signature of participant Signatures of therapist

_____ _____